

DIE GODFAMILIE VISIE

Hier is die enigste boodskap wat ons met hoop sal vervul. Dit handel oor God se regering en vrede wat na die hele heelal gebring moet word. Dit is die ware evangelie wat die mensdom nog nooit verstaan het nie.

GERALD FLURRY

DIE GODFAMILIE VISIE

DEUR GERALD FLURRY

Hierdie boekie mag nie verkoop word nie.

Dit is gratis opvoedkundige diens
in openbare belang, deur die
Philadelphia Church of God gepubliseer.

© 2013, Philadelphia Church of God

Alle Regte Voorbehou

Gedruk in die Verenigde State van Amerika
Bybeltekse in hierdie publikasie is ontleen vanuit die
“King James” vertaling, tensy andersins vermeld.

Christus het na die aarde gekom om die Vader te verklaar—die Godfamilie. Hy het nie hierheen gekom om, soos die wêreld glo, Homself te verklaar nie. Hierdie misleidende lering is die rede waarom die wêreld nie God se plan vir die mensdom verstaan nie. Hulle is in die duister. Só ook is die meeste van God se eie mense!

Hier is die enigste boodskap wat ons met hoop sal vervul. Dit handel oor God se regering en vrede wat na die hele heelal gebring moet word. Dit is die ware evangelie wat die mensdom nog nooit verstaan het nie.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1

Die Godfamilie Woordvoerder.....	1
----------------------------------	---

Hoofstuk 2

Hanna se Familie Visie	21
------------------------------	----

Hoofstuk 3

Hoëpriester se Opstandige Seuns.....	36
--------------------------------------	----

Hoofstuk 4

Bekendmaking van die Vader	60
----------------------------------	----

Hoofstuk 5

Waar is die God van Oordeel?	71
------------------------------------	----

Hoofstuk 6

God se Verbond met Levi.....	84
------------------------------	----

Hoofstuk 7

'n Boodskap nie Oorgedra nie.....	104
-----------------------------------	-----

Hoofstuk 8

Vernuwing van die Elia Werk.....	122
----------------------------------	-----

Hoofstuk 9

Die Hoop van die Evangelie	139
----------------------------------	-----

Hoofstuk 1

Die Godfamilie Woordvoerder

WAAR IS DIE BEGIN VAN DIE BYBELVERHAAL? DIT IS NIE, SOOS die meeste sou veronderstel, die eerste vers van die Bybel nie, “In die begin het God die hemel en die aarde geskape” (Génesis 1:1). Die eerste vers in die *Evangelie volgens Johannes*, handel oor ‘n tyd lank voor menslike ervaring, lank voor die heelal en selfs lank voor die engele. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Johannes 1:1). Kronologies dateer Johannes 1:1 in werklikheid Génesis 1:1.

Waarom, van al die boeke in die Bybel, in besonder die evangelies, sou *Johannes*, hierdie weergawe gee? Johannes het sy evangelie lank na die ander drie—Matthéüs, Markus en Lukas—geskryf. In werklikheid was hy dus in staat om ons baie meer diepte te gee.

Johannes se Evangelie is die diepsinnigste van die vier, want—soos die Bybel openbaar—het hy ‘n spesiale verhouding met Christus gehad. Hy het ‘n dieper begrip gehad wie Christus werklik was. Reeds, omdat hy die langste van al die apostels geleef het, het hy ook meer tyd gehad om hierdie boodskap te oordink.

Johannes is die enigste bybelse skrywer, wat oor *die Woord* gepraat het. (Hy het ook die boeke van 1, 2, en 3 Johannes en Openbaring geskryf. In 1 Johannes en Openbaring het hy ook “die Woord” gemeld). Wat is die betekenis van “die Woord?” Wie is die Woord? Waarom was Johannes die enigste evangelie skrywer om melding van die Woord te maak?

DIE ONTSAGWEKKENDE “PLAN B”

“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Johannes 1:1). Hier word twee Wesens bespreek. God en die Woord. Soos Herbert W. Armstrong in sy meesterlike boek *Geheimenis van die Eeue*, duidelik uiteengesit het, het hierdie twee *een God* gemaak—soos een familie. Hulle was beide God in dieselfde mate as wat twee lede van dieselfde familie beide *Smith* kan wees.

Die verhaal van ‘n verbygegane ewigheid word in hierdie een vers vertel. Hier was ‘n “tyd” waar daar slegs God en die Woord was. Daar was nog niks—selfs nie ‘n enkele engel—geskape nie.

Kan daar ‘n meer kragtige inleiding in die hele Bybel wees? Johannes was een van “die seuns van die donder” (lees Markus 3:17) en wat ‘n daverende inleiding tot hierdie evangelie—wat die leser tot *voor* die plan met engele, ‘n tyd toe daar slegs God en die Woord was, terugneem.

Hoekom? Hoekom gaan hy terug tot selfs voor die plan met engele? Waarskynlik weens dit wat met Lucifer en ‘n derde van die engele gebeur het. Daardie plan—ons kan dit “Plan A” noem—het misluk. Lucifer, wie se naam letterlik *ligbringer* beteken, het lig gebring, maar daar het toe iets tragies gebeur. Hy het dié lig verloor. God en die Woord het in alle ewigheid in eensgesindheid en liefde saamgeleef. Nadat die engele geskape was, het Lucifer en ‘n derde van die engele rebelleer. En *vir die eerste keer ooit in die heelal*, was daar opstand, onenigheid en ‘n gebrek aan liefde.

God het Johannes nie geïnspireer om oor daardie rebellie in Johannes 1:1 te praat nie, want God het nou ‘n ander plan gehad—‘n beter plan!

Die engele—wie gestuur was om die aarde te verfraai en wie dan sou kwalifiseer om dieselfde met die heelal te doen—het misluk. God moes dus ‘n ander plan verorden. Hy het ‘n “Plan B” gehad, net ingeval iets soos hierdie sou gebeur. Plan B was in werklikheid ‘n *familie* plan. God het besluit dat indien Hy nie die engele sover kon kry om die taak te verrig nie, Hy Homself in die mens sou herskep en ‘n familie sou skep.

Dit was ‘n plan waarvan slegs die *mensdom* deel kon wees! Dit was nie aan Lucifer en die engele gebied nie. Nou, word die mens in die familie van God in genooi!

Maar Plan B het enorme risiko ingehou! God het nou die kans gewaag om *die Woord* te verloor, wie later deur generering in die maagd Maria, sy Seun geword het. Die Woord sou Homself van sy ewige heerlikheid moes ontledig en sou as ‘n sterflike mens, ‘n volmaakte lewe moes leef, ten einde as die ongeskonde offerlam te kwalifiseer, om die ontsaglike prys vir die sonde van die hele mensdom te betaal (Johannes 1:14). Wat sou gebeur indien die Woord sou sondig? Sy dood sou dan slegs vir sy eie sondes betaal en dit sou nie moontlik gewees het om Hom op te wek nie. Dit sou slegs een God oorlaat en geen Verlosser—geen familie, geen toekoms vir die mensdom nie!

Dit mag heel moontlik wees waarom God dit Plan B, gemaak het—omdat dit so riskant was! Stel u voor, dat God, die een wat die Vader geword het, alleen, vir ewig in die groot heelal sou wees—natuurlik saam met twee derdes van die engele, maar nietemin sonder die Woord, sy enigste ewige metgesel. Slegs God en die Woord het geen begin van dae nie.

Natuurlik is dit nié wat gebeur het nie. Die Woord—Jesus Christus—het na die aarde gekom en *geslaag*.

VOOR DIE BEGIN

“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” Wat het God en die Woord gedoen voordat hulle die engele en die heelal geskape het? Dit is ‘n goeie vraag en een wat God nie regtig in die Bybel beantwoord nie. Ons weet alles van die *geheim* van God en die Bybel, soos dit in *Geheimenis van die Eeue* openbaar is. Maar wat van die geheim voor die eeue?

Daardie kennis sal ongetwyfeld openbaar word *nadat* mense as geestelike wesens in God se familie gebore is. Daar is steeds baie wat ons nie weet nie. Dit is opwindend om oor na te dink. Johannes kom nader aan die antwoord as enige ander skrywers van die Bybel. Dink hieroor: Miskien het God hom ‘n vlugtige blik gegee van hoe dit was, weens sy *spesiale verhouding* met Christus. Wanneer u naby aan God is gebeur daar groot dinge. God wil daardie selfde verhouding met elkeen van ons hê.

Hoeveel het Johannes geweet? Hoeveel het Christus hom vertel, terwyl Hy met hom gesels het? Christus het gesê dat Hy

Johannes op 'n *spesiale* wyse liefgehad het—hy was “die dissipel vir wie Jesus liefgehad het” (Johannes 13:23; 20:2; 21:7, 20). Nie dat Jesus hom *meer* lief as die ander gehad het nie, maar miskien kon Hy met hom oor dieper onderwerpe gesels, as wat Hy met die ander kon. ‘n Mens wonder wel waarom die ander evangelie skrywers nie oor die *Woord* geskryf het nie.

Johannes sê: “In die begin.” Ons moet ons aandag op hierdie tyd, lank voor Génesis 1:1 fokus. Selfs dan is die uitdrukking “in die begin” nie heeltemal voldoende nie. Dit is slegs ter wille van ons. God het nie ‘n begin nie. Hy bewoon die ewigheid (Jesaja 57:15). Dit beteken daar was *geen tyd* nie—as u dit kan begryp!

Waarom moet ons probeer om hierdie begrippe te verstaan? Wel, as ons *ewige* God wesens gaan wees, dan moet ons aan die ewigheid dink! U moet God se perspektief hê; God dink nie oor *tyd* soos ons daarvoor dink nie (2 Petrus 3:8). Deur middel van Johannes se openingsmededeling in Johannes 1:1, berei God ons voor om in terme van die *ewigheid* te dink! Watter besielende diepte moet ons nie na strewe, om te kan begryp nie!

DIE WOORD—DIÉ “LOGOS”

In die “begin” was die *Woord*—die Griekse woord is “*Logos*,” wat Woordvoerder beteken. Die “*Logos*” is die Woordvoerder vir die Godheid. Daarom het Hy met ‘n *boodskap* na die aarde gekom. In die eerste Hoofstuk van Johannes word dit onweerlegbaar duidelik gestel. En tog, hoeveel verstaan dit?

Probeer asseblief om dit te begryp: Die uitdrukking “die *Wood* was *by* God” verwys nie na ‘n *plek* of *ruimte* nie; dit *beteken* dat Hy geestelik *mét* Hom was. Hy was *mét* Hom in eensgesindheid. Hy was in alle ewigheid, onderworpe aan God. Hy het die voorbeeld aan *alle* mense gestel hoe om onderworpe aan die een wat nou die Vader genoem word, te wees!

Ons verstaan dat daar twee wesens is, maar *een absolute Godheid*. Twee Wesens, met een wat aan die ander onderworpe is. Dit het so vir *alle* ewigheid gewerk. God wou toe hierdie lewenswyse uitbrei om ander geestelike wesens in te sluit.

Daarom het God die engele geskape en aan hulle die geleentheid gebied om ‘n grootse, wonderbare werk te doen.

Maar ‘n derde van die engele het *rebellee*. Lucifer en hierdie engele het teen hulle Skepper oorlog verklaar (Jesaja 14:12-14; Openbaring 12:3-4). Nog nooit vantevore het so iets gebeur nie!

Satan het werklik geglo dat hy ‘n ander lewenswyse as God s’n, suksesvol kon deurvoer—dat hy *op een of ander manier* teen God kon rebellee en sy weg van kompetisie kon laat werk. Kyk na die resultate in Génesis 1:2: “En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed”—verwoesting! Die ander twee derdes engele was in staat om getuies van daardie verwoesting te wees en aan die vrugte van Lucifer se opstand te sien dat sy lewenswyse nie gewerk het nie.

Ons moet ook hierdie lesse leer! Vergelyk dit met wat vandag in God se Kerk aan die gebeur is. Baie het Laodicees (louwarm) geword en *dit sal nie werk nie*. Hulle behoort dit te weet. Hulle was geleer dat dit nie sou werk nie, maar die meeste van hulle glo dit nie. Die bewyse is oral rondom hulle—hulle kan nie die werk van God doen nie, want hulle is in ‘n toestand van opstandigheid.

Ten spyte van die engele se rebellie, wou God steeds sy pragtige lewenswyse uitbrei. God het gesien dat die engele nie in staat is om hierdie aarde en die heelal te regeer nie. Die enigste wyse waarop daardie doelwit bereik kon word was vir God om Homself in die mens te herskep. Nadat Lucifer God se teenstander geword het, het God in die vorm van ‘n mens gekom en met Johannes en die ander dissipels oor *die Vader en die Seun* gepraat. Dit was nie slegs meer God en die Woord nie, alhoewel hulle steeds hierdie rolle ook vervul. Die Seun is steeds die Woordvoerder. Nietemin, is dit nou ‘n Vader/Seun-verhouding—‘n *familie* verhouding!

Waarom die verandering? Waarom wil God hê dat ons aan Hom in terme van *familie*, dink? Nie net as *God* nie, maar as Vader en Seun? Die rede, soos u deurlopend in hierdie boek sal sien, is diepgaande: Dit is omrede Hy nou sy *familie* vir mense oopstel!

Dit is baie diep en sal u werklik moet konsentreer om hierdie ongelooflike waarheid te begryp!

Die engele was nooit die geleentheid gebied om lede van die Godfamilie te wees nie. Soos dit in Hebreërs 1 geskryf staan, het God nooit die engele sy seuns genoem nie. Maar wanneer Hy na dié mens verwys gebruik Hy terme soos

Vader, Seun, familie, kinders, seuns van God en bruid van Christus. Dit is iets dramaties nuut en wonderlik!

Dink na oor hierdie geleentheid! God en die Woord het Vader en Seun geword—en die familie van God is nou vir die *hele* mensdom oopgestel! Dit is iets wat ondenkbaar is sonder God se hulp! Tensy God u help, is dit té ontsaglik, té wonderlik, om te verstaan.

Johannes het die *Woord* vier keer in sy geskifte gebruik: Johannes 1:1; 14; 1 Johannes 1:1; Openbaring 19:13. Kom ons kyk na die oorblywende drie verse.

DIE “LOGOS” VLEES GEMAAK

Johannes het verstaan wat ‘n wonderlike ding met Christus se lewe gebeur het; hy was in verwondering. Johannes 1:14 meld, “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—(en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom)—vol van genade en waarheid.” Die Woord was die enigste God wie ooit na die aarde gekom het, wat deur God in ‘n vrou gegeneer en as ‘n mensekind gebore is. Daar was ‘n tyd in die Godheid dat die Woord *weg was*—Hy het weggegaan om ‘n enkel sel binne-in ‘n vrou, later ‘n fetus en toe ‘n kind te word!

God—die een wie die Vader geword het—het ons deur die Woord geskape (Efësiërs 3:9; Johannes 1:3). Een van hierdie onsterflike wesens het al sy mag opgegee! Waarom? Uit liefde vir ‘n familie—selfs al sou dit beteken om *alles* te waag.

Dit is *waarom* Johannes so in verwondering was. U kan hierdie begrip nie behoorlik deurgrond tensy u baie *bid* nie! As u hierdie geestelike visie nie verstaan nie, sal u in geestelike moeilikheid wees. Dit is waarom daar vandag ‘n Laodicense Kerk is. Openbaring 3:20 wys dat lede van God se *eie* Kerk in die eindtyd eeu *hierdie visie*—die familie visie—verloor het. Hulle onthou nie die Woord nie, ook onthou hulle nie wat Hy vir hulle gedoen het en hoeveel God hulle liefhet nie.

‘N KLEED IN BLOED GEDOOP

Neem kennis van Openbaring 19:13. “En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: *Die Woord*

van God.” Die Woord het afgekom na die aarde toe en onder mense kom woon, en mense het hom *doodgemaak*.

Natuurlik het Hy dit so beplan. Hy was die Skepper van die hele mensdom en aangesien die Skepper se lewe meer werd is as sy hele skepping, kon sy dood die boete betaal vir die sondes van die hele mensdom, wanneer hul tot bekering kom. Dit is wat dit geverg het om een of een miljoen of ‘n honderd biljoen mense in God se familie te kry! *Daar was geen ander manier nie.* Daar was ‘n wet en God—nie ‘n man nie, nie ‘n bok nie, nie ‘n bul nie, soos dit in Hebreërs 10:1-4 geskryf staan—maar God moes sterf.

Besef, dat dit alles gedoen was om dit vir u moontlik te maak om ‘n lid van God se familie te kan wees. U sal dit nooit kan verstaan tensy u op u knieë, gereeld daaroor bid en diep in hierdie ongelooflike waarheid instudeer nie—dat ‘n God moes sterf om dit alles moontlik te maak!

Hierdie groot Woord het hom altyd aan God onderwerp—vir *alle ewigheid*. Dit is ‘n ongelooflike waarheid. Nietemin, selfs meer merkwaardig is die feit dat hierdie ewig volmaakte, skitterende Wese vir u *gesterf* het.

Maar die ontsaglike diepte van hierdie “Logos” visie eindig nie met sy offer nie. Neem kennis van Openbaring 19:7: “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want *die bruilof van die Lam* het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.” Diegene wat in God se Kerk ingeroep word voor Christus se wederkoms het nie alleen al hierdie ander seëninge nie, maar hulle het die eer en die geleentheid om die *bruid* van die Woord te wees! Daardie God het gekom en *gesterf*. Sy kleed was in bloed gedoop en nou gaan Hy met diegene trou wat die moed en die visie het om te sien wat Hy vandag doen.

Hierdie Woord, of Christus—die een wat sy kleed in bloed gedoop het—is die *skakel* tussen die Vader en die mens! Sonder Hom sou ons geen toegang tot die Vader hê, geen vergifnis vir ons sondes en geen potensiaal om eendag, soos Christus opgewek was, in God se familie as ewige Godwesens opgewek te kon word nie. Maar as gevolg van Hom en as gevolg van sy ondeurgrondelike liefde vir ons, sy skepping, is dit alles moontlik. Dit is die besondere soort liefde wat Johannes poog om ons te laat verstaan.

VAN DIE BEGIN AF

Die ander plek waar Johannes *die Woord* noem, is in 1Johannes 1:1 “Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande *die Woord* van die lewe.” Die vroeë Nuwe Testamentiese Kerk het Hom *gesien*, met Hom *gesels*. Hulle het Hom gedruk, Hom op die rug geklop.

Johannes het die punt probeer tuisbring dat die man wat hulle as Christus geken het, *die Woord* was—die “Logos”—wie vanaf die begin by God was! Hy neem hulle terug na die ewigheid van die Woord se geskiedenis. Johannes het gewonder hoe hierdie mense in die eerste era van God se Kerk van hierdie grootse Woord kon wegdraai, aangesien Hy nog so kort gelede by hulle was! Die meeste van hierdie mense het weggeval omdat hulle geweier het om te verstaan. Hoe tragies!

Johannes het hierdie brief gedurende ‘n afgryslike tydperk geskryf. Hy was heel waarskynlik op die eiland Patmos, waarheen hy verban is. Terwyl hy daar gevangene gehou was, het sekere leraars teen dit wat hulle geleer was gerebelleer. Omdat hulle hierdie bonatuurlike visie verloor het, het hulle *tydens Johannes se afwesigheid* begin om eienaardige dinge aan te vang. Diegene in God se Kerk vandag het sommige opvallend soortgelyke probleme ervaar. Johannes het in tye geleef wat kenmerkend van hierdie laaste dae is. Dit is waarom dit vir ons so belangrik is om sy geskrifte diep te verstaan.

Let op vers 2: “[E]n die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is.” Johannes het hulle gevra, *besef julle dat hierdie Woord wat ons geken het, by die Vader was en na hierdie aarde afgekom het?* Dit was daardie groot Wese wie ‘n eenvoudige man geword en sy klee in bloed laat doop het. Dit was die Woord! Dit was God in die vlees. Kán u dit begryp?

Die *skakel* tussen die Vader en u, is hierdie Woord. Ons is almal sondaars (Romeine 3:23; 5:12) en dus het ons *almal* sy bloed nodig om ons gruwelike sondes te bedek. Wat ‘n gebaar van liefde van sy kant! Hoe kan u egter die liefde wat God vir die mens het, beskryf? Wat ‘n plan!

“Wat ons gesien en gehoor het, *verkondig ons aan julle*, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus” (1Johannes 1:3). Hulle het Hom gesien, hulle het Hom gehoor. Dit is wat Johannes verklaar het. En dit was vir Johannes onbeskryflik frustrerend dat so baie van hulle dit nie begryp het nie.

“Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar ‘n ou gebod wat *julle van die begin af* gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle *van die begin af* gehoor het” (1Johannes 2:7). Johannes het aangehou om die sinsnede *van die begin af*, te gebruik toe hy aan die Kerk van die eerste eeu geskryf het—in ‘n poging om hulle te laat insien waarvan hulle ‘n deel was.

God het belowe dat Hy Elía sou stuur om alles te herstel (Matthéüs 17:10-11). Johannes die Doper het ‘n tipe van hierdie rol vervul (verse 12-13), maar in die Filadelfia era van die Nuwe Testamentiese Kerk van God was daar ook ‘n *eindtyd* vervulling van daardie rol (Openbaring 3:7-8). Wanneer Johannes die “van die begin af” sinsnede gebruik het, het hy van die Woord gepraat. In dieselfde opsig behoort ons na die eindtyd Elía terug te gaan—wie ons van die “Logos” geleer het! Niemand het soos mn. Armstrong oor die “Logos” gepraat nie! As gevolg van hom het God se mense alles daaromtrent, *van die begin* van die Filadelfia era af, gehoor.

“Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken” (1Johannes 2:13). Dit is wat Johannes se hart gebreek het. Hulle het die Woord, wat ‘n man geword het, geken. Hulle het dit van die begin af geweet—die getransformeerde Woord wat hulle aangeraak, mee gepraat en liefgehad het. Maar toe het hulle van sy boodskap begin afdwaal. Hulle was besig om die groot visie van die “Logos” te verloor!

Vers 24: “Wat julle dan *van die begin af* gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook *in* die Seun en in die Vader bly.”

Dit is ook ‘n profesie vir hierdie eindtyd. Wat ookal ons vanaf die begin van ons roeping en bekering gehoor het, moet in ons wees. *Ons word daarvoor aanspreeklik gehou*, want ons het dit van die begin af gehoor, van die eindtyd Elía wie *alles* herstel het.

In 2 Johannes 5 staan geskryf, “En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek u ‘n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.” Hulle was besig om dit wat hulle van die begin af gehad het, te verloor. Dit is baie maklik—en algemeen—om nie aan God en sy waarheid getrou te bly nie. Daardie feit word deur die geskiedenis bewys, sowel as baie profesieë oor God se mense in hierdie eindtyd.

Vers 6: “En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy Gebooie. Dit is die gebod soos julle *van die begin af* gehoor het dat julle daarin moet wandel. Hulle word herhaaldelik deur Johannes na die “*Logos*” terugverwys. Hy het hulle van sy ondervindinge met die “*Logos*” vertel. Hy het emosioneel gesmeek, want hy het so baie tyd spandeer met hierdie ewige God wat in die vlees gekom het. (Vir meer inligting, vra ons gratis boekie “*From the Beginning*” aan).

DIÓTREFES

Let op wat Johannes in sy derde brief, terwyl hy waarskynlik steeds op Patmos was, geskryf het: “Ek het aan die gemeente geskrywe [hy kon nie daarheen gaan nie], maar Diótrefes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie. Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met slegte woorde teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en werp hulle uit die gemeente” (3Johannes 9-10).

Wat anders as gevangenskap kon Johannes verhinder om persoonlik so ‘n ernstige Kerkkrisis aan te spreek?

Het enigiets soos dié, in hierdie eindtyd gebeur? Ja, inderdaad! Daar is ‘n eindtyd Diótrefes wat mense uit God se Kerk werp. In hierdie eindtyd draai die meeste van God se mense weg van Hom, omdat hulle blindelings die verkeerde leiers gevolg het. Ons moet leer om die “*Logos*” te volg—en nie enige man nie.

Paulus, wie saam met Johannes gewerk het (lees Handeling 15), het ‘n soortgelyke probleem gehad. In Kolossense 2, het hy aan die Kolossense en Laodiceërs gedurende die Éfese era, geskryf. Die *Laodiceërs*, nie die

Kolossense nie, was besig om weg te draai, net soos in hierdie eindtyd. Die Laodiceërs se opstand in die eerste eeu is 'n tipe van die laaste eeu se opstand. Die louwarm toestand is dieselfde siekte in enige eeu. Dit maak die boeke wat dit bespreek (Kolossense: 1, 2 en 3 Johannes) profeties!

Die Éfese era het weggedraai (Openbaring 2:1-7) en hulle eerste liefde verloor en sommige van hulle het louwarm geword. Elke era het sy vernaamste sonde, maar is ook aan sommige van al sewe dié ander eras, se sondes skuldig. Johannes het ook sy Laodicese mense gehad. Hulle het net van hom—en van God en die “Logos,” weggedraai. Hulle het vanaf die God weggedraai wat in die vlees gekom het, sy kleed in bloed vir hulle gedoop het en hulle 'n posisie as sy bruid aangebied het! Hulle het na dinge, genot, vermaak en die wellus van hierdie wêreld gedraai. Hulle het dit verkies bo dit wat die “Logos” hulle aangebied het! Wát 'n afskuwelike, skandelige sonde!

Sommige tydperke in die Kerk van God is nie baie positief nie—die eerste en laaste eeue in besonder.

Die meeste van God se mense het in hierdie eindtyd weggedraai. Ons het dieselfde taak as Johannes: “*Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle.*” Indien ons hierdie diepsinnige waarheid oor die Woord verstaan, dan sê God dat ons dit liever moet verklaar of hulle bloed sal op ons hoof wees! (Eségiël 33).

“En ons skrywe hierdie dinge aan julle sodat julle blydskap volkome kan wees” (1 Johannes 1:4). Die naam *Johannes* beteken “God is barmhartig.” God is 'n barmhartige God. Hy is nie wreed soos baie in hierdie wêreld Hom sien nie. Hy wil hê dat ons volkome blydskap moet ervaar—om waarlik gelukkig te wees. Ons sal wees indien ons hierdie dinge verstaan. Dit is 'n waarborg van God.

SKEPPING VAN 'N FAMILIE

Wanneer 'n man en sy vrou 'n gesin begin, tref die emosionele sy daarvan hulle amper soos 'n uitklophou. Ewe skielik sien hulle 'n klein *kindjie* uit die moeder kom en daar is *lewe!* 'n Menslike lewe wat voorheen nie bestaan het nie!

Tog sal sommige ouers, wanneer hulle die natuurlike liefde wat God in ouers geskep het, verloor, hulle eie kinders

verlaat—hulle eie vlees en bloed. Jesus Christus doen presies die *teenoorgestelde*. Hy het gekom en vir God se seuns *gesteef*. Dit is hoe ver Hy sal gaan om kinders te *red*. Hoeveel mense tree so op? Dit is 'n liefde wat ons nie verstaan nie, behalwe soos wat God dit aan ons openbaar. Ons taak is om die voorbeelde van die Woord te volg (1 Petrus 2:21).

Die *Woord* verteenwoordig 'n groot visie. Hy is die Woordvoerder van die Vader. Die Woord het die indrukwekkende rekord dat Hy *nooit*, *ooit* teen die Vader rebelleer nie. Dit is die enigste manier waarop Hy vir u kon sterf. *Een sonde*, terwyl Hy hier op aarde was en dit sou vir Hom en ons, vir ewig verby gewees het! Dit sou nooit moontlik gewees het indien Hy nie so volmaak aan God die Vader gehoorsaam was nie. Dit is die volmaakte voorbeeld wat ons moet nastreef.

Onthou Génesis 1:26: “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis.” Ons lyk soos God, *nie* soos diere nie. God het die diere volgens dié diersoort geskep. Die *mens*, volgens dié *God* soort. Ons gelaatstrekke lyk na God en ons gaan ook soos Hy in sy *gelykenis*—sy karakter, wees. Hy wil, dat ons sy karakter moet hê. Dit is die tipe seun wat Hy wil hê.

Wanneer 'n kind uit sy moeder se skoot kom, *lyk* hy *soos* sy ma en pa, want hulle, deur God se seën, het gehelp om hom te skep. Op dieselfde wyse word ons deur die Woord geskape en daarom *lyk* ons *soos* ons *Skepper*, alhoewel ons nog nie dieselfde karakter as Hy het nie.

Bykomend tot *al* hierdie fantastiese seëninge, mag ons met Hom trou—indien ons tot die vlak van die bruid se karakter, kan vorder. Wat 'n asemrowende eer!

Die “*Logos*,” 'n lid van die Godheid, het sy bloed vir ons uitgestort. Nou bied Hy die eersteling sy hand in die huwelik aan! Hoe meer ek hieroor dink, hoe meer geïnspireerd is ek om selfs meer daaroor te dink. U kan vir die res van u lewe hieroor nadink en steeds meer diepte daaruit kry! Dit is waarlik die diepe gedagtes van God teenoor die mens, wat Johannes so hard probeer het om tot die mense se verstand te bring.

Ek hoop dat u baie meer oor hierdie onderwerp sal dink en bid. Indien wel, sal u vind dat dit baie inspirasie in u lewe sal bring. *Ek waarborg dit!*

DIE WOORD SE GLORIE

Let op na die gebed van Christus die aand voordat Hy gekruisig is: “En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was” (Johannes 17:5). Watter glorie het hul nie gehad nie! Die Woord was by God en hulle het nie getwis nie—hulle het oor die weg gekom en dit het vir ewigheid *volmaak* gewerk. Slegs God se liefde kan daardie eenheid en heerlikheid voortbring. Wat ‘n *wonderlike* les en voorbeeld is dit vir die hele mensdom. Christus wil hê dat ons daardie selfde glorie, moet hê.

Weereens, *Johannes* is die enigste skrywer wat hierdie gebed in die evangelie boodskap kanoniseer het. Is dit nie interessant nie? Miskien het hy net meer daarvan geweet of gehoor; miskien het Christus dit net meer aan hom persoonlik, verduidelik. Ek vermoed dit het iets te doen gehad met die diepte van Johannes se insig. Hy was nié die een in bevel nie—Petrus was oor al die apostels—maar hy moes so daadwerklik en diep hierin studeer het, dat God aan hom ‘n diepsinnige begrip gegee het.

Waar die ander evangelies basies met die geboorte van Christus begin het, het Johannes na ‘n tydperk *lank* voor dit teruggegaan—toe daar slegs God en die Woord was. Ek vra weer, waarom het God Johannes inspireer om daar te begin? Heel gewis, omdat God wil hê dat ons oor die ewigheid moet dink en dit moet verstaan en dat ons ewige *doelwitte* moet hê! Niks sal u lewe meer verander as om hierdie begrip en hierdie visie in u verstand te hê nie! Dit sal u laat opstaan om enige moeilikheid, enige beproewing die hoof te kan bied, wanneer u dit vanuit God se perspektief verstaan. Tot watter mate dink ons soos God? Filippense 2:5 sê: “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was”—*dieselfde gesindheid!*

In Génesis 1:1 word na die *fisiese* skepping verwys. Maar *Johannes 1:1 praat van die GEESTELIKE skepping*. Dit wat vandag in die lewens van die uitverkorenes gebeur is ‘n *geestelike skepping*. God is besig om Homself te herskep. Dit gebeur op hierdie oomblik! Christus is besig om sy bruid gereed te maak.

DEUR HOM GEMAAK

“Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Johannes 1:3). God het die heelal gemaak en Hy hou dit aan die gang. As u ‘n motor of trein sou maak, sal iets dit moet onderhou om dit te laat aanhou beweeg. Net so is God die Onderhouer van lewe en die heelal.

Die sinsnede “Alle dinge het *deur* Hom ontstaan” is ‘n akkurate vertaling. “*Lange’s Commentary*” vertaal dit as *deur*, soos verskeie ander vertalings ook doen. Dit plaas alles in perspektief. “Alle dinge het *deur* Hom ontstaan.” Dit beteken dat iemand aan die anderkant was. Christus is die skakel tot die *Vader*, wie hierdie werk *deur* Hom doen.

Die Griekse woord vir *deur* is “*dia*,” waarvandaan ons die eerste gedeelte van die woord *diameter* kry—wat “deursnee” beteken. Die “*Companion Bible*” lees, “‘*Dia*’ beheer twee sake: 1) met die genitief het dit die algemene betekenis van *deur*, soos om ‘n oppervlak deur middel van ‘n middellyn in twee te verdeel; 2) of dit dui die deurgang, van wat ookal tussen die begin en die einde van sodanige handeling plaasvind, aan.” Daar is ‘n wese aan die anderkant—die *Vader*.

“*Lange’s*” het besondere insig in dié verband (beklemtoning myne): “DIE SEUN WERK NOOIT OP SY EIE NIE, MAAR ALTYD AS DIE OPENBAARMAKER VAN DIE VADER EN DIE UITVOERDER VAN SY WIL.” Dit is diepe insig—en is presies wat die Bybel sê. Nietemin, dit is nie die boodskap wat vandag van die meeste godsdienstige mense af kom nie. Selfs dié geleerde kon sien dat die meeste van die vertalers hierdie vers, verkeerd vertaal het.

Efésiërs 3:9 wys ook hoe God die heelal deur Jesus Christus, die Woord, geskep het. Dit was alles *deur* die *Vader deur middel van* die Seun gedoen, want—ek herhaal—die Seun is in onderworpenheid. Hy was nog nooit enigiets anders as onderworpe aan sy *Vader* nie. Hy is ons voorbeeld. Ons *Eggenoot* wil hê dat sy vrou soos Hy moet optree. Wat ‘n roeping—wat ‘n verantwoordelikheid!

DIÉ LIG VAN DIE MENSE

“In Hom was lewe, en die lewe was die *lig van die mense*” (Johannes 1:4). Psalm36: 10 sê, “Want by U is die fontein van

die lewe; *in u lig sien ons die lig*.” As u in God se lig bly, sal u die lig sien en ander sal die lig *in u sien*. Ons kan alleenlik daardie lig hê as ons in die fontein van lig bly.

Die Woord is hierdie lig. “En die lig *skyn* [teenswoordige tyd] in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie” (Johannes 1:5). Die lig *skyn* wanneer iemand die werk van God doen. Die lig het werklik deur God se eindtyd apostel, Herbert W. Armstrong, *geskyn*. Deur die *‘Philadelphia Church of God (PCG)’* hou dit vandag aan om te skyn. Dit skyn steeds as ons, ons deel doen.

Net soos energie en krag nodig is om ‘n elektriese lig te laat skyn, verg dit geestelike energie, die krag van God en werklike *inspanning* om hierdie geestelike lig in u lewe te laat skyn! Ons weet ook dat ons geroep is om ‘n lig vir hierdie wêreld te wees.

Lucifer, wie die *ligbringer* vir hierdie wêreld was, het na duisternis gedraai. Hy het toe al sy mag en energie gebruik om die wêreld in duisternis te dompel. Deur die geskiedenis van die mensdom het sy duistere invloed geheers. Christus—dié lig—het te midde daarvan gekom. “En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het *dit nie oorweldig nie*.” Die duisternis het nie Christus se lig oorweldig nie. As die lig in duisternis *skyn*—as ons God se werk doen en sy lig na die wêreld bring—kán die duisternis ons nie oorweldig nie.

Een van die beste maniere hoe ons, ons lig kan laat skyn, is om *Geheimenis van die Eeue*, na die grootste moontlike gehoor te versprei—of, indien nodig, om in die hof te veg ten einde dit te kan doen. As u, u hart daarin stort, dan sal duisternis nie—kan dit u nie—oorweldig nie! Maar indien u *nié* u lig laat skyn deur hierdie werk te doen nie, dan word die lig deur die duisternis *oorweldig*.

Jesus Christus het gesê, “My voedsel [of behae] is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring” (Johannes 4:34). Dit is hoe Hy sy lig laat skyn. Dit was sy behae—om dit te doen wat die Vader gedoen wou hê. Dit is wat Hom groots gemaak het. Hy het sy Vader ondersteun en ‘n voorbeeld vir sy bruid en die wêreld gestel.

Johannes 1:5 dui aan dat die lig “skyn”—teenswoordige tyd. “*Lange’s*” se kommentaar op hierdie woord: “Teenwoordig, wat *deurlopende aktiwiteit van die begin tot dié hede*,” aandui. Daniël

het God se werk die *daaglikse* of *voortdurende* genoem. Dit is presies wat Johannes 1:5 beteken. Ons moet *voortdurend* die lig laat skyn!

Waar het hierdie lig vandaan gekom? Dit het vanaf God, deur die ‘Logos’ gekom. Hoe was die *vuur*, of die lig, vir die Ou Testamentiese offerandes begin—wat in werklikheid ‘n tipe van die geestelike *voortdurende*, vandag is? Levitikus 9, verskaf die antwoord: “Daarop het Moses en Aäron in die tent van samekoms gegaan; en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. En die heerlikheid van die HERE het aan die hele volk verskyn—vuur het van die aangesig van die HERE uitgegaan en op die altaar die brandoffer en die stukke vet verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle gejuig en op hulle aangesig geval” (verse 23-24). Hoe indrukwekkend! Hierdie vuur het soos ‘n weerligstraal vanuit die hemel gekom en die offer eenvoudig verteer!

Hoe het hierdie *geestelike* vuur dan vandag begin? Dit was deur die ‘Logos’—deur God—begin. Dit is wat Johannes aan die mense verduidelik het. Jesus Christus, die ‘Logos’, het gesê dat Hy sy Kerk sal bou (Matthéüs 16:18). *Hy het die Kerkvuur begin* (nadat die Vader sy seuns geroep of verwek het—Johannes 6:44). Hy het gesê dat die poorte van die doderyk of die graf dit nie sou oorweldig nie! Hierdie was dieselfde Wese, die ‘Logos’, wie die vuur in Levitikus begin het!

In die eindtyd het Hy ‘n Elía gestuur om alle dinge te herstel. Hy het ‘n groot geestelike vuur begin deur *alle* dinge deur daardie man te herstel. Die groot tragedie is dat die meeste van God se mense nie glo dat Elía al gekom het nie.

Ons het toegang tot *alle* dinge—al die leerstellings van God. Waar het hulle vandaan gekom? Nadat mnr. Armstrong *Geheimenis van die Eeue* geskryf het, het hy gesê dat hy voel dat hy nie self die boek geskryf het nie, maar dat hy net dié skrywer was, in wie se verstand God die gedagtes gestort het. Waar het daardie gedagtes vandaan gekom? *Hulle het van God, deur die ‘Logos’, gekom!* Hy was die oorsprong van daardie boek. Hy was die oorsprong van daardie waarhede wat herstel is.

‘N GETUIE VAN DIE LIG

“Daar was ‘n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot ‘n getuienis gekom om van die [L]ig te getuig,

sodat almal deur hom sou glo” (Johannes 1:6-7). Die doel van Johannes die Doper was om ‘n *getuie* te wees.

God se mense dien vandag dieselfde doel. Elke mens op aarde sal die boodskap van die ‘*Logos*’ moet ontvang.

Onthou, Johannes beteken “God is barmhartig.” Dit was God wat Johannes die Doper sy naam gegee het (Lukas 1:13). Hoe barmhartig is God, wanneer ons sondig, om ons foute met die bloed van Christus te bedek en ons te vergewe. Hy wil hê dat ons opstaan en aanbeweeg—om vorentoe te gaan, deur die sonde agter ons te sit en ‘n beter *getuie van die lig* te word!

Daardie *getuienis* kan kragtiger as *prediking* wees, want dit is ‘n persoon wat toelaat dat Christus *in hulle leef, en daardeur die lig laat skyn!* Dit is die tipe van *getuie* wat Johannes was—“sodat almal deur hom sou glo.” Alhoewel sommige nog nie wil glo nie, sal ons *getuienis* met verloop van tyd ‘n groter uitwerking op mense hê. Dit is die sterkste boodskap van alles.

In godsdiens word die woord *getuie*, vandag totaal misverstaan. Wat dit in der waarheid beteken is om die ‘*Logos*’ in u te laat leef—om die gesindheid van Jesus Christus, die Woord, *in u* te hê ten einde hierdie lig te laat skyn! Christus probeer om hierdie lig in ons in te kry—hierdie Woord in ons— sodat ons almal ‘n *getuie* sal wees en ons soos die ‘*Logos*’ sal leef! Dit is wat ons moet doen—om soos Christus te leef toe Hy hier op aarde was. Hy was perfek. Hy het sy Vader se voorbeeld gevolg. Hy het gesê, “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien” (Johannes 14:9). Hy was ‘n dader van die Tien Gebooie en die geskrewe Woord van God, die Bybel. Hy was nie net ‘n na-prater van leë, stroperige woorde oor liefde tot God nie.

Indien u ‘n maat het wat nie soos u glo nie, kan u voorbeeld, ‘n wonderlike lig wees en ‘n dramatiese impak op daardie persoon se lewe hê. Die Bybel sê dat dit hulle selfs kan *verander* en in God se familie kan inbring (1 Korinthiërs 7:16; 1 Petrus 3:1-2) Dit is hoe *kragtig* hierdie voorbeeld—hierdie lig—kan wees!

“Hy was nie die [L]ig nie, maar hy moes van die [L]ig getuig. Die waaragtige [L]ig wat *elke mens* verlig, wa[t] aan kom in die wêreld” (Johannes 1:8-9). Elke enkele persoon wie ooit geleef het sal vroeër of later deur hierdie Lig verlig moet word, of hy het geen toekoms nie; hy sal vir ewig in

duisternis ingaan. Daar is geen ander hoop, geen ander lewensweg, geen ander lig nie. Daar is slegs een lig. In alle ewigheid sal daar geen ander wees nie.

“Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie” (vers 10). Christus het die *mens geskape*, en die mens het sy Skepper doodgemaak. “Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense [die Jode] het Hom nie aangeneem nie” (vers 11). Selfs die Jode, wie Hom aan die hand van die pofesieë wat Hy vervul het, moes erken het, het Hom verwerp.

Steeds, het Christus vir ‘n baie groot doel, die kastyding verduur van mense wat mislei is. “Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ‘n man nie, maar uit God gebore is” (verse 12-13). Dit alles was ten einde mense, na berou en bekering, in God se eie familie in te bring!

In Johannes 3:16 word gesê: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het ... ” U het dit so vele male gehoor. God die Vader het hierdie wêreld lief en Hy het u lief. Hy het ons almal lief—en Hy het dit bewys deur sy *eniggebore Seun*, wie ook God was, te gee. Deur ons sondes het ons Hom geslag. Daar skort iets tragies met die mens. As ons erken dat dit ons óók insluit en bitterlik voor God bekeer, sal Hy ons help om die probleem reg te stel. Hy sal ons in liefde, soos sy eie kinders, grootmaak.

“En die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon—(en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom)—vol van genade en waarheid” (Johannes 1:14). Hy moes vol van *genade* en *waarheid* gewees het, anders sou Hy nie toegelaat het dat die mens Hom slaan totdat Hy nie eens meer soos ‘n mens gelyk het voordat Hy doodgemaak is nie. Dít sodat ons deur sy wonde genees kan word (1 Petrus 2:24; Jesaja 53:5).

Het God die wêreld liefgehad? Benodig ons enige verdere bewyse? Nou is dit vir ons tyd om God en die Woord—die Vader en die Seun—lief te hê—en hulle familie binne te gaan.

“Johannes getuig van Hom en roep en sê: Dit was Hy van wie ek gesê het: Hy wat ná my kom, het voor my geword, want Hy was eerder as ek. En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja,

genade op genade” (Johannes 1:15-16). Ons het almal toegang tot genade op genade, liefde op liefde! As gevolg van dit wat Christus gedoen het, kan ons daardie genade—en die waarheid, ontvang (vers 17).

DIE VERKLARING VAN DIE VADER

Nou vers 18: “Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun *wat in die boesem van die Vader is*, *DIÉ HET HOM VERKLAAR.*” Wat ‘n wonderlike, wonderlike vers. Die Woord het *die Vader verklaar!* Hy was die enigste een wat bevoeg was om dit te doen, want Hy was in die Vader se boesem—die innigste, mees intieme verhouding wat hulle kon hê. DIE SEUN HET NA DIE AARDE GEKOM EN DIE EWIGE LIEFDE, WAT HY EN SY VADER DEUR AL DIE EEUE GEDEEL HET, VIR ONS KOM WYS!

In teenstelling met wat baie glo het Christus nie Homself verklaar nie; maar die *Vader*—dus het Hy daardie pragtige familie visie, waarvan die mens deel kan wees, verklaar!

Dit is Plan B, en is ver verheve bo Plan A. Maar onthou altyd die ongelooflike risiko wat in hierdie plan ter sprake is! Watter brutale lyding moes die Seun nie verduur nie. Gedurende die nag van daardie kruisiging, het Hy na sy Vader uitgeroep en gevra dat Hy hierdie beker van Hom sou wegneem, aangesien Hy in doodsang was—Hy het bloed gesweet voordat Hy sy bloed uitgestort het (Lukas 22:42-44; Hebreërs 12:3-4). Tog het Hy gesê: “Laat nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied!” (Lukas 22:42). Wat ‘n Seun! Wat ‘n wonderlike inspirerende boodskap; en ons moet dit so diep begryp—dat dit vir ewig met ons sal wees—want dit gaan die hele skepping verander!

Dit is die boodskap van Johannes 1:18. Christus, die Seun, is in die boesem van die Vader! Dit sê nie dat Hy *weer* in die boesem van die Vader was nie, wat dit wel sou sê indien Hy voorheen, as die Woord, in die boesem van die Vader was. Waarom? Want daar is nou ‘n uitgebreide familie visie! Miljoene mense kan nou in die Godfamilie ingebring word. Jesus Christus het die familie verhouding volkome omhels. Hy gaan nie sy eie rigting in nie, doen nie sy eie ding nie. Hy het Homself alreeds vir ewig bewys dat Hy getrou aan God sal bly.

Hoe meer u dit bestudeer, hoe moeiliker sal dit wees om nie van opgewondenheid van u stoel af op te spring nie!

Waarom sou *mense* hierdie visie wil vernietig? Want hulle verstaan dit nie. Hulle *weet* nie wat hulle doen nie. Dit is die familie visie; dit is waaroor die hele Bybel gaan. Dit gaan daaroor om die mensdom in God se familie in te bring!

Vers 18 sê dat niemand die Vader geken het, totdat die Woord in die vlees gekom en die Vader verklaar het nie. Watter openbaring is dit nie! Hy het gekom om die Vader te verklaar—of te openbaar. So baie wil Christus in die kollig plaas. Wie *weet ooit* eers van die Vader? Dit wys net dat die wêreld Christus nie werklik ken nie, die Woord wat gekom het om die Vader te verklaar. Wat ‘n Seun—en wat ‘n Vader! Wát ‘n familie!

God wil ons in sy familie hê. Hy het na hierdie aarde gekom om die Godfamilie vir die mensdom oop te stel—om die mens in sy familie in te nooi. Dit het ingrypend verskil van enigiets wat Hy ooit met die engele gedoen het—maar DIT WAS NOU DIE BESLISSENDE EN MEES UITSTAANDE PLAN VAN GOD—‘N PLAN WAT SELFS GOD NIE IN GROOTSHEID KON OORTREF NIE! Die plan om *Homself te herskep*!

Wie kon so ‘n asembenewende waarheid skryf? Dit sou iemand soos Johannes moet wees, wie die Woord, terwyl Hy op aarde was, werklik leer ken het op ‘n manier wat meeste van die ander dissipels nie heeltemal kon begryp of teen kon opweeg nie.

In die *hele Bybel is daar waarskynlik nie ‘n meer betekenisvolle vers as Johannes 1:1 nie*: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.”

Hoofstuk 2

Hanna se Familie Visie

ONS HET NOU NODIG OM NA EEN VAN DIE MEES INSPIRERENDE voorbeelde in die Ou Testament te kyk. Dit behoort vir ewig in ons geheue ingegrif te word.

“[E]n Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy Heilige profete. ... En ook die profete van *Samuel* af en die wat gevolg het, almal wat gespreek het, het ook hierdie dae aangekondig” (Handelinge 3:20-21, 24). God praat hier oor die herstel van alle dinge in die wêreld. Jesus Christus staan op die punt om na die aarde terug te keer om daardie profesie te vervul. En in hierdie gedeelte word Samuel uitgesonder. Hy moes iets baie belangrik te sê gehad het oor die restitusie van alle dinge in die wêreld.

Samuel word as een van die *vroeëre profete* geklassifiseer en ten minste 90 persent van Bybel profesie is vir hierdie eindtyd bedoel.

Volgens tradisie het God die eerste keer aan Samuel verskyn toe hy 13 jaar oud was. Hierdie is dus ‘n boodskap wat eendersyds vir jong- en oumense bedoel is.

In Handelinge 13:19-20 word dit gestel: “En sewe nasies het Hy in die land van Kanaän uitgeroei en hulle land deur die lot aan hulle uitgedeel. En daarna omtrent vierhonderd-en-vyftig jaar lank het Hy rigters gegee *tot op Samuel, die profeet*.” Tot en met Samuel se koms was daar ‘n verskriklike tydperk van rigters gewees, waartydens almal gedoen het wat in hulle eie

oë reg was (Rigters 21:25)—wat die rede was waarom Israel die meeste van die tyd deur die Fillistyne regeer was. Dit was *Samuel*, onder leiding van God, wat 'n groot verandering in Israel teweeggebring het. Hy het gehelp om die monargie te vestig—die troon van Dawid, waarop Christus sal sit wanneer Hy terugkeer om alle dinge tot die wêreld te herstel.

Dawid het die grondslag vir Israel se grootste glorie as 'n nasie, gelê. Dit was slegs 'n geringe voorsmaak van hoe dit in die Millennium en vir ewig oor die heelal, sal wees onder Christus se heerskappy!

“En van toe af het hulle 'n koning begeer, en God het aan hulle gegee Saul, die seun van Kis, 'n man uit die stam van Benjamin, veertig jaar lank. En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen” (Handelinge 13:21-22). Samuel het Dawid gesalf, die man wat *al* God se welbehae gedoen het. Wát 'n ryke seën was Dawid vir Israel.

Samuel het dus 'n indrukwekkende lewe gehad. Laat ons kyk waar dit begin het.

ÉLKANA SE VROUENS

“Daar was 'n sekere man uit Ramatáim, 'n Sufiet, uit die gebergte van Efraim, en sy naam was Élkana, die seun van Jeróham, die seun van Elíhu, die seun van Tohu, die seun van Suf, 'n Efratiet” (1 Samuel 1:1). Die eerste woord in hierdie boek moet ‘*en*’ in plaas van ‘*daar*’ wees, want dit is 'n voortsetting van die storie oor die verskriklike tyd van die rigters. Dit was omtrent 1140 v.C. en was daar nogal 'n baie negatiewe stuk geskiedenis opgeskryf (soortgelyk aan dié van God se geestelike volk in hierdie eindtyd). Die Woord van God was skaars. Israel het nie baie openbaring ontvang nie. Met die uitsondering van 'n paar, was God gedurende die tydperk van die rigters, nie in staat om veel met hulle te werk nie.

“En hy [Élkana] het twee vroue gehad; die naam van die een was Hanna, en die naam van die tweede was Peninna; en Peninna het kinders gehad, maar Hanna het geen kinders gehad nie” (vers 2). Die verhouding tussen hierdie drie was tot 'n mate soortgelyk aan Abraham, Sara en haar slavin, waar

die slavin ingebring was om kinders te baar (sien Génesis 16). Hanna kon nie kinders baar nie, daarom was Pennina in die huwelik ingebring, wat 'n fout was. Dit bied nog steeds aan ons 'n belangrike les vir vandag.

“En dié man het van jaar tot jaar opgegaan uit sy stad om te aanbid en aan die HERE van die leërskaare te offer in *Silo*, waar die twee seuns van Eli, Hofni en Pinehas, priesters van die HERE was” (Samuel 1:3). Toe Israel die Beloofde Land (450 jaar vantevore) binnegegaan het, het God Josua gebruik om die Hoofkwartier in Silo te vestig. Hy wou hê dat die *hele* Israel na Silo opkyk. God wil almal op Silo gefokus hê, waar die ark is—waar sy Hoofkwartier is. Dit is die tipe regering wat die nasies van Israel *behoort* te regeer, soos dit geestelike Israel, God se Kerk, *regeer*.

“En op 'n dag het Élkana geoffer en aan sy vrou Pennina en al haar seuns en haar dogters dele van die offervleis gegee; maar aan Hanna het hy 'n *dubbele* deel gegee; want hy het Hanna liefgehad; maar die HERE het haar moederskoot toegesluit” (verse 4-5). Hanna was die liefde van Élkana se lewe—nie Peninna nie.

“En haar [Hanna se] mededingster het haar ook bitterlik geterg om haar te vertoorn, omdat die HERE haar moederskoot toegesluit het. So het hy gedoen jaar tot jaar, telkens as sy opgaan in die huis van die HERE. Só het sy haar geterg, dat sy geweene het en nie wou eet nie” (verse 6-7). Let op dat *God* Hanna se moederskoot toegesluit het. Dit was 'n geweldige beproewing vir Hanna en sy het baie leed as gevolg daarvan ervaar.

EGGENOOT KOM EERSTE

Let op hoe Élkana hierdie situasie hanteer het. “En haar man Élkana sê vir haar: Hanna, waarom ween jy? En waarom eet jy nie? En waarom is jou hart bedroef? Is ek nie vir jou beter as tien seuns nie?” (Vers 8). Élkana was besig om sy vrou 'n baie belangrike les te leer. Is 'n man nie meer belangrik as tien seuns nie? Ten einde 'n huwelik te laat werk, *moet die vernaamste liefde tussen die man en die vrou wees*. Die huwelik ontwikkel ernstige probleme wanneer een van die ouers die kinders bokant die ander maat verhef.

MAAR HIERDIE VOORBEELD GAAN OOR VEEL MEER AS NET ‘N FISIESE HUWELIK—DIT GAAN IN WERKLIKHEID OOR ONS GEESTELIKE HUWELIK. Jesus Christus is ons Eggenoot en Hy wil seker maak dat ons nie na enige individu of enige mens meer as na Hom opkyk nie—dat ons nooit ‘n man of selfs tien mans bo Jesus Christus sal verhef nie. Dit is wat die Laodicese toestand vandag geskep het! Ons is Christus se lewensgesel. Ons moet God, ons Eggenoot, bo die lede van die Kerk liefhê. Dit is uiters belangrik dat ons hierdie les verstaan.

Indien ons, ons Eggenoot liefhet soos ons Hom behoort lief te hê, dan het ons die familie liefde en familie visie. Ons moet altyd die Godfamilie visie in gedagte hou.

VERSTAAN WAAROM KINDERS

Hanna het baie jare vir ‘n kind gewag. Dit was ‘n kolossale beproewing waarmee sy geworstel het. Maar God het haar vir ‘n belangrike rede laat wag. Hy was besig om ontsaglike goddelike karakter in hierdie vrou te ontwikkel. Na baie jare van onvrugbaarheid het Hanna ‘N HEELTEMAL ANDER MENING OOR KINDERS ONTWIKKEL.

Een jaar toe die familie na Silo gegaan het, het Hanna ‘n spesiale gebed in die tempel gedoen. “En bitter bedroef het sy tot die HERE gebid en bitterlik geween; en sy het ‘n gelofte gedoen en gesê: HERE van die leërskaar, as U waarlik die ellende van u diensmaagd aansien en aan my dink en u diensmaagd nie vergeet nie, maar u diensmaagd ‘n manlike kind skenk, *dan sal ek hom aan die HERE gee al die dae van sy lewe*; en geen skeermes sal op sy hoof kom nie” (vers 10-11). Sy het aan God beloof dat indien Hy haar ‘n seun sou gee, sy hom aan God vir ewig sou toewy. Dit is korrek—vir ewig. Sy het verstaan wat sy met daardie seun moes doen. Sy het dit geleer tydens die jare wat God haar laat wag het.

Hoeveel mense, selfs in God se Kerk, verstaan dit so diep soos hulle dit behoort te verstaan? In hierdie opsig, behoort kinders grootmaak, *lank voor* ‘n kind gebore word, te begin. Ouers moet eers verstaan *waarom* God kinders gee. Hanna het dit geleer. Teen die tyd dat haar seun verskyn het, was sy gereed om hom aan God op te dra. Sy was gereed *voor* die kind

gekom het! Dit is die tipe begrip wat benodig word ten einde 'n behoorlike ouer volgens God se weg te wees.

Ons moet vir kinders voorbereid wees. Teen die tyd wanneer die bruilof aanbreek, sal Jesus Christus se bruid haarself *gereed* maak het (Openbaring 19:7). Ons moet gereed maak voordat die kinders daar is. GOD WIL HÊ DAT ONS GEREED MOET MAAK OM BIJJOENE MENSE GROOT TE MAAK EN TE LEER. Dit is die vrou se doel: Om Christus te help om almal wat in die toekoms in God se familie ingeroep gaan word, groot te maak. In hierdie opsig is hulle ons geestelike kinders: Hulle moet deur Christus en sy bruid gaan om by die Vader, wie hulle verwek het, uit te kom (Johannes 6:44).

Ons werk is om te help om die Vader se familie te bou. Almal sal dieselfde Vader en *dieselfde familie hê*—*of hulle sal geen familie hê nie!*

Die Vader regeer sy familie. Sy regering is oppermagtig.

Deur middel van *fisiese* kinders, word die eerstelinge gehelp om gereed te maak om biljoene kinders in die Wêreld van Môre te hê. Diegene wat in die Millenium bekeer word, word vergelyk met kinders van die Eggenoot (Christus) en sy vrou, die Kerk. Die grootmaak van fisiese kinders is 'n tipe van dit wat ons geestelik in die Wêreld van Môre sal doen! Ons word geroep om Christus in sy werk te help—om sy hulp te wees. God wil hê dat ons, ons verstand fokus op *al* die kinders wat in die toekoms op die toneel sal verskyn en om gereed te maak om hulle groot te maak en hulle almal aan *God toe te wy*, soos Hanna met haar seun gemaak het.

Om kinders groot te maak is 'n beproewing en 'n toets. Daar is worsteling betrokke. Ons moet *worstel* om ons kinders te leer. Eweneens, sal dit 'n worsteling wees om al die geestelike kinders in die toekoms te leer. Daarom laat God ons klein begin en leer ons vele wonderlike lesse met 'n paar fisiese kinders. Selfs al het u nie self kinders nie, kan u steeds hierdie baie belangrike les leer deur God se Woord te bestudeer en deur ander families dop te hou.

Is u gereed om *biljoene* geestelike kinders groot te maak en op te lei? Dit is waarom ons vandag hier in God se Kerk is. Ons moet gereed maak vir daardie ontsaglike verantwoordelikheid. “o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!” (Romeine 11:33).

INWYDING VAN SAMUEL

God het Hanna se gebed gehoor en het met haar terugkoms, haar toegelaat om swanger te word. “[E]n Élkana het sy vrou Hanna beken, en die HERE het aan haar gedink. En by die wisseling van die jaar het Hanna, wat swanger was, ‘n seun gebaar en hom Samuel genoem; want het sy gesê, ek het hom van die HERE gebid” (1 Samuel 1:19-20). God het hierdie merkwaardige vrou ‘n seun gegee. Samuel beteken *van God gehoor*.

Hanna was aan hierdie kind toegewyd. Samuel was behoorlik grootgemaak. Hanna was vas in haar voorneme om die belofte wat sy aan God gemaak het, na te kom. Sy het die eerste paar jaar aan voorbereiding bestee ten einde hom na Silo, waar die tabernakel was, te bring. Sy het geweet dat wanneer die tyd sou aanbreek om hom na Silo te bring, dit permanent sou wees. “[S]al ek hom bring” het sy gesê, “dat hy kan verskyn voor die aangesig van die Here *en daar vir altyd bly*” (vers 22). Ons weet nie presies hoe dit gebeur het nie, maar haar eggenoot het met baie deernis en ondersteuning teenoor haar opgetree.

Uiteindelik het Hanna vir Samuel na Silo gebring, tesame met ‘n noemenswaardige offer. Sy het hom vir Eli aangebied, die priester wie verskeie jare vantevore haar gebed aangehoor het. Sy het aan hom gesê, “Om hierdie seun het ek gebid, en die HERE het my bede aan my gegee wat ek van Hom gebid het. So staan ek hom dan nou af aan die HERE al die dae wat hy leef; hy is aan die HERE afgestaan. En hy het die HERE daar aanbid” (verse 27-28).

Hanna het gesê dat sy haar kind aan God gee vir so lank as wat hy sou leef. Wat verbasend hiervan is, is dat nòg die Nasireërs nòg die Leviete ooit hulle kinders aan God opgedra het, soos Hanna vir Samuel opgedra het! Sy het ‘n wonderlike gesindheid gehad. Hoe goed leer ons, ons kinders om God te eer en te behaag?

Het Hanna haar kind aan God opgedra? Sy het verseker! Sy het aan ‘n profeet geboorte geskenk en hom grootgemaak!

HANNA PROFETEER

Daar behoort geen hoofstuk onderbreking aan die einde van hierdie eerste Hoofstuk te wees nie. 1 Samuel 2 is ‘n profesie

oor die Fees van Basuine, wat Christus se wederkoms uitbeeld. Vandag nog word hierdie Hoofstuk op “*Rosh Hashanah*” deur die Jode voorgelees. Let op na wat Hanna begin *profeteer*, nadat sy hierdie kind gebaar het. “Toe het Hanna gebid en gesê: My hart jubel in die HERE, *my horing is hoog* in die HERE; my mond is wyd oop oor my vyande, want ek verheug my in u verlossing” (1 Samuel 2:1). ‘n *Horing* is ‘n *simbool van krag en mag*. Ons sal ‘n bietjie later sien wat Hanna daarmee bedoel het.

“Niemand is heilig soos die HERE nie; ja, daar is niemand buiten U, en *daar is geen rots soos onse God nie*” (vers 2). Die Hebreeuse woord hier vir God is “*Elohim*,” wat na die Godfamilie verwys. Sy het so baie omtrent die Godfamilie verstaan. Sy het waarskynlik die Godfamilie dieper as die meeste regverdige vroue in die Bybel verstaan—en dit was voordat God aan haar ‘n kind gegee het. WANNEER U HULLE POTENSIAAL VERSTAAN, WEET U DAT DAARDIE LIEFLIKE KINDERS GESKENKE VAN GOD IS.

In die Ou Testamentiese tyd het God vir Samuel gebruik om Israel te bevry, net soos Hy die eerstelinge sal gebruik om Israel en die hele wêreld in die toekoms te bevry. Ons sal hulle ‘n visie oor die Rots—ons Eggenoot—gee.

“Spreek nie voortdurend alte hoog nie, laat vermete te taal nie uit julle mond uitgaan nie; want die Here is ‘n God van diepe kennis, en deur Hom word daade beproef” (vers 3). God aanskou al ons woorde en daade. Wanneer Christus terugkom, sal elke persoon geoordeel word (Matthéüs 12:36). Dit is *nou* die tyd om van ons ydelheid en verwaandheid ontslae te raak. Ons is besig om gereed te maak om die wêreld en later die heelal saam met Christus te regeer.

“Die boog van die helde is verbreek; maar die wat gestruikeld het, is met krag omgord. Die wat versadig was, het hulle vir brood verhuur; maar die wat honger gehad het, rus. Selfs die onvrugbare het sewe gebaar, maar sy wat ryk aan kinders was, het verwelk” (1 Samuel 2:4-5). Onthou, hierdie is ‘n eindtyd profesie.

Die tweede en derde hoofstukke van Openbaring beskryf die sewe opeenvolgende eras van *God se Kerk vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms*. (Ons gratis boekie “*The Royal Book of Revelation*” sal dit aan u verduidelik). Die finale era, die Laodicense era (Openbaring 3:14-22), is ‘n kolossale mislukking.

Dit is die era wat tans op die toneel is. Kyk geestelik hierna. Die Laodiceërs is “versadig,” hulle is ryk en hulle goedere het toegeneem (Openbaring 3:17). Hulle het hierdie ontsaglike, manjifieke visie, wat God hulle deur die eindtyd Elía, Herbert W. Armstrong, gedurende die Filadelfia era gegee het, verloor (Openbaring 3:7-13).

Let op hierdie gedeelte in 1 Samuel 2:5, “die wat honger gehad het, rus”. Wanneer ‘n man soos die eindtyd Elía kom, is daar ‘n afsnypunt. Terwyl mnr. Armstrong God se waarheid gepreek het, het mense wat geestelik honger en dors was, saamgekom om as lede van die Godfamilie te ontwikkel en te groei. Daar was voornemende lede, skenkers, mense wie slegs ‘n geringe belangstelling in God se werk gehad het. En toe, ewe skielik, is daar *opgehou* om diegene wat honger was, te voed. Toe hulle “wat versadig was” van God weggedraai het, het dit vir baie mense wat geestelik gevoed was, onheil voorspel!

As God se mense—diegene wie Hy uit hierdie wêreld geroep het en aan wie Hy hierdie visie gegee het—nie uitgaan en sy boodskap aan die wêreld verkondig nie, sal hulle hul eie bloed verloor (Eségiël 33:7-9). Dit is hoe belangrik die boodskap van God is. Maar bo en behalwe dit, sal hulle ook skuldig wees aan die bloed van diegene aan wie hulle hierdie boodskap moes gegee het—die hele wêreld! Dit is *al* wat daar is. Dit is *hoekom* die mens bestaan. Dit is *hoekom* God fisiese kinders gee. Wanneer mense hiervan wegdraai, draai hulle ook weg van God.

Nietemin, God se werk gaan altyd voort. Ons kan nie die verantwoordelikheid wat God ons gegee het, vryspring nie. Dit hang van ons af om die werk te doen. Hierdie wêreld benodig dringend die boodskap wat God ons gegee het om te verkondig. In hierdie wêreld is daar soveel hartseer. Hanna het gesê dat die vrou wat baie kinders gehad het, *het verwelk*. In Hebreeus beteken dit om te kwyn of die hoofde te laat hang, of ‘n kwynende hart. Soos die tragedies in hierdie wêreld toeneem, sal ‘n moeder met baie kinders, wat “Elohim” nie ken nie, bedroef wees. Kyk maar net wat vandag met ons kinders gebeur met al die dwelms en geweld in die skole. Ja, baie vrouens laat hulle hoofde hang. Alhoewel hulle dalk baie kinders mag hê, is daar iets wat ontbreek. Weet hulle van “Elohim”? Weet hulle van die Godfamilie?

Indien hulle weet, luister hulle na wat “*Elohim*” sê sodat hulle deel kan word van Sy familie? Dit is die boodskap wat God die mens vanaf die begin geleer het—so ver terug as Samuel en selfs verder terug in die verlede sedert die eerste man en vrou.

Aan die anderkant, Hanna het gesê dat indien jy onvrugbaar is en jy na God gaan en probeer om dit te verstaan, Hy aan jou *sewe* kinders sal gee! Jou vreugde sal vermenigvuldig.

Die vroue van hierdie wêreld dink nie soos Hanna gedink het nie!

“Die Here maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom” (1 Samuel 2:6). God maak dood en Hy maak lewend—Hy wek op! Hy sal dit selfs aan die mense in sy eie Kerk doen. Baie van hulle sal doodgemaak en kort daarna weer lewendig gemaak word. Die Laodiceërs wie vol is en geen behoefte aan God het nie, sal binnekort die dood in die gesig staar. Omdat hulle hulself vir brood uitverhuur het, deur hierdie Godfamilie visie vir die ewels van die wêreld te verruil, sal hulle hulself moet bekeer voordat God hulle tot ‘n plek in sy familie sal opwek. Anders sal God hulle—vir ewig—“in die doderyk laat neerdaal!”

PILARE VAN DIE AARDE

“Die HERE maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy. Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle ‘n erestoel te laat beërwe. Want aan die HERE behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig” (verse 7-8). Hanna profeteer hier oor die eerste opstanding, wanneer God sy eersteling uit die stof sal opwek. Hy sal hulle vanuit die mishoop opwek en hulle *koninklik maak*. Hy sal hulle pilare maak en die *hele wêreld* op hulle skouers plaas.

Hierdie verse beskryf ‘n tyd wanneer Samuel, Hanna, Êlkana en baie ander as pilare by Hoofkantoor, opgewek sal word—pilare vir God om die regering van die hele wêreld op te plaas. Openbaring 3:12 is ‘n soortgelyke skrifgedeelte en wys dat God die Filadelfiërs pilare sal maak.

Hanna praat ook daaroor dat hulle “‘n erestoel”—Dawid se troon—sal beërwe. In Openbaring 3:21, belowe Jesus Christus

sy Filadelfiese bruid dat hulle hierdie troon sal deel! Bo en behalwe dat ons pilare sal wees, sal ons ook die wêreld regeer. Ons sal saam met Christus wees, ons sal saam met Hom, onder ons Vader, regeer. Dít is die *Godfamilie* visie.

Dit is wat Hanna gesien het! Sy het gesien dat sy 'n seun kon hê en dat God hom 'n eersteling pilaar sou maak—en God sou hom opwek om die *hele wêreld* op sy skouers te plaas. Dit is geen fantasie nie—dit sal verseker gebeur! Dit is wat God sal doen: Om mense reg vanuit die mishoop op te wek—diegene, wié die wêreld so verag en haat. Hulle sal *pilare* wees. Die meeste kommentators sê dat Hanna bloot poëties was. Nee, sy was nie! God sal die hele wêreld op daardie pilare plaas—dié Filadelfiërs wat in hierdie eindtyd lojaal sal bly. Hulle sal pilare by Hoofkantoor wees en GOD SAL DIE HELE WÊRELD OP HULLE PLAAS! Die hele doel daarvan, om ons vandag te roep is om die hele aarde in die nabye toekoms te leer en te regeer—en daarna die heelal. Dit is ons ongelooflike menslike potensiaal as eersteling, vandag!

Dit is baie verantwoordelikheid. As God ons hierdie soort van heerlikheid gaan gee, moet Hy ons beproef en toets ten einde ons voor te berei.

Maar let op: *“Die voete van sy gunsgenote bewaar Hy, maar die goddelose mense kom om in die duisternis; want ‘n mens oorwin nie deur krag nie”* (1 Samuel 2:9). Ons kan dit nie met menslike vermoë vermag nie. God moet ons bewaar sodat ons voete nie gly nie. So, moet u nie, oor u beproewinge en toetse bekommer nie. U is Christus se bruid! Hy sal u nie laat glip nie. Hy sal u nie laat val nie.

DIE HORING VAN SY GESALFDE

“Die wat met die HERE twis, word verpletter; oor hulle donder Hy in die hemel; die HERE oordeel die eindes van die aarde, en Hy gee sterkte aan sy koning en verhef die horing van sy gesalfde” (vers 10). Hierdie is 'n profesie oor Dawid.

Onthou, Hanna praat van, om haar seun vir God se plan, af te staan. Aan die einde het Samuel vir Dawid gesalf om op daardie troon te sit en om God se gesalfde te word. Sy moes daardie profesie baie goed verstaan het. Herroep vers

1. Hanna het geweet dat haar horing verhoog sou word. Dit was inderdaad: Sy het aan hierdie profeet geboorte geskenk.

Pas dit persoonlik toe, dames. Besef dat indien u Hanna se voorbeeld sou volg, *u horing verhoog sal word!* U sal 'n deel van Dawid se troon wees, net soos Hanna en haar seun was.

Hanna het geweet van die profesie wat later in Lukas 1 opgeskryf was: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (verse 32-33). Dit gaan oor ‘n ewige familie en het met Dawid se koninklike familie troon, te doen. Dit gaan oor ‘n familie vir ewig—‘n koninklike Godfamilie visie.

Weereens, Samuel het in werklikheid gehelp om hierdie troon te begin. Daardie troon is steeds op hierdie aarde soos Hanna se profesie voortgaan om vervul te word—en u kan dit met u eie oë sien! Dit is in “*Westminster Abbey*” in London, Engeland, geleë. Dit is dieselfde troon waarop Jesus Christus, die Seun van die Allerhoogste, by sy wederkoms sal sit. Hy sal saam met sy bruid regeer om God se familie oor hierdie hele aarde uit te brei en Hy sal alle dinge herstel.

Dit gaan oor u! God sal u horing in daardie dag verhoog. Ons sal sy konings wees! Hy sal aan sy konings en priesters krag gee! Jesus Christus sal binnekort, donder vanuit die hemele, om sy Koninkryk in te lei ten einde alle dinge op hierdie aarde te herstel.

GEESTELIKE VISIE

Kan u uself indink om so ‘n visie te hê nadat u ‘n kind gebaar het? Wát ‘n vrou was Hanna. Vir ‘n wyle was sy bitter ongelukkig; maar dit was as gevolg van daardie ongelukkigheid dat God haar hierdie diep *geestelike* les kon leer.

Dink nou ver vooruit. Dink verder as die Millenium, verder as die Groot-Wit-Troon-Oordeel—wanneer die res van die mensdom klaar opgewek en in God se familie ingebring is. Hulle sal dan voorberei word om die heelal te regeer. Wat sal oor wees van menslike lewe? Daar sal geen menslike lewe

wees nie—net seuns van God, ‘n familie van Godwesens! Dit is wat Hanna gesien het.

Sy het gesien dat indien sy ‘n seun sou hê, dit ‘n volkome verkwisting sou wees om hom sonder die waarheid van God groot te maak en toe te laat dat die duiwel besit oor hom hê. Hanna het besef dat God u ‘n kind, as ‘n *geskenk* gee, sodat u die kind geestelik aan Hom kan teruggee! As ons nie ons kinders aan God opdra soos Hanna nie, sal ons *skouers hang* wanneer ons sien wat met ons familie gebeur. Die kinders het natuurlik ook ‘n verantwoordelikheid in dié verband.

Kan ons die geestelike verband sien? As u ‘n seun het, kan u in sy oë kyk en begin om hom te onderrig oor die opstanding en die Godfamilie visie? Kan u hom werklik help om te sien waarom hy lewe? Kan u sien soos Hanna gesien het?

Wat ‘n wonderlike en kosbare waarheid is dit!

‘N BEGEERTE NA GEESTELIKE KINDERS

Oorweeg nou hierdie inspirerende vergelyking. Dit is natuurlik vir ons om fisiese kinders te begeer. Sommige vroue het inderdaad so ‘n sterk moederlike begeerte dat hulle kinders baar selfs al word hulle deur ernstige gesondheidsprobleme geteister. Maar steeds baar hulle kinders, omdat daardie begeerte so sterk in hulle is.

Wat daarvan, om geestelike kinders te hê? Ons begeer nie van nature geestelike kinders nie. Dit is ‘n onnatuurlike begeerte. Hoeveel tyd spandeer u om te dink aan al daardie wonderlike kinders wat u saam met Jesus Christus, u Eggenoot, gaan hê? Hoeveel smag u na seuns en dogters in die familie van God? Begeer u met u hele wese om kinders in die familie van God te hê? Ons moet daardie verlange na ‘n geestelike familie bou.

Dit is so onnatuurlik dat dit die Gees van God vereis om dit waarlik te begeer en tog is dit die doel wat Christus se bruid sal vervul!

As u dit kan begryp, sal u verstaan waarom ons so besorg oor die Laodiceërs is. En daarna, kan u insien waarom ons so besorg oor die wêreld is—want hulle is die *potensiële* familie van God! Dink hieroor na, bid daarvoor en bestudeer dit, want

dit is *onnatuurlik* om innig te smag dat die wêreld in God se familie moet wees! Ons bestee nie naastenby genoeg tyd om daaroor te dink soos Hanna daaroor gedink het nie. God het haar deur 'n beproewing laat gaan, sodat sy tot die insig van hierdie inspirerende vergelyking kon kom!

DIE BRUID VAN CHRISTUS MOET 'N NATUURLIKE HUNKERING ONTWIKKEL, 'N NATUURLIKE BEGEERTE, OM GEESTELIKE KINDERS TE HÊ! Daardie begeerte moet egter van God kom. Onthou, geestelik gesproke is ons die *vrou*; ons moet hierdie geestelike hunkering binne ons opbou tot waar ons voel dat ons geestelike kinders *móét* hê. Die ware familie is die Godfamilie! *Dit* is die familie waaroor God wil hê ons werklik hartstogtelik moet word.

Die fisiese familie is slegs hier om ons te help om in die geestelike familie in te gaan.

U VERSTAND WORD WERKLIK DEUR DIE GODFAMILIE VISIE UITGEDAAG. DIT IS VIR ONS ONNATUURLIK, MAAR DIT IS HOE CHRISTUS, ONS EGENOOT, DINK! AS ONS MET HOM WIL TROU, SAL ONS OOK SÓ MOET DINK! (Filippense 2:5).

Stel u voor wat Christus sou sê as ons met Hom sou trou en dan vir Hom sou sê dat ons nie werklik kinders wil hê nie. Natuurlik is dit hipoteties; ons sal nie eens Christus se bruid *wees* as ons so dink nie. As ons nie kinders wil hê nie, dan is ons in die verkeerde geestelike familie! En sal ons nie die bruid van Christus wees nie.

Christus is nou besig om te bepaal of u baie kinders wil hê, en met *baie*, bedoel Hy die *hele* mensdom. Voordat alles verby is, sal veelvoudige biljoene mense die geleentheid gebied word om deel van die Godfamilie te wees.

Dit is dié les wat God vir Hanna geleer het toe Hy haar moederskoot toegesluit het. Ons het ons beproewinge en toetse sodat ons vir die familie van God gereed kan maak. Ons *moet* gereed wees, ons moet leer om soos die vrou van Jesus Christus te dink. Hanna was onvrugbaar en God sou haar waarskynlik so gelos het indien sy nie hartstogtelik begeer het om haar seun aan God toe te wy nie.

Ons word deur God geleer dat ons die doel waarom ons geskape is moet verstaan, of ons lewe word skandelik vermors. Dit is wat hierdie wêreld nou deur 'n ontsettende pynvolle ondervinding leer!

KINDEROPVOEDING

Wanneer u beplan om 'n kind te hê, dink u daaroor na volgens God se perspektief? Dink u daaroor volgens hierdie visie? IN DIE HELE BYBEL IS DAAR WERKLIK GEEN ANDER VOORBEELD SOOS HANNA S'N NIE. Maria, Sara en vele ander vrouens was sekerlik in ander opsigte beter as Hanna gewees. Nogtans sien ek geen ander vrou soos Hanna, wie so 'n bonatuurlike visie oor waarom God ons fisiese kinders gee, gehad het nie.

Wat 'n ontsaglike visie het sy gehad! Sy het haar kind gebaar en het toe begin om oor die Fees van Basuine en die Huttefees te profeteer.

Kyk na al die feesdae van God—veral Pinkster, die Fees van Basuine, die Huttefees en die Laaste Groot Dag. Waaroor gaan die dae? Seuns van God wat in God se familie gebore word!

Sommige vrouens is verveeld en is selfs vyandiggesind jeens die idee om 'n huisvrou en moeder te wees. Sommige vroue wil 'n loopbaan in die arbeidsveld nastreef. Maar kyk net na die visie in Hanna se huis! Kyk na dit wat Hanna gesien het. Sy wou nie 'n ander loopbaan gehad het nie. Sy het geweet dat sy die beste loopbaan het wat God te offer gehad het. Dit was haar werk om haar seun gereed te maak om in God se familie gebore te kan word. En sy het 'n profeet gebaar! Sy het werklik geweet hoe om kinders groot te maak. Sy het besef wat 'n wonderlike loopbaan dit was. Maar selfs vrouens in God se Kerk kan daardie visie verloor—en wat gebeur dan met die kinders? Wat 'n aaklige sonde is dit om ons kinders aan die wêreld en aan die duiwel te offer!

OM 'N KIND TE HÊ GAAN DAAROO OM DIE HELE WÊRELD MET GOD TE VERSOEN—een kind op 'n slag! Ons ondersteun Christus in daardie poging. Waarom versoen ons hulle met God? Sodat hulle ook lede van God se familie kan wees. Dit is die enigste rede. Wanneer ons 'n klein kindjie sien, kan ons hom of haar met die Godfamilie visie verbind? Ek glo dat die kinders van bekeerde lede van God se Kerk, selfs die wat nog nie gedoop is met Jesus Christus se wederkoms, sal steeds deel uitmaak van die groep eerstelinge, want hulle was voor Christus se wederkoms geheilig. Ons kinders het so 'n wonderlike toekoms!

As ons as ouers ons deel doen, sal ons in die algemeen gesproke, wonderlike jongmense hê wat daarna smag om in

die Godfamilie visie en wat dit vir hulle toekoms beteken, onderrig te word. Watter ander visie sal maak dat hulle teen hierdie bose wêreld weerstand bied? Hierdie visie maak dit 'n werklikheid in hulle gedagtes. Hoe hartverskeurend is dit om te sien wanneer ouers nie hulle kinders aan God wil toewy en hulle nie die Godfamilie visie wil leer nie. Moontlik is dit nodig, in sommige gevalle, dat hulle deur 'n erger beproewing as Hanna gaan, ten einde daardie les te leer.

Satan, as die teenstander, het ook 'n boodskap vir jong mense. Hy kan ook sy weg doeltreffend leer. Hoe vinnig kan hy hulle nie wegdraai as hulle nie in hierdie visie gegrond en gevestig is nie! Dit is vir hom so *eenvoudig*.

As ouers, behoort ons dit onmoontlik vir Satan te maak om dit aan ons kinders te doen. Net om ouers te wees is 'n groot verantwoordelikheid. As u God se plan verstaan—die mees liggewende visie wat u ooit kan hoor—plaas dit groot verantwoordelikheid op u skouers.

Hoofstuk 3

Hoëpriester se Opstandige Seuns

HANNA HET ONS 'N WONDERLIKE VOORBEELD GEGEE VAN HOE om kinders groot te maak. Haar eerste en vernaamste fokus was op die Godfamilie gewees. In teenstelling hiermee het Eli ons gewys hoe kinders *nie*, grootgemaak moet word *nie*. Hy het die menslike familie bokant God se familie geplaas. Die eindresultaat was skrikwekkend. Ek glo dat u geskok en hopelik geïnspireerd, sal wees met hoe spesifiek God word.

Toe Josua en die kinders van Israel die Beloofde Land binnegegaan het, het Josua die tabernakel in Gilgal gevestig. Nadat hulle die hele land verower het, het hy dit na Silo verskuif. Dit is ook waar die verbondsark was. God het die Israeliete—na Silo, na die Hoofkantoor, die tempel en na die ark laat kyk. Dit is hoe God die wêreld in die Millennium sal regeer. Hy sal die mense op Hoofkantoor laat fokus.

Diegene wie vir God by Hoofkantoor werk, word strenger geoordeel. In 1 Samuel, sien ons dat dit vir Eli en sy familie wat in die tempel by Silo diens verrig het, die geval was. Eli het sy familie bokant God geplaas en het onheil oor die volk gebring. Hy en sy seuns het Israel op hulself in plaas van God laat fokus. God het hulle ooreenkomstig hulle dodelike sondes geoordeel.

Soos ons in vorige hoofstukke gesien het, is hierdie voorbeeld profeties. God se eindtyd Laodicense Kerk is besig om dieselfde fout te maak wat Eli gemaak het; hulle plaas mense bokant God. Die resultate was rampspoedig!

Satan beweeg vinnig in hierdie eindtyd. Maar God ook. Maak 'n lys van al die OPENBARING wat die *'Philadelphia Church of God'* in sy kort bestaan ontvang het en u sal sien dat God teen die spoed van weerlig beweeg in 'n poging om ons op te voed. Hierdie is van die finale onderrig wat ons sal ontvang voordat ons die Godfamilie binnegaan. Dit is ons verantwoordelikheid om daardie onderrig te ontvang, of ons sal geestelik sterf! Ons moet sien hoe verbasend wonderlik dit is om met ons Vader en ons Eggenoot, Jesus Christus, te wees. Ons het almal nodig om nóg dieper in die Godfamilie visie onderrig te word.

Dit is 'n ernstige saak. Die meeste van God se mense is sterwend omdat hulle hierdie Godfamilie visie ontbreek! (2 Thessalonicense 2:10). Alles wentel rondom hierdie visie!

SEUNS VAN BÉLIAL

Let op Eli se storie in 1 Samuel 2. “Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die *HERE* nie erken nie” (vers 12), of soos dit in die Hebreeus lees, *hulle was nutteloos*. Hulle het God nie geken nie. Hulle name, Hofni en Pínehas, was Egipties. Miskien was hulle nooit bekeer nie.

Verse 13-14 openbaar dat, terwyl hulle hul priesterlike pligte uitgevoer het, Eli se seuns meer as hulle deel van die mense se offergawes geneem het. Erger nog, “*Selfs* voordat hulle die vet aan die brand steek, kom die dienaar van die priester en sê aan die man wat offer: Gee vleis om vir die priester te braai, want hy sal nie gekookte nie, maar net rou vleis van jou neem” (vers 15). So, hulle het *selfs* van die altaar van God geneem! God plaas die woord *selfs* daar om die afgrysligheid van hulle sonde aan te dui.

Eli se seuns het God nie gevrees nie, net soos die Laodiceërs God ook nie vrees soos wat Levi God gevrees het nie (Maleági 2:4-5). Hulle is nie bang om met God se werk en God se offergawes in te meng nie. God sê dat hulle *Hom beroof* het (Maleági 3:8). Hulle het mense se tiendes en offergawes gevat, wat gebruik moes word om die wêreld te waarsku en het dit vir sinnelose dinge gebruik.

Eli se seuns en die Laodicese leraars vandag, het van God se mense—en van God—gesteel. En om van God te steel is veel erger.

“As die man vir hom sê: Laat hulle net eers die vet aan die brand steek, neem dan vir jou soos jou siel begeer—dan sê hy: Nee, maar jy moet dit nou gee; en so nie, dan *neem ek dit met geweld*” (1 Samuel 2:16). Eli se seuns was besig om gewildig met God se mense te raak. Die mense wou God dien. Maar die priesters het meer as hulle deel—met *geweld* gevat.

Dit is ‘n profesie vir vandag. Wanneer ons geestelik na hierdie geskiedenis kyk, bevat dit baie lesse vir God se Kerk vandag. Wat doen ons wanneer ons sien dat dit geestelik in God se Kerk gebeur? Word ons ontmoedig en val ons uit? Nee! God belowe om iets uit te werk. God het ‘n plan gehad. Ons moet dikwels wag om te sien wat God besig is om te doen. “En die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van die HERE, *want die mense het die offer aan die HERE verag*” (vers 17). Die Hebreeus dui aan dat die mense die offer van die Here verag het, want *hierdie leraars* het VEROORSAAK dat die mense dit verag het! Het ons dit in God se Kerk sien gebeur?

Maleági se Boodskap gaan oor leraars wat veroordeel word omdat hulle veroorsaak dat God se Kerk afdwaal. Leraars word meer verantwoordelik gehou. Ons moet egter steeds vir God wag om die probleem reg te stel—deur ‘n man wat God gebruik, net soos Hy vir Samuel gebruik het.

Leraars het ‘n groot verantwoordelikheid wat op hulle skouers rus en hulle sal verantwoordelik gehou word. Daar is soveel maniere waarop hulle God se werk en God se mense kan misbruik. Dit is wat die Laodicese leraars gedoen het. Hulle het God se mense verstrooi en ‘n groot ramp in God se Kerk veroorsaak! In Eségiël 34 vergelyk God hulle met herders wat nie hulle kudde voed nie en wat toelaat dat hulle verstrooid raak.

PROBLEME OP DIE HOOGSTE VLAK

“Maar Eli was baie oud, en as hy hoor alles wat sy seuns aan die hele Israel doen, en dat hulle gemeenskap hou met die vroue wat dien by die ingang van die tent van samekoms” (1 Samuel 2:22). Hierdie was geen klein sonde nie! Tog het Eli se seuns nie eens omgee as mense hulle sien nie. Mense het en hulle het gepraat.

Toe Eli daarvan uitgevind het, het hy sy seuns slegs sagkens berispe: “dan sê hy vir hulle: Waarom doen julle sulke dinge,

dat ek van hierdie hele volk julle slegte dinge moet hoor? Dit moenie wees nie, my seuns, want dit is geen goeie gerug wat ek hoor nie; *julle maak dat die volk van die HERE oortree*” (verse 23-24).

Die mees hooggeplaaste man in Israel het nie die moed gehad om sy seuns te vervang nie. “As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as ‘n mens teen die HERE sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree? Maar *hulle* het *nie* na hulle vader *geluister nie*, want die HERE wou hulle ombring” (vers 25). NET EEN MAN—ELI—KON SY TWEE SEUNS GESTOP HET. En omdat hy misluk het, het die hele volk uitmekaar begin val. Jesus Christus het Samuel voorberei om Eli te vervang. Toe het God Eli en sy seuns laat doodmaak.

Eertyds het God mense fisies laat doodmaak. Vandag, sterf mense geestelik en vir ewig as hulle die onvergeeflike sonde doen.

Hier is ‘n belangrike les vir God se Kerk vandag. Jesus Christus is werklik die Hoof van God se Kerk. As die fisiese leier faal, moet ons op Christus wag om die probleem reg te stel.

Die Laodiceërs weier om gelei te word deur die man wat God vandag gebruik. Dit is ons werk om hulle te waarsku. Maar dit is Christus se werk om hulle tereg te wys.

Sommige mense sê dat God se regering hard is. Maar dit is deur regering dat God sy Kerk en binnekort die hele wêreld, beskerm en red! Dit is ‘n regering van suiwer liefde!

Mense sien slegs die hede. God sien die volledige prentjie. Ons moet deur God se oë sien. Mettertyd sal die *vrugte* vir almal sigbaar wees.

In vers 25 waar dit sê “dan beslis die owerheid oor hom” moet dit lees “*Elohim*” *sal oor hom beslis*. Die Godfamilie! Dit is wat “*Elohim*” vir ons beteken en dit is wat dit vir Eli beteken het. Hy het van die Godfamilie geweet. Eli het geweet dat hy nie sy seuns bo God moes stel nie. Toe ons ‘n verbond met God gemaak het, het ons gesê dat ons, ons fisiese moeder, vader, suster, broer en selfs ons eie lewe sou opgee, indien dit nodig sou wees. (Lukas 14:26). Eli het daardie verbond gemaak, maar hy het nie daarby gehou nie.

Ten spyte van die gesag wat God hom gegee het, kon Eli nie die Godfamilie struktuur in sy eie familie behou nie. So het God toe ‘n gelofte afgelê om sy seuns dood te maak. Nogtans, dit het nie vir Eli tot bekering gebring nie.

As die fisiese leier aan die hoof nie die leraars wil tereg wys nie, sal God met hulle almal afreken.

GOD SE FAMILIE REGERING

Alhoewel die Laodiceërs terugsit en God se familie regering kritiseer, is dit 'n fundamentele waarheid dat sonder hierdie regering, fisiese en geestelike Israel uitmekaarval!

Die evangelie is die *goeie nuus* oor die komende *familie* van God, wat die regering van God sal administreer. God se Kerk is hierdie koninkryk in embrio. Dit word deur dieselfde regering regeer wat die aarde in die Wêreld van Môre sal regeer. Hoe geseënd is ons om deel te wees van 'n Kerk waar Jesus Christus die Hoof is.

Die Laodiceërs het verkies om nie die regering van God te administreer nie. Sommige van hulle sal as gevolg hiervan, vir ewig sterf. Dit is hoe ernstig hierdie saak is.

As ek nie my rol in die regering van God uitvoer nie, weet ek wat die toekoms vir my inhou.

Wanneer sy mense afdwaal, gee God hulle genadiglik in alle opsigte die geleentheid om hulle te bekeer. Soos ons binnekort sal sien, het God aan Eli twee puik geleenthede gegee en tog wou hy dit nie neem nie. Die Laodiceërs is allerlei geleenthede gegee om hulle te bekeer en hulle wil nie. Die tyd loop uit. Ons het net sóveel tyd om vir God se Koninkryk voor te berei.

GOD SE OPLOSSING

Te midde van al hierdie probleme in Israel se priesterdom, was God besig om 'n oplossing voor te berei; "Maar die seun Samuel het toegeneem in grootte en in guns by die HERE sowel as by die mense" (1 Samuel 2:26). Samuel is op die toneel gebring om Eli te vervang.

"En daar het 'n *man van God* by Eli gekom en vir hom gesê: So spreek die HERE: Het Ek my nie duidelik geopenbaar aan die huis van jou vader toe hulle in Egipte in die huis van Farao was nie?" (Vers 27). 'n Naamlose profeet kom hier na Eli toe—voor Samuel se koms. Dit was die eerste profeet in Israel sedert Rigters 6:8. Dus het God, Israel oorgenoeg waarskuwing gegee.

Die ongelukkige storie van Eli en sy seuns staan in skerp kontras met die inspirerende storie van Hanna, Samuel se moeder. Die eerste twee hoofstukke van 1 Samuel handel oor twee tipe families, net soos daar geestelik vandag ook is. Terwyl Hanna 'n behoorlike liefde vir haar seun gehad het, het Eli 'n tipe van selfsugtige liefde gehad wat vir sy seuns en die volk 'n vloek geword het.

Eli was die Hoëpriester van Israel gewees. God het die hele Israel na hierdie man laat opsien. Elke jaar sou hy die skouerkleed opneem en op die Versoeningsdag, sou hy die Allerheiligste ingaan en vele *heilige* dienste vir God doen, waar God se troon was—VANWAAR SAMUEL GOD SE WARE STEM SOU HOOR!

Christus se offer het die Allerheiligste vir al die heiliges van God oopgemaak. Vandag is ons konings en priesters (Openbaring 1:6). Ons het daagliks toegang tot God se troon.

Net soos met die Hoëpriester is dit wat vir ons op die spel is, baie hoog. Vir God se mense vandag is ewige lewe op die spel.

Eli het die hoogste pos beklee in Israel en hy wou nie sy seuns onder bedwang hou nie. Hy wou hulle nie aan God toewy soos Hanna met haar seun gedoen het nie. God het hierdie sonde van hom nie ligtelik opgeneem nie.

Eli wou nie na God luister nie. Hy het geluister na dit wat gewild en polities korrek in Israel was. Indien hy sy seuns beheer het sou mense moontlik sê: “O, wat ‘n harde man!” Daarom het hy hulle net laat begaan en sou Israel vernietig gewees het as dit nie vir God se ingryping was nie. Wie was die hardste?

‘N DEURBRAAK VISIE

1 Samuel 3:1 meld, “En die seun Samuel het die HERE gedien voor Eli, en die woord van die HERE was *skaars* in die dae: *gesigte was daar nie baie nie.*” Die Hebreeus lees dat daar “geen deurbraak visie” was nie.

Alles in Israel het rondom die tempel, wat ‘n *sinnebeeld* van God se Kerk vandag is, gedraai. Al ons werk draai rondom Hoofkantoer.

Die nasie van Israel het ontmoedig geraak, want die seuns van Eli was besig om te sondig. Baie van die mense wou nie eens na Silo, waar die tempel was, kom nie.

Dit is hoofsaaklik wat gebeur het toe die Laodicese leraars in hierdie eindtyd teen God in opstand gekom het. Ons mense het die baie slegte voorbeelde van die leiers gesien. God se werk het begin onbestendig raak en het binne 'n kort tydperk gefaal.

Hoe kan ons die belangrikheid van regverdigheid en getrouheid in God se leiers oorbeklemtoon?

Toe mnr. Armstrong gesterf het, het die Laodicese leiers begin om al die vernaamste leerstellings van die Kerk te verander. Die Openbaring wat God deur mnr. Armstrong gegee het, is onderdruk en ons lede het geen nuwe openbaring gesien nie. Meer as 95 persent van God se mense het uiteindelik weggedraai. God se familie was verpletter!

Maar God het 'n oplossing gehad wat Hy in die boek *Maleági se Boodskap*, openbaar het. (Vra 'n kopie aan, indien u nie een het nie. Dit is gratis). Stel u voor hoe dit sou wees as daar geen *Maleági se Boodskap* was om deur daardie babelse verwarring te breek nie. Wat sou ons gedoen het? Ons sou in verwarring en duisternis gewees het.

Die Laodiceërs is nou erg verdeeld en dit is omdat dat hulle geen deurbraak visie het nie. God gee dit aan sy getroue familie. Ons is geseënd om te sien wat ons sien, want God gee ons 'n deurbraak visie.

Te midde van hierdie probleme in ou Testamentiese Israel, waar was God? Waarom het Hy niks gedoen nie? Wel, Hy was besig om iets te doen—net nie op die wyse waarvolgens mense verwag het nie. Terwyl die priesterdom in 'n warboel was, was Hy die hele tyd besig om met Samuel te werk. Net so het God *Maleági se Boodskap* aan my openbaar, maande voordat enigiemand anders daarvan geweet het. God was besig om iets te doen. Hy was besig om dinge uit te werk. Die openbaring was besig om *deur te breek*, alhoewel niemand anders daarvan geweet het nie.

Maleági se Boodskap is steeds besig om deur te breek. Daar is verskeie namaaksels van hierdie boek, want Satan wil die *skakel* tussen Elía en God se werk vandag vernietig. As hy dit kan regkry, kan hy God se *deurbraak* visie vernietig en die mense tot blindheid verdoem.

Toe die leierskap van Hoofkantoor begin om dit wat mnr. Armstrong geleer het te verander, was daar 'n tydperk, alhoewel kort, waar geen visie deurgebreek het nie. God se

mense het gewonder, *wat is verkeerd? Waarom geen openbaring? Waar is die God van Elía?* Hulle het in hulle harte gesê, *u familie is besig om uitmekaar te val, waarom doen U nie iets nie, God?*

Toe God *Maleági se Boodskap* aan my openbaar het, het ek nie geweet waarheen dit sou lei nie. Maar, het ek besluit om weekliks Bybelstudie met my gemeente in 1987 en 1988 te hê, soos Hoofkantoor dit gedoen het. (Die meeste gemeentes het dit tweeweekliks gehad). Ek veral, het gevoel dat ek dit nodig gehad het, want dit was op daardie tydstip dat God baie van die boek van Amos aan my openbaar het. Dus was daar ‘n tyd waar ek weekliks Bybelstudies en preke voorberei het. Behalwe vir die boodskappe wat my assistent, John Amos, nou en dan gegee het, het ek die meeste van die boodskappe gelewer. God was besig om my voor te berei om dieper in die Skrif in te gaan. Dit is waar ons almal moet wees wanneer geestelike krisis ons tref. Ons moet weet wat God sê ons te doen staan, u kan nie deur ‘n geestelike krisis soos hierdie kom as u ‘n gebrek aan God se nabyheid het nie. Hy was besig om my voor te berei.

As u naby aan Hom is, sal Hy ongemerk in die agtergrond werk om u voor te berei en seker te maak dat u gereed is vir die krisis wat u in die gesig staar.

DIE LAMP VAN GOD

“In dié tyd dan, terwyl Eli op sy plek lê en slaap—sy oë het al begin swak word, sodat hy nie kon sien nie—toe die lamp van God [*“Elohim”*] nog nie doodgegaan het nie, en Samuel lê en slaap in die tempel van die HERE *waar die ark was*” (1 Samuel 3:2-3). Daar is ‘n oorvloed van simboliek hier, wat ons moet begryp. Ons moet die fokus op die Godfamilie hou.

Die lamp was op die punt om uit te gaan in God se eindtyd tempel, of Kerk. Ons moet die lamp, God se werk, deur ons gebede en ons offers aan die gang hou. Dit gaan oor die lamp en die ark van *“Elohim”*—van die *Godfamilie*. Ons werk, as God se familie, is om die *Godfamilie* lamp—God se boodskap—so helder as wat ons moontlik kan in die wêreld te laat skyn. Dit is die *enigste* lig wat die mense uit hierdie wêreld roep.

Die mees algemene woord vir God in die Ou Testament is *“Elohim.”* God het Israel geleer dat hulle sy familie

is—verwysende na die volk as ‘n “seun” (Deuteronómium 8:5) en na Homself as ‘n Vader (Maleági 1:6; Jeremia 31:9).

In die Nuwe Testament word ons ook van die Vader en Seun geleer (Lukas 1:30-33, Johannes 1).

Ons is veronderstel om in die Familie van God gebore te word. Nou kan ons beter insien waarom dit die “lamp van ‘Elohim” is! Die Godfamilie is die lig van die wêreld! Ons is gebore om lede van die Godfamilie te word! (Génesis 1:26).

Niemand kan na God kom tensy die Gees van die Vader hom trek nie (Johannes 6:44). Om deur die Vader verwek te word is hoe hierdie familie lig begin. Nie eens Christus kan seuns in die Godfamilie in nooi of verwek nie. In God se familie, het almal ‘n spesifieke taak.

Ons word ook van “die ark van ‘Elohim” geleer. Die ark van God is ‘n simbool van God se familie troon. Dit beeld die *Godfamilie regering* uit. Bo-op die ark was ‘n replika van God se troon tussen die twee aartsengele; binne-in was die manna, die wet en Aäron se staf (‘n tipe van God se regering). God het met ou Testamentiese Israel vanuit die ark gepraat en vandag praat Hy met ons deur openbaring en voed Hy ons met geestelike manna! (Johannes 6:58).

God wil ons bekering verdiep. *Kennis* is nie bekering nie. Dit moet egter gebruik word om bekering voort te bring—om ons deel van dié Godfamilie regering te maak.

OM GOD INTIEM TE KEN

“In dié tyd dan, ... en Samuel lê en slaap ... het die HERE na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek. Daarop loop hy na Eli en sê: Hier is ek, want u het my geroep. Maar hy antwoord: Ek het nie geroep nie; gaan slaap maar weer. Hy het toe geloop en gaan lê. Maar Samuel het die HERE nog nie *geken* nie; ook was die woord van die HERE nog nie aan hom geopenbaar nie” (1 Samuel 3:2-5, 7). Die woord *geken* beteken om op ‘n intieme wyse te ken, in die Hebreeus word dit selfs gebruik om seksuele verhoudinge te beskryf. Samuel sou God dus baie intiem leer *ken*. Hy sou God deur middel van openbaring ken en sou dan daardie openbaring na Israel as waarskuwing neem.

Dit het te doen met die man aan wíé God die *openbaring* gee. God gee die openbaring aan ‘n man en laat die Kerk dan

na hierdie man opkyk. Dié man word dan deur God, streng aanspreeklik gehou. Want dit is *deur* hom en die openbaring wat God aan hom gee, dat ons God intiem leer ken.

Hoe goed ken u God? Hoe goed *wil* u God ken?

God het aan Samuel openbaring gegee rakende wat Hy met Eli en sy seuns sou doen. “Toe het die *HERE* aan Samuel gesê: Kyk, Ek gaan ‘n ding doen in Israel waarvan elkeen wat dit hoor, se twee ore sal tuit. *Dié dag* sal Ek aan Eli vervul alles wat Ek oor sy huis gespreek het, van die begin tot die end” (verse 11-12). In “*dié dag*,” wat na die eindtyd verwys, sal God hierdie dinge doen! Dit sal die ore van die hele Israel laat *tuit*! Dit is ‘n profesie teen ‘n *fisiese familie* in Israel—die *fisiese* nageslag van Eli. Wat met hierdie fisiese familie besig is om te gebeur sal selfs sinlike mense se ore laat tuit!

God se veroordeling gaan voort: “En daarom sweer Ek aangaande die huis van Eli: Waarlik die ongeregtigheid van die huis van Eli sal tot in ewigheid nie deur slagoffer of spysoffer versoen word nie” (vers 14). Dit sal nooit versoen word nie! Dit is iets wat God vir ewig in sy hart sal hou. Dié familie is onder een of ander vloek, so lank as wat hulle vlees is.

TWEE WAARSKUWINGS

Mense wie nuwe openbaring van God ontvang, is diegene wat tyd in die Allerheiligste deurbring—vanwaar God met Israel gepraat het. God vertel ons so duidelik wat vandag sal gebeur, want Hy wil ons red van fisiese—en *geestelike*—vernietiging. Dít is die liefde van God. Waar is die ark vandag? Waar hoor u vandag ‘n profesie soos dié een wat aan Samuel gegee was? Waar op aarde hoor u die God van openbaring met die wêreld praat, met die Laodiceërs en met sy uitverkorenes? Waar is die Allerheiligste vandag? Waar is die binneste voorhof van die tempel?

Samuel was ‘n jong tiener op die tydstip toe hy hierdie visioen oor Eli se familie ontvang het en hy was bang om Eli daarvan te vertel. Ons kan bang wees om die wêreld te vertel van die oor-tuitende gebeurtenisse wat hulle gaan tref. Nietemin het Eli die teenwoordigheid van gees gehad om Samuel te vra om hom te vertel wat God aan hom gewys het en gesê dat indien hy dit nie sou vertel nie, daardie dinge Samuel

moontlik kon tref. Onthou, Samuel was eintlik die tweede profeet wat Eli oor sy probleem ingelig het (1 Samuel 2:27).

Eweneens, in hierdie eeu, is daar twee boodskappe wat vanaf twee verskillende mans uitgegaan het. God se familie slaan steeds nie daarop ag nie. Wat is volgende? Wat gebeur volgende, nadat die eerste twee mans op die toneel verskyn het? Wat is die derde gebeurtenis wat met God se mense vandag sal gebeur? Dit is dieselfde ding wat met Eli en sy seuns gebeur het, net in 'n meer ernstige *geestelike* konteks. Dit is die Woord van die lewende God!

Daar was 'n man wat gekom en die eindtyd Elia profesie, vervul het en nou is daar nóg 'n werk wat hom gevolg het. Vir meer as 60 jaar is die nasies van Israel herhaaldelik gewaarsku wat God aan Israel sal doen as hulle hul nie bekeer nie. As hulle nie die Godfamilie visie begin verstaan nie, sal hulle nooit die *werklike* oplossing vir al hulle probleme begryp nie. Met die Godfamilie visie kan hulle elkeen van hul probleme oplos.

Al hierdie dinge hou met die wederkoms van Jesus Christus verband, wanneer Hy *alle dinge* tot die wêreld sal herstel. Alhoewel, op hierdie tydstip is sy groot werk om *meer openbaring* aan sy bruid te gee. Wat 'n toekoms wag daar op ons almal. Wat se toekoms wag op die hele Israel.

ELI SE HUIS

Eli se familie was die “eerste familie” van Israel. As God sy fisiese nageslag sou gebruik om ons ore te laat tuit, sou hulle ongetwyfeld 'n welbekende familie in Israel wees. Hierdie familie sal, soos Eli se familie, waarskynlik hoog in die rangorde van Israel se regering wees. God bring nie 'n ramp oor hierdie een familie net om *hulle* wakker te maak nie. GOD DOEN DIT OM AL DIE ORE IN ISRAEL TE LAAT TUIT. HY WIL HÊ DAT DIE HELE ISRAEL ONTWAAK!

Na die tragiese dood van John Kennedy junior in 1999, het een opname gewys dat 26.4% Amerikaners dink dat daar 'n vloek op die Kennedy familie rus. Kan die Kennedy familie onder 'n vloek wees omdat hulle die nageslag van Eli is? *Ek weet nie*. Maar dit is geprofeteer dat so 'n vloek 'n familie van Israel in die eindtyd sou beproef!

Watter ander familie het onder soveel vloeke gebuk gegaan? Ek weet van geen ander nie.

Op die voorblad van die “*Newsweek*” van 26 Julie 1999, is die Kennedy dood, met hierdie hoofopskrif aangedui: “*Again!*” Die hoofartikel van daardie uitgawe, getiteld, “*Charmed, Yet Cursed,*” het al die tragedies gelys wat die Kennedy familie getref het. Hier is ‘n paar voorbeelde:

1944: Joseph Kennedy sterf in die Tweede Wêreldoorlog, tydens ‘n geheime bomsendingsvlug oor Engeland.

1948: Kathleen Kennedy-Hardington sterf in ‘n Franse lugramp.

1963: President John F. Kennedy sterf in ‘n sluipmoordaanval.

1964: Op pad na die Massachusetts Demokratiese Staatskonvensie, word Ted Kennedy ernstig beseer in ‘n private vliegkamp.

1968: Robert F. Kennedy word in ‘n sluipmoordaanval in Los Angeles vermoor nadat hy die Kalifornië benoemingsverkiezing gewen het.

1969: Ted se motor bots op die “*Chappaquiddick Island,*” Mary Jo Kopechne sterf en Kennedy se presidensiële aspirasies word vernietig. HY HET LATER GESÊ DAT DIT LYK ASOF SY FAMILIE ONDER ‘N SOORT VLOEK IS.

1973: Teddy junior se regterbeen moes weens kanker op die ouderdom van 12 afgesit word.

1973: Joe junior het ‘n ongeluk met ‘n Jeep en word sy vriendin, Pamela Kelly, van die middellyf ondertoe verlam.

1984: David, 28, sterf aan ‘n dwelmoordosis in ‘n Palm Beach hotelkamer.

1997: Terwyl Micheal, 39, ski-sokker op die Aspen berge speel, tref hy ‘n boom en sterf.

1999: John F. Kennedy junior, Caroline Besset-Kennedy en haar suster, Lauren sterf al drie toe hulle enkel-motor vliegtuig naby “*Martha’s Vineyard*” neerstort.

GOD WIL ISRAEL SE ORE LAAT TUIT, WANT HY WIL HULLE RED! GEBRUIK HY HIERDIE VLOEK OP HIERDIE FAMILIE, IN ‘N POGING OM ISRAEL WAKKER TE MAAK VIR DIE VLOEKE WAT HULLE BINNEKORT, NASIONAAL GAAN TREF? Ek glo dat ons hierdie vraag diep moet oordink.

DIE VERWOESTING VAN ISRAEL

Die woord *tuit* word slegs in twee ander gedeeltes in die Ou Testament gebruik: 2 Konings 21:12 en Jeremia 19:3. Beide

profetiese boeke verwys na Nebukadnésar se verwoesting van Jerusalem. Daardie verwoesting is slegs ‘n *tipe* van die verwoesting wat oor die hele Israel in hierdie laaste dae sal kom, as ons mense hulle nie bekeer nie. Die familie van Israel staan op die punt om vernietig te word, dit is meer as net een familie. Dit is die grootste krisis wat ooit met Israel sal gebeur!

Dit is die boodskap wat ons aan hulle moet oordra. God begin dit met “dié dag” (1 Samuel 3:12), maar Hy sê ook dat Hy “‘n einde daaraan” sal maak, of dat Hy dit sal stop.

Enige vervloekte familie kan die vloek stop as hulle na God draai, in diepe bekering. Maar die nasies van Israel—veral Amerika, Brittanje en Juda (die moderne nasie wat Israel genoem word)—is ook vandag onder ‘n vloek! (Daniël 9:12-13; Levítikus 26 en Deuteronómium 28).

God profeteer in Jeremia dat die hele Israel vernietig sal word. In Jeremia 31:15, ween Ragel die moeder van die nasies van Israel, oor haar familie en weier sy om getroos te word. God wil hê dat ons Israel omtrent hierdie verskriklike ramp moet waarsku terwyl daar nog tyd is!

Ek glo dat die vloek op die Kennedy familie ‘n waarskuwing van God is oor wat op die punt staan om met die hele Israel te gebeur. Dit laat ons ore tuit. Dit behoort ons ook tot bekering te bring.

Dit is ‘n tienvoudige waarskuwing aan God se eie leraars vandag—daardie mans wat in die tradisie van Eli dien! Dit is tyd dat alle mense op God se boodskap ag slaan. Is ons so deurtrek van bedrieëry en wellus dat ons nie deur God se waarskuwing bereik kan word nie?

Israel staan op die punt om tot ‘n einde te kom! Mense kan spot, maar God sal hulle tot ‘n val bring soos wat Hy met Eli en sy seuns gedoen het! God het Eli en sy familie vertel dat Hy hul gaan vernietig en Hy het dit gedoen! Dit is ook wat Hy aan Israel vertel het. As hulle hul nie bekeer nie, sál Hy dit doen!

Terwyl mnr. Armstrong geleef het, het God die nasies van Israel vir baie jare gewaarsku. Nou, deur ons, gee Hy hulle ‘n finale waarskuwing voordat Hy die skrikwekkende Groot Verdrukking stuur. Ons kan nie hierdie boodskap nie ligtelik opneem nie. Die krag van God moet in ons lewens werk sodat ons hierdie boodskap aan Israel kan oordra.

“En Ek sal hom te kenne gee dat Ek sy huis gaan oordeel TOT IN EWIGHEID oor die ongeregtigheid *wat hy geweet het*; want toe sy seuns skande oor hulleself gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie” (1 Samuel 3:13). Eli het geweet. Dit is dieselfde woord wat voorheen gebruik was—*om intiem te ken*. Eli het van “*Elohim*” se openbaring geweet en tog wou hy nie sy seuns bestraf nie. Om daardie rede het God gesê dat Hy *vir ewig* ‘n vloek oor Eli se familie sou bring. Dit is fisies en geestelik van toepassing. Die Laodiceërs het geweet wat ons weet. Hulle het ‘n nagedagtenis waaraan die wêreld ontbreek—‘n herinnering van wat mn. Armstrong hulle geleer het. Tog dwaal hulle terug na die wêreld, nadat hulle die groot God *geken* het. Wát ‘n tragedie! Dit kan baie maklik met ons gebeur.

LESSE VANUIT SILO

“Toe het die HERE gekom en gaan staan en geroep soos die vorige kere: Samuel, Samuel! En Samuel het geantwoord: Spreek, want u kneg hoor. ... En Samuel het grootgeword, en die HERE was met hom; en hy het nie een van al sy woorde onvervuld laat bly nie” (verse 10 en 19). Ons moet Samuel se voorbeeld volg en nooit God se woorde in ons persoonlike lewe of in hierdie werk, onvervuld laat nie.

“En die hele Israel van Dan tot Berséba het erken dat Samuel betroubaar was as die profeet van die HERE. En die HERE het *weer verskyn* in Silo; want die HERE het Hom geopenbaar aan Samuel in Silo deur die woord van die HERE” (verse 20-21). In vers 10 het God in een of ander vorm aan Samuel verskyn—dalk net ‘n stukkie van Hom. Hier het God vir ‘n tweede keer aan hom verskyn. Hierdie verse maak die realiteit duideliker dat ons nader en nader aan die punt kom om God te sien.

Hierdie tweede keer, het God in Silo verskyn. God gebruik Silo om ons iets in die eindtyd te leer. In daardie dae was die hele nasie op Silo gefokus, net soos God se mense geestelik op Pasadena, Kalifornië, die hoofkantoor van die “*Worldwide Church of God*” (wCG), gefokus was terwyl mn. Armstrong nog geleef het. Die woord *Silo* beteken “rus.” Pasadena was ‘n plek van rus terwyl mn. Armstrong daar was. Dit was waar die geestelike ark en die huis van God was.

Alhoewel daardie huis vandag steeds staan, vloei daar geen geestelike waarheid meer vanuit Pasadena soos in die verlede nie. Wat 'n verfoeilike sonde het daardie leraars gepleeg. Is God hard wanneer Hy met hulle handel? As God hulle vir alle ewigheid van hulle ellende bevry, is dit sleg? God wil ons ewige heerlikheid laat binnegaan en Hy gee ons elke geleentheid om daardie doel te bereik. Maar Hy sal nie toelaat dat rebelle saam met Hom by Hoofkantoor sit nie.

In ou Testamentiese Israel, toe die ark Silo verlaat het, het dit nooit weer na daardie stad teruggekeer nie. In Jeremia 26 word Silo in 'n eindtyd profesie genoem. Dit gaan ook oor God se Kerk en die nasies van Israel in die laaste dae: “So sê die HERE: Gaan staan *in die voorhof van die huis van die HERE*, en spreek tot al die stede van Juda wat kom om te aanbid in *die huis van die HERE*, al die woorde wat Ek jou beveel het om aan hulle te sê, laat geen woord weg nie... As julle na My nie luister nie, om in my wet te wandel wat Ek julle voorgehou het, om te luister na die woorde van my knegte, die profete, wat Ek na julle stuur, vroeg én laat, sonder dat julle geluister het, dan sal Ek hierdie huis [die Laodicense huis] maak soos Silo, en hierdie stad [Jerusalem, 'n tipe van die hele Israel] sal Ek maak 'n vervloeking vir al die nasies van die aarde” (Jeremia 26:2-6). Die hele boek van Jeremia was spesifiek vir hierdie eindtyd geskryf (Jeremia 30:1-3).

As u Silo vandag besoek, sal u oplet dat daar orals massiewe rotsblokke rondlê. U kan sien dat daar glorie in 'n stadium was—God het twee keer aan Samuel in Silo verskyn—maar nou is dit geheel en al bouwellig. Hoekom? Want God het dit vernietig. En Hy beloof om die Laodicense Kerk net soos Silo te maak! *Geestelik* is hulle alreeds so! God se wet was deur Herbert W. Armstrong aan hulle voorgehou. Hulle het God se regering gehad, maar het dit verwerp. Nou het hulle geen man om God se wet te implementeer nie. Hulle word nie meer geestelik gevoed nie.

Hierdie profesie is ook fisies—op die hele Israel—van toepassing. Op hierdie stadium is die nasies van Israel in verskeie opsigte baie indrukwekkend vir die wêreld. Hulle gaan egter binnekort in puin gelê word! Net soos Silo.

“Waarom het jy in die naam van die HERE geprofeteer en gesê: Hierdie huis sal soos Silo word, en *hierdie stad sal verwoes word, sonder inwoner?* En die hele volk het bymekaargekom

teen Jeremia in die huis van die Here” (Jeremia 26:9). Verstaan: Dit is nie eertydse geskiedenis nie; dit het nog nooit gebeur nie! SILO WAS NIE IN DIE OUTYD “SONDER INWONER” GELAAT NIE. HIERDIE PROFESIE IS VIR DIE NABYE TOEKOMS!

Silo was, in die outyd, in puin gelaat, maar *nie* “sonder inwoner” nie.

Dawid het oor die tragiese val van Silo geskryf: “En hulle het Hom geterg deur hulle hoogtes en deur hulle gesnede beelde sy jaloersheid gewek. God het dit gehoor en toornig geword, en Hy het Israel heeltemal verwerp. En Hy het die tabernakel in Silo prysgegee, die tent wat Hy opgeslaan het onder die mense. En Hy het sy sterkte oorgegee in gevangenskap en sy heerlikheid in die hand van die teenstander. En Hy het sy volk oorgelewer aan die swaard en toornig geword op sy erfdeel. Die vuur het hulle jongmanne verteer, en hulle jongedogters is nie geprys nie. Hulle priesters het deur die swaard geval, en hulle weduwees het nie geweene nie” (Psalm 78:58-64). God het Silo verlaat. Daar was geen troues meer of blydschap van enige aard nie. Die mense was so diep ontmoedig, dat hulle nie meer kon ween nie!

Ons kan hierdie profesieë nie ligtelik opneem nie. Ons moet meer dringend as ooit tevore wees. Die mense van Israel sal binnekort vernietig word as hulle hul nie bekeer nie! Ek weet hoe Silo lyk; ek het vier televisieprogramme daar gemaak gedurende twee onderskeie besoeke. Daar is niks behalwe verlatenheid nie. Ons kan weet hoe Israel sal lyk—sonder inwoner! Wanneer ons hierdie boodskap hoor, moet ons meer dringend mense word!

Eli en sy seuns het *veroorzaak* dat Israel die Godfamilie visie uitwis. Die eindresultaat was verbysterend.

SATAN SE DRINGENDE WOEDE

“Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na die aarde neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:12). Satan is op die aarde neergewerp en is gevul tot by die droesem met skuimende woede! Hy kook van woede; hy het niks om te verloor nie. Hy het so min tyd oor.

Ons moet die meeste van hierdie “min tyd” maak deur God se werk met meer dringendheid te doen. Hierdie vers handel oor ‘n tyd voor die Groot Verdrukking. As ons nie toelaat dat God se Gees ons beweeg nie, dan sal ons doen wat die Laodiceërs doen: Hulle liefde verkoel, want ongeregtigheid vermeerder soveel (Matthéüs 24:12). Die hele Israel is in ongeregtigheid gedompel, hulle swaai hul vuiste voor God en die Laodiceërs volg in hulle voetspore.

Intussen is die mag van die dier besig om vinnig opgang te maak. Dit is besig om voor te berei om ‘n straf, erger as wat enige ander nasie ooit ontvang het, op Israel los te laat. Wie sal Israel waarsku?

Ons het hierdie Godfamilie visie nodig ten einde ons te help om hierdie skrikwekkende boodskap oor te dra. God is besig om sy familie voor te berei. Ons het ‘n moeilike taak om te verrig. Ons moet ons Vader se werk voltooi soos Jesus Christus dit gedoen het (Johannes 4:34).

”En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het” (Openbaring 12:13). Toe Satan neergewerp was, het hy God se Kerk uitmekaargeskeur. Hy het God se Kerk so erg vervolg dat 95 persent van hulle teen God in opstand gekom het. God het hierdie aanvalle toegelaat want Hy wou sien watter tipe karakter sy mense gebou het en hoeveel hulle werklik van sy apostel geleer het.

Die familie van God is Satan se vernaamste teiken! Hy sal enigiets doen om vir ons strikke te stel en ons geestelik uitmekaar te skeur. Die ergste nuus in hierdie storie is *nie* dat diegene wat rebelleer het deur die lyding van die Verdrukking sal moet gaan nie; dit is dat 50 persent van hulle, volgens die Bybel, nie in God se familie sal wees nie!

Maar God sal ons beskerm, as ons getrou aan Hom bly: “maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, ‘n tyd en tye en ‘n halwe tyd” (vers 14).

ELI SE EINDE

In 1 Samuel 4:1-2, het Israel 4,000 manskappe in ‘n stryd teen die Fillistyne verloor. Die nederlaag het hulle moraal verpletter.

“Terwyl die manskappe die laer inkom, sê die oudstes van Israel: Waarom het die HERE ons vandag voor die Fillistyne verslaan? ...” (Vers 3). Hulle kon nie verstaan waarom dit met Israel gebeur het nie—waarom alles besig was om in duie te stort nie.

Hulle het die regte vraag gevra. As ons aanhou om die stryd in ons persoonlike lewens te verloor, moet ons onself eerlik afvra, waarom? Daar moet ‘n rede wees. Ja, ons almal het ons beproewinge, maar ons behoort nie gevegte teen ons vyand te verloor nie.

Let op na die reaksie van die Israeliete in vers 3: “... Laat ons die verbondsark van die HERE uit Silo na ons toe bring, dat dit onder ons inkom en ons verlos uit die hand van ons vyande.”

God het vanaf die ark met Samuel gepraat. *Dit was die heiligste voorwerp in Israel gewees.* Die ark was nie net daar as ‘n fisiese simbool nie. God het daarvandaan gepraat!

DIE ‘*Philadelphia Church of God*’ IS NIE VANDAG NET HIER AS ‘N SIMBOOL NIE—GOD PRAAT VAN HIER AF! Ons is die binnehof, waar God woon.

Die geestelike ark is vandag hier. God gee sy geopenbaarde profesie deur my en hierdie Kerk. Hierdie boek wat u lees is ‘n klein deel van die oorfloedige bewyse!

God praat vanaf die *verbondsark*—vanaf dié troon tussen die aartsengele—met sy Kerk. Hy praat met sy verbondsmense—diegene wat, gegrond op die regering van God, getrou aan hierdie verbond was. Ons het ‘n verbond met die Here van die leërskaars gesluit (vers 4)—die God van al die engele, die God van die hele heelal. Hy is ons militêre leier in die vele strydgevegte wat ons trotseer. Ons is in die mees intense oorlog ooit teen Satan en sy demone gewikkel. Hulle probeer met al hulle mag om ons te vernietig. Die meeste van God se mense is oorwin omdat hulle nie die verbond gehou het nie. God wil hê dat ons daardie gevegte moet wen, maar ons moet ons deel van die verbond nakom as ons dit wil regkry (Lukas 14:26-27).

Na Israel se neerlaag onder die hand van die Fillistyne, het Hofni en Pinehas die ark gaan haal. Hulle het langs die ark gestaan toe hulle gesterf het. Hulle het gedink dat hulle regverdig was toe hulle, as God se leiers, daar by die ark gestaan het. Maar as gevolg van hulle sondes het hulle by die ark gesterf.

Laat ek u weer herinner dat binne-in die ark, was twee kliptafels met die Tien Gebooie daarop geskryf. Die staf van Aäron (‘n sinnebeeld van God se regering deur ‘n man) was ook daarin. Die laaste item was die goue pot met manna. Die versoendeksel was bo-op die ark, wat God se troon uitbeeld.

Waar sal u vandag die Tien Gebooie en God se regering vind? Wie word op geestelike manna, of openbaring gevoed? Slegs God se Filadelfia Kerk; en u kan daardie kragtige stelling bewys.

Die verbond was gegrond op dit wat in die ark was—God se wet en regering. Dit is hoe God vanaf die versoendeksel regeer. Diegene wat hulle onderwerp word geestelike manna gevoer (Johannes 6).

Die Laodiceërs kan self regverdigend voorgee asof hulle God gehoorsaam, maar dit is *maklik* om die teendeel te bewys! Dit is waarom ek seker is dat baie van hulle so vinnig in die Groot Verdrukking tot bekering sal kom.

Ons het vandag ‘n keuse. God dwing niks op ons af nie. Dit openbaar sy liefde. Ons is in ‘n huweliksverbond. Christus wil met ons trou. Maar Hy sal nie sy bruid dwing om te gehoorzaam nie. Ons moet sy liefde vrywillig terugbeantwoord.

Let op vers 10 van 1 Samuel 4: “Toe het die Fillistyne geveg, en Israel is verslaan, sodat hulle gevlug het, elkeen na sy tente toe. En die slagting was baie groot: van Israel het daar dertigduisend voetgangers geval.” Israel het van die strydgeveg weggevlug. Hulle het nie eens meer geveg nie.

Joseph Tkach junior het gesê dat 40,000 lede van die WCG, die Kerk verlaat het en niks meer doen nie. Hulle is verslaan. Hulle het die stryd verloor en hulle is moeg van baklei. As u hierdie probleem het, beter u daarmee handel of u sal deur die duiwel oorwin word.

Daar was ‘n tyd toe die mensdom so sleg geword het dat God jammer was dat Hy die mens geskape het (Génesis 6). Daarom het God die aarde oorstrom en met die uitsondering van agt mense, die hele mensdom vernietig. Later het God gesien hoe die mens in Sodom en Gomorra geword het en het Hy daardie stede verwoes (Génesis 19). God het beide hierdie gebeurtenisse as voorbeelde van die eindtyd gebruik (Lukas 17:26-30). Die mens het slegter geword as wat selfs God verwag het! Kyk hoe geskok was ons deur dit wat God se louwarm

Kerk vandag doen. Wanneer mens eers van God afdwaal kan niemand sê wát die menslike natuur in staat is om te doen nie.

DIE KLIP VAN HULP

Neem in ag die opoffering wat God en die Woord gemaak het sodat ons sondes uitgewys kan word en ons werklik met God versoen kan wees, dat ons die geleentheid mag hê om die Godfamilie binne te gaan. Ter wille van die Godfamilie plan, was die Lam van die grondlegging van die wêreld af, geslag. Selfs toe Hy swakheid in die gesig gestaar het, toe Hy wou opgee, het Christus aan sy Vader gesê, *nie soos Ek wil nie, maar soos U wil*. Hy wou die Vader se wil doen. Hy het werklik vir ons 'n voorbeeld gestel. Hierdie familie visie het Hom deur alles geneem.

As die Vader en Christus dit alles kan doen, kan ons nie ons deel doen nie? Hierdie is 'n familie poging. Kyk na wat God vir ons gedoen het. Let op na wat Jesus Christus verduur het. God was vasberade om óf 'n geskape óf gebore familie te hê, dit is deur middel van die engele, of deur Homself deur die mensdom te herskep. Twee derdes van die engele het aan God getrou gebly, maar hulle sal nie in God se familie gebore word nie. As ons verkies om van hierdie ongelooflike potensiaal weg te draai, kan ons vir ewig sterf en sal ons nie meer hoef te ly nie.

Kan ons verstaan hoe diep God se smagting na 'n familie is?

Kan ons nie ontmoediging oorkom nie? Mense wat deur negatiewe denke oorwin word, word deur Satan verslaan, hulle gebruik nie die krag van God nie! Daar is geen manier dat ons ooit verder as hierdie lewe kan gaan sonder die krag van God nie.

Begryp wat God *vir u* op die spel geplaas het! Het God u lief? Nie alleen sê Hy so nie, sy handeling bewys dit. Hy het sy eniggebore *Seun* gestuur om te *ly* en daarna vir u te *sterf*.

Het Hy nie die reg om ons te vra om ons beproewinge te verduur nie?

Uiteindelik het Israel die ark teruggekry (1 Samuel 7). Na 40 jaar het Samuel die Israeliete teruggelei na die plek waar hulle dit verloor het en het hy die krag van God gebruik om die Fillistyne te oorwin en die ark op te spoor. Hy het toe 'n groot klip opgerig en dit Ebenhaëser genoem óf die Klip van Hulp (vers 12).

Ons het 'n Klip van Hulp. Israel moes *nooit* die ark verloor het nie. Samuel het die Israeliete weer op koers gebring tot waar hulle weer die ark en baie ander seëninge gehad het. Samuel het hulle teruggebring na daardie familie verbond met God en God het hulle sy krag gegee.

Laat ons die verbond wat ons met God—ons Klip—gesluit het, onthou. Laat ons, ons gedagtes op sy werk fokus en nie op onself nie. Laat ons God en sy familie vandag liefhê—en ook sy *potensiële familie*, daardie biljoene en biljoene mense wat op die Laaste Groot Dag opgewek sal word. Laat ons, ons lewens vir die Godfamilie gee en smag na 'n familie soos God. As ons dit werklik kan snap en soos God dink, sal daar niks wees wat ons kan stop nie. Ons sal daar wees om te help om al daardie mense in die glorieryke, wonderlike en majestueuse familie van God in te bring.

Seuns van Sadok

HOO GOD SE ANTWOORD AAN ELI EN DIE LAODICEËRS VAN DIE eindtyd: “En Ek sal vir My ‘n getroue priester verwek wat sal handel soos dit in my hart en in my siel is, en Ek sal vir hom ‘n bestendige huis bou, sodat hy al die dae voor die aangesig van my gesalfde kan wandel” (1 Samuel 2:35). Kommentators stem saam dat dit na Sadok, die priester verwys—wie volkome getrou aan die troon van Dawid, van die begin tot die einde was.

In 1 Konings 2:26-27, sien ons hoe Ábjatar, die priester, misluk het. Sadok het toe die enigste Hoëpriester geword. Dit was ‘n 100 jaar na die dood van Eli. Ábjatar het ‘n slagoffer van die Eli vloek geword (verse 25-35). Maar Sadok was getrou aan Dawid se troon—wat Samuel gehelp vestig het. Sadok was die “getroue priester” van 1 Samuel 2:35.

God sê dat daar in die eindtyd *geestelike* SEUNS VAN SADOK is. “En die kamer waarvan die voorkant na die noorde lê, is vir die priesters wat die diens van die altaar waarneem; dit is die SEUNS VAN SADOK wat uit die kinders van Levi *na die HERE mag naderkom* om Hom te dien” (Eségiël 40:46): Dit is ‘n eindtyd profesie. Hierdie is geestelike seuns van Sadok. Dit is slegs hulle wat vandag tot God nader.

“En hy het *die voorhof gemeet*; die lengte honderd el en die breedte honderd el, ‘n vierkant; en die altaar was voor die huis” (vers 47). Vandag meet ons die tempel, God se Kerk (Openbaring 11:1-2).

Hier is die boodskap wat na die afmeting kom: “En sê aan die wederstewiges, aan die huis van Israel: So spreek die HERE HERE: Laat dit genoeg wees met al julle gruwels, o huis van Israel! Omdat julle uitlanders ingebring het, onbesnedenes van hart en onbesnedenes van vlees, om in my heiligdom te wees, om dit, my huis, te ontheilig; toe julle my brood, vet en bloed gebring, en *hulle my verbond verbreek het by al julle gruwels*” (Eségiël 44:6-7). Hierdie “opstandige” leraars het God se huis besoedel net soos die seuns van Eli.

“En julle het die diens van my heilige gawes nie waargeneem nie, maar het hulle aangestel om my diens in my hei-

ligdom vir julle waar te neem. Maar die Leviete [die Laodicese leraars vandag] wat ver van My afgewyk het *by die afdwaling van Israel* [geestelik], wat van My af weggedwaal het agter drekgode aan, hulle moet *hulle ongeregtigheid dra*” (verse 8, 10). Hulle gaan vir daardie sondes betaal. Hulle het die grote God geken en toe weggedraai. God sê net, “by die afdwaling van Israel”—asof die hele Kerk afgedwaal het. En omtrent 95 persent van hulle het! Die Laodicense kerke versprei oor die hele plek. *Iets in God se Kerk is vreeslik verrot vandag. Wat is verkeerd?*

Vers 12: “Omdat hulle [die leraars] hul gedien het voor hulle drekgode en vir die huis van Israel ‘n *struikelblok* tot ongeregtigheid was, daarom het Ek my hand teen hulle opgehef, spreek die HERE HERE, sodat hulle hul ongeregtigheid moet dra.” Daar is ‘n *oorsaak* vir elke gevolg, en hulle het veroorsaak dat God se mense van Hom af, wegdraai. Hulle was ook leraars wat in opstand gekom het en is daarom dubbeld so skuldig. God se familie is uitmekaargeskeur.

“En hulle mag nie naderkom na My toe om die priesteramp vir My te bedien nie en om nader te kom na al my heilige gawes, na die hoogheilige gawes nie; maar hulle moet hulle skande dra en hul gruwels wat hulle bedryf het” (vers 13). God neem dit nie ligtelik op nie. Hulle sal vandag nie eers naby die Allerheiligste van God se Hoofkantoor kom nie; hulle sal nie hoofkantoor ampte in die toekoms bekleë nie. Hulle het ‘n groot deel van hul beloning verloor, indien nie ook hul ewige lewens nie.

Vers 14: “Dus sal Ek hulle aanstel om die diens van die huis waar te neem, vir die hele bediening daarvan en vir alles wat daarin gedoen moet word.” Dit is hul mindere verantwoordelikheid *nadat* hulle in die Groot Verdrukking bekeer het.

Maar die Levitiese priesters, die kinders van Sadok, wat die diens van my heiligdom waargeneem het *TOE* die kinders van Israel van My af weggedwaal het, *hulle moet na My toe naderkom* om My te dien en voor my aangesig staan om aan My die vet en die bloed te offer, spreek die HERE HERE (vers 15). **ONS WAS GETROU TERWYL GOD SE HELE GEESTELIKE FAMILIE VAN HOM AF WEGGEDRAAI HET.** Hierdie klein oorblyfsel het getrou gebly net soos Sadok en sy familie gedoen het. Daarom beloof God ons ‘n groot beloning. Ons sal ‘n spesiale geleentheid saam met ons Eggenoot hê.

Ons is vandag die enigste mense op aarde wat werklik *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* deur Herbert W. Armstrong, wil hê—die boek wat die troon van Dawid verduidelik. Is dit nie ooreenstemmend met hierdie profesieë nie? Is dit nie waarom ons die edele stempel “seuns van Sadok” dra nie?

Ons sien God agter al hierdie dinge, net soos Hanna God se hand daarin gesien het. Ons dra *alles* aan God op, want ons vertrou nie op mense nie. Ons let nie op na mense soos Dawid, wat sondig en swakhede het nie. Ons let op die Wese wat agter Dawid gestaan het. Waar is die God van Dawid? Waar is die God van Elía—wie oor *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* geleer het? Die seuns van Sadok weet!

As u ‘n seun van Sadok is, sal u tot God nader. Hierdie lesse in 1 Samuel rakende Eli en Samuel leer ons hoe om ‘n priester te wees—hoe om ‘n sterk, geestelike familie te bou. Hierdie verse in Eségiël 44 wys die waarde van; om ‘n getroue priester van God te wees. Lees ook verse 16-24.

God het in 1 Samuel 2:35 profeteer dat Hy ‘n getroue priester (Sadok) sou oprig—en dit is van toepassing op die *geestelike* seuns van Sadok in die eindtyd. God het dit gedoen, net soos Hy gesê het. Hulle sal “in die dag,” of die eindtyd, aan daardie visie getrou wees. Dit gaan oor die troon van Dawid “in die dag.” Regdeur bly hulle getrou aan die troon van Dawid, want hulle sien God daaragter, agter Elía, agter hierdie boodskap.

Wanneer God oor Sadok in 1 Samuel 2:35 praat, gebruik Hy die woorde “al die dae.” As u ‘n getroue priester bly, sal u vir ewig in die Hoofkantoor van God se groot werk wees, in die Wêreld van Môre, wat binnekort kom. Ons gaan konings en priesters wees wat die hele wêreld hierdie geestelike lesse sal leer. God het alle dinge in die Kerk herstel, maar binnekort sal Hy ons gebruik om alles in die Wêreld van Môre te herstel. *Dit is waarom die eerstelinge hier is.* DIT IS WAAROM DIT SO BELANGRIK IS DAT ONS GETROU BLY! God se familie gaan binnekort aan die wêreld voorgestel word! Dan sal ons Jesus Christus help om alle dinge te herstel en al die nasies oor die *Godfamilie* visie te leer.

Hoofstuk 4

Verklaar die Vader

NADAT LUCIFER EN EEN DERDE VAN DIE ENGELE MISLUK HET OM die taak uit te voer wat hulle op die aarde moes verrig, het God besluit om Homself deur die mens te herskep. Soos reeds voorheen vermeld, was dit Plan B, aangesien dit meer risiko sou meebring. In werklikheid het dit van God vereis om die Woord na die aarde te stuur om sy Seun te word, ‘n lewensnoodsaaklike boodskap oor te dra en vir die hele mensdom te sterf.

God die Vader het ‘n *doelgerigte strewe gehad* om ‘n familie te hê. Hy was bereid om die Woord, wie sy Seun geword het, se ewige lewe op die spel te plaas. Maar deur daardie risiko te neem, kon God die grootste skeppingsdaad van sy skeppingsvermoë behaal—om volmaakte, heilige, regverdige karakter in die mens te skep, sodat die mensdom dan uiteindelik in sy familie ingebring kan word.

As gevolg van die grootste ramp in die heelal tot op daardie tydstop, het God van Plan A na Plan B oorgegaan! Die opstand van die engele het aan God bewys dat die engele nie vertrou kon word om die heelal te regeer nie. Dit sou geskape seuns verg wat dieselfde *karakter* as God het. Dus het God beplan om Homself deur die mens te herskep—sy mees verhewe skeppingsdaad! Ons moet elkeen individueel volmaak word, soos ons Vader volmaak is (Matthéüs 5:48). Anders sal ons nie in God se familie gebore word nie. Ons sal misluk, soos een derde van die engele misluk het.

Daar is groter risikos in Plan B, maar daar is ook veel groter potensiaal. Die mens word letterlik God—lede van sy familie, terwyl engele nie kan nie.

Nou, toe die Woord as vlees na die aarde gekom het, wat was die boodskap wat Hy verkondig het? Dit is 'n eenvoudige boodskap en tog kan die wêreld—en selfs die meeste van God se mense—nie daarin slaag om dit te verstaan nie.

OM “BY” GOD TE WEES

Laat ons Johannes 1:1 hersien. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” In hierdie vers, is die woord *by* nie net 'n voorsetsel wat plek of ruimte aandui nie, maar dit dui liever op die mees intieme geestelike verhouding wat twee wesens kán hê

Hierdie intimiteit kon nooit plaasvind indien die Woord Homself nie aan God *onderwerp* het nie. Sonder regering sou hierdie verhouding ten gronde gaan. Die Woord was waarlik *by* God. Vir eons en eons was daar God en die Woord wat in volmaakte liefde en harmonie geleef het.

Wat 'n voorbeeld vir die mensdom, wat deur die hele geskiedenis verdeeld en in oorlog gewikkel is!

Is u *by* God? Mnr. Armstrong het so dikwels aan die Kerk gevra, “Is julle *by* my?” Alhoewel die meeste van hulle gedink het hul was, het tyd openbaar dat die meeste, nie was nie. Ons moet *by* God en sy leier wees soos die Woord *by* God was. As u sê dat u 100% *by* God se leier staan, dan sê u, u is honderd persent *by* God, soos Christus *by* Hom is. Ons moet deur ons voorbeeld wys dat ons vir ewig *by* God sal bly—net soos die Woord, of Christus het.

Die Griekse woord vir *by* is sekerlik een van die mees onthullende woorde in die Bybel. Dit openbaar hoe God en die Woord in eenheid en liefde vir alle ewigheid geleef het. Dit wys ook hoe ons met God verenig kan word en in sy familie gebore kan word. Hierdie woord omvat waarlik 'n groot visie.

Daardie glorieryke ewigheid sal nie per toeval gebeur nie. Dit vereis dat ons God se wet onderhou en ons aan sy regering onderwerp—soos die Woord dit gedoen het. God het met ons 'n verbond gesluit om sy wet in ons harte en gedagtes te skryf

(Hebreërs 10:16). Dit is die enigste manier waardeur ons vir ewig by Hom sal bly.

Dit is waar die mensdom nog altyd rebelleer het. En dit is waar die meeste van God se eie mense vandag rebelleer. Hulle het nie God se wet en regering nie, wat die enigste manier is waardeur ons ooit met God verenig kan word!

Ons praat oor die ewige lewe—om by God vir ewig te wees! Ons moet op daardie vlak dink, ver verwyder van die aarde. Anders is ons lewe 'n verkwisting.

DIE LIG

“Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Johannes 1:3). God het alle dinge, insluitende die engele, deur die Een wie Jesus Christus geword het, geskape. Maar hier word nie melding gemaak van die engele se opstand nie. God se fokus is nou op Plan B.

“In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie” (verse 4-5). Die wêreld is vol duisternis. Jesus Christus het as die Lig gekom, maar die duister wêreld kon nie daarin slaag om God in die vlees te verstaan nie!

Ons is daardie lig vandag, as Christus in ons woon. Dit beteken dat ons onself aan die Vader moet onderwerp, soos Hy dit doen.

Daar was 'n man van God gestuur wie se naam Johannes was” (vers 6). God het Johannes die Doper gestuur en die wêreld het hom doodgemaak. Die mensdom het steeds 'n hewige haat vir God se waarheid vandag. Regdeur die geskiedenis van die mens was dit so gewees. Dit is waarom die mensdom in duisternis is.

“Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig” (verse 7-8). Ons, net soos Johannes, moet van God se lig getuig. Ons wys aan hierdie wêreld God se lig deur ons voorbeeld en werk.

“Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan die kom in die wêreld” (vers 9). Hierdie Lig is vir elke mens wat in hierdie wêreld gebore word, of hulle dit besef of nie. Dus, hulle sal nie verder as die aarde kom as daardie Lig nie in hulle skyn nie.

Die mense van die wêreld stuur af op die grootste ramp ooit. Hulle kan dit slegs vermy as hulle die Lig sien en God se waarskuwingsboodskap hoor.

Ons stel lig aan hulle beskikbaar. Hulle moet besluit of hulle dit wil aanvaar óf nie.

AANSPRAAK EN MAG

“Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy *mag* gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo” (verse 10-12).

In Grieks beteken *mag* in werklikheid *aanspraak* sowel as *mag*. Twee merkwaardige woorde. Ons het aanspraak, ‘n geboortereg, om in die familie van God gebore te kan word! Nie omdat ons dit verdien het nie, maar omrede God dit as ‘n gawe gee. Nietemin, dit opsigself is nie genoeg nie. God sê ons moet ook *mag* hê om in sy familie gebore te kan word. Menslik kan ons dit nie vermag nie. Dit verg God se mag om te oorwin en te groei.

Aanspraak en mag. Ons het die eervolle aanspraak om in God se familie gebore te kan word en ons het ook die mag om die voordeel van daardie aanspraak te benut. Hierdie geboortereg is ver bokant enigiets wat God vir Plan A ingedagte gehad het. Dit is die grootste plan wat God ooit sal hê—om Homself te herskep.

“En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid” (vers 14). Die Woord wat vlees gemaak was, was ook die eniggebore Seun van die Vader. Die Woord—óók God—het na die aarde gekom en is uit ‘n vrou gebore. God het die lewe van sy eniggebore Seun gewaag sodat Hy sy familie kon uitbrei! As sy Seun gesondig het, sou Hy vir ewig gesterf het. Jesus Christus het egter ‘n volmaakte lewe geleef. Christus het ‘n voorbeeld vir die hele mensdom gestel. Hy het die Godfamilie voorgestel en gewys hoe God daardie familie sou uitbrei deur biljoene mense daarin te bring!

CHRISTUS HET DIE VADER VERKLAAR

Die hele wêreld en selfs die meeste van God se mense is mislei ten opsigte van die volgende vers.

“Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, DIE HET HOM VERKLAAR” (vers 18).

“*Thayer’s Lexicon*” sê dat Christus in “die naas moontlike, mees intieme verhouding met die Vader” was. Wat ‘n verhouding! Christus was in die boesem van die Vader—die mees intieme verhouding ooit! Vir alle ewigheid het hulle in akkoord, harmonie, vrede, blydschap en liefde saamgewerk. Net God se liefde kan daardie nabyheid verduidelik.

Dit is waar die Vader u wil hê! Hy wil u in sy boesem hê—om dieselfde verhouding te hê as wat Hy en Christus het. Jesus Christus het aan ons ‘n voorbeeld gestel, ons gewys hoe om daardie verhouding met ons Vader te hê. U het nog nooit van ‘n ander voorbeeld soos dié van Christus gehoor of dit gesien nie. U sal ook nooit ‘n verhouding, gelykstaande hieraan, sien nie!

Christus het Homself geoffer sodat ons ‘n Vader/seun-verhouding mag hê wat vir ewig duur. Dit is ons geboortereg! Wat ‘n ongelooflik, wonderlike toekoms. Ons moet hierdie diepgaande begrip verstaan, of ons sal geheel en al faal.

Neem kennis van die laaste gedeelte van vers 18. Dit sê dat TOE JESUS CHRISTUS NA DIE AARDE GEKOM HET, HET HY DIE VADER VERKLAAR. DIT WAS SY BOODSKAP AAN DIE MENDOM; DIT WAS OOR DIE VADER!

Dit is waarom die grootste ramp in die geskiedenis van die mens waarskynlik, dít wat in God se eie Laodicense Kerk in die eindtyd gebeur het is: Hulle eer nie hulle Vader nie (Maleági 1:6). Hulle weier om die Vader te verklaar! Hulle het die boodskap van Jesus Christus, waarin Hy die Vader verklaar het, verwerp. Hy was nie ‘n opstandige Seun wie gekom het om Homself te verklaar nie, alhoewel dit is wat die godsdienste van hierdie wêreld leer! Deur hulle leerstellings en volgens hulle voorbeeld leer die Laodiceërs dieselfde opstandige boodskap.

Christus was in die boesem van die Vader en Hy was onderworpe aan die Vader in die opsig dat Hy nie alleen die Vader gehoorsaam het nie, maar dit ook sy doel gemaak het om Hom te behaag. Wat ‘n voorbeeld vir ons! Hy het sy ewigheid op die spel geplaas om daardie boodskap te verkondig; en steeds het 95 persent van God se mense vandag, dit verwerp.

God en Jesus Christus is nie net oor woorde nie. Christus het na die aarde gekom en Hy het God se weg geleef. Hy het gewys hoe dit gedoen moet word.

Vername sielkundiges sê dat die vader se rol in die familie onnodig is. Dit is 'n filosofie wat nasies verwoes. Waar kom daardie boodskap vandaan? Nie van Jesus Christus nie! Dit kom van Satan—die god van hierdie wêreld.

Satan haat familie, want dit is 'n God-gebaseerde verhouding. Dit beteken dit is 'n *sinnebeeld* van die Godfamilie. Die individuele menslike familie was ontwerp om ons te help om vir die Godfamilie voor te berei.

Dit is *die rede* vir familie!

Ons Vader is die Hoof van daardie wonderlike, majestueuse Godfamilie. **ONS NOMMER EEN PASSIE MOET WEES OM HOM EN SY FAMILIE TE VERKLAAR!**

Ons het nodig om meer in die boesem van die Vader in te beweeg! God wil hê dat ons diep in sy familie ingegrawe moet word! Jesus Christus het die weg gebaan om die Vader te verklaar. Nou word ons beveel om sy voorbeeld te volg!

Kyk na ons potensiaal. Ons is konings en priesters. Ons is die seuns van God. Ons hele lewe moet daarvoor gaan om die Vader te verklaar. **VALS CHRISTENDOM BOU SY WERK RONDOM DIE PERSOON VAN CHRISTUS—NIE SY BOODSKAP OM DIE VADER TE VERKLAAR NIE!** Christus het gesê, "...omdat [my] Vader groter is as Ek" (Johannes 14:28).

Om die Vader te verklaar is wat God se uitverkorenes van sy eie Laodicense Kerk en die wêreld onderskei!

Dit is *dié* grondslaggewende waarheid van die Bybel. Mense wat nie die Vader verklaar nie, is mislei! Hulle verstaan nie dat ons roeping is om in die Godfamilie gebore te word nie—met die Vader aan die hoof.

Niks maak 'n liefdevolle vader meer gelukkig as om te sien dat 'n seun sy boodskap verkondig nie. Christus het sy Vader se boodskap verkondig. Hy het vir ons 'n voorbeeld gestel om ná te volg. Nou moet ons, ons Vader se boodskap verkondig. Dit is waarom ons geroep is.

Slegs God se uitverkorenes verklaar die Vader!

Waarom smag mans en vrouens so desperaat na fisiese gesinne? Daardie hunkering kom van die Godfamilie, want hulle smag na 'n familie meer as wat ons onself ooit kan

voorstel. Niemand het gedoen wat hulle gedoen het om 'n familie te genereer nie.

God en die Woord het Vader en Seun geword. Waarom? Want God wil 'n familie hê. Hy wil biljoene in sy familie hê. Wat 'n geleentheid.

Soos Herbert W. Armstrong se boek *Ongelooflike Menslike Potensiaal* wys, sou ons waarskynlik nie hier gewees het, as Lucifer en sy engele geslaag het nie. Maar die engele het nooit die potensiaal of die geleentheid gehad om in God se familie gebore te kan word nie. Wat 'n ontsaglike geleentheid is vir ons gebied!

Jesus Christus het Homself vir die hele mensdom opgeoffer. Dit het die Vader behaag! Was die Seun net hier om aansien vir Homself te verwerf, of het Hy gepoog om sy Vader se standaard te handhaaf? Ons is hier as gevolg van sy sukses— as gevolg van ons Eggenoot se volmaakte lewe!

“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God” (Openbaring 19:11-13).

Hier verwys Johannes weer na Hom as die Woord. Jesus Christus sal as die Woord van God terugkeer. Hy is steeds die Woordvoerder vir die Godfamilie. Hy sal met sy vrou, die Kerk, terugkeer. Sy sal Hom help om namens God met die wêreld te praat. Tesame sal hulle die Vader verklaar!

Dan sal die Vader, die Seun en sy bruid die hele mensdom in God se familie inbring.

INSTELLING VAN DIE VISIE

Soos ons in die laaste hoofstuk gesien het, moes God die Profeet Samuel gebruik om dit wat Eli besoedel het, te reinig. “En die Fillistyne is verneder, sodat hulle verder nie meer die gebied van Israel binnegekom het nie, en die hand van die Here was teen die Fillistyne al die dae van Samuel. Ook die stede wat die Fillistyne van Israel geneem het, het na Israel teruggekom, van Ekron af tot by Gat; en die gebied

daarvan het Israel uit die hand van die Fillistyne geruk. En daar was vrede tussen Israel en die Amoriete. En Samuel was rigter oor Israel al die dae van sy lewe. Hy het van jaar tot jaar rondgetrek na Bet-el en Gilgal en Mispa, en Israel op al hierdie plekke gerig” (1 Samuel 7:13-16).

Samuel het kolleges in die drie stede van Bet-el, Gilgal en Mispa gevestig. Die oorspronklike Elía het ook op daardie roete kolleges gehad, behalwe dat een van hulle in Jérigo, in plaas van Mispa, was (2 Konings 2:1-5; die “profete-seuns” was kollege studente).

Samuel het hierdie skole gestig om die priesterdom te reinig. Hy het feitlik die priesterdom afgeskaf omdat dit so besoedel was. Hy het besluit om oor te begin deur hierdie kolleges op te rig.

Die “*Soncino Commentary*” meld, “Samuel se grootste aanspraak op eer en die mees blywende van sy lewensprestasies was die skole wat hy vir die profete gevestig het en vanwaar, voortspruitend uit die werk van die profete; die hoogste skepping van Israel se geloofsgenialiteit, voortgevloei het. Waar die gawe van profesie bestaan het, sou die skole dit ontwikkel, maar die lede van die skole het ‘n godsdienstige en morele suurdeeg in die lewens van die mense gevorm.”

Samuel het hierdie Godfamilie visie ingestel.

Toe mnr. Armstrong in die eindtyd op die toneel gekom het, was die Sardis Kerk dood. God het hom toe gebruik om drie kolleges op te rig.

Toe mnr. Armstrong gesterf het, het die mense wie hy onderrig het, daardie visie verloor. “‘n Seun eer die vader, en ‘n kneg sy heer. As Ek dan ‘n Vader is, waar is my eer? ... (Maleági 1:6). God open die boek van Maleági en praat van groot geestelike verwoesting. Sy eie Kerk is sterwend! Waarom is hulle sterwend—besig om hul ewige lewens te verloor? Hulle weier om die Vader te eer! Hulle het die Godfamilie visie verloor. Niks kan meer ramspoedig wees nie!

Maleági 1:11 meld, “Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die Heidene; en in elke plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en ‘n rein offer; want my Naam is groot onder die Heidene, sê die Here van die leërskaare.”

Tans, in die *PCG*, is Jesus Christus besig om die Vader se naam groot te maak. Ons streef daarna om die Vader te verklaar, om Sy Naam groot te maak, selfs nou. Vir dié doel, veg ons in die hof vir die reg om mnr. Armstrong se literatuur te kan uitgee. God sal Sy Naam groot maak onder die Heidene met die boeke waarvoor ons veg: *Geheimenis van die Eeue*, *Die Ongelooflike Menslike Potensiaal* en “*The Missing Dimension in Sex*.”

Binnekort, sal die Kerk die Vader se naam groot maak oor die hele aarde. Al die mense van die wêreld sal hulle Vader eer!

Hule sal mnr. Armstrong se boeke en boekies bestudeer. Dit is God se geopenbaarde waarheid vir die hele mensdom, nie net vir sy Kerk vandag nie.

Ons moet die Vader se naam groot maak onder die Heidene—die hele wêreld! Hulle moet geleer word om hulle Vader te eer! Dit is waarvoor ons nou voorberei word, om dit te kan doen. Mense moet verstaan waarom hulle geskape was. Eindelik sal hulle verstaan waarom die mens hier is.

Hulle sal ook die *PCG* se boeke en boekies lees. Sonder dit sal daar ‘n gaping in hulle kennis wees. Hulle sal nie verstaan waar die uitverkorenes, na mnr. Armstrong se afsterwe, heengegaan het nie. Hulle sal nie daarin slaag om te verstaan waar die heiliges wie hulle Vader eerbiedig en bekend maak, gevestig was nie.

Soos Samuel, het Elía drie kolleges opgerig. (Die eindtyd Elía het dieselfde gedoen.)

In die outyd, was daar ook ‘n Elísa, wat daardie kolleges voortgesit het. Hy het na Elía sy vader opgekyk. Elía was ‘n geestelike vader vir Elísa en die seuns van die profete in die opsig dat hulle deur hom—direk of indirek—na God gekom het. Samuel, Elía, Elísa en ‘n eindtyd Elía het almal kolleges opgerig om die Godfamilie visie in te stel.

Toe mnr. Armstrong die “*Ambassador College*” gebou het, het dit in werklikheid oor die Godfamilie gegaan. Dit is waarom al daardie kolleges daar was. Hulle het die Vader verklaar. Dit is waarom ons die “*Herbert W. Armstrong College*” in Edmond Oklahoma opgerig het: Om voort te gaan met dit wat Elía gedoen het—om die Vader te verklaar!

Samuel moes van die verontreinigde priesterdom ontslae raak en oor begin. Dit is wat ons gedoen het. Profesie het

openbaar dat dit sou gebeur (Openbaring 11:1-2). Die Vader moes as die Hoof van die familie voortgaan. Ons moet Hom eer.

GOD SE MILLENNIUM KOLLEGES

Waarom moes die kolleges reg deur die geskiedenis gebou word, as die mens net eenvoudig daarvan sou wegdraai? Omdat dit nie die wyse sal wees waarop dit binnekort sal gebeur nie. In die Wêreld van Môre sal God daardie kolleges regoor die wêreld oprig—duisende daarvan. En die eerstelinge sal daardie kolleges lei soos hulle die Vader en hierdie Godfamilie visie verklaar! Dan sal God se kennis—hierdie visie—die aarde oordek soos die waters die seebodem oordek (Jesaja 11:9). En ons leer vandag hoe om dit te doen. Hierdie Kerk is 'n kollege vir daardie onderwysers.

Na die Millennium sal biljoene mense in die Groot Wit Troon Oordeel op die Laaste Groot Dag, opgewek word (Johannes 7:37). Hulle sal kolleges vir onderrig nodig! Dit is waarom ons daardie kolleges regdeur die Millennium sal oprig; sodat ons gereed kan wees om hulle te onderrig—om die Vader aan hulle te verklaar.

Ten einde hierdie plan te laat werk, het God mense nodig wie nou leer hoe om die Vader te verklaar. Dit is *die* grondslaggewende waarheid van God se plan. Watter pragtige waarheid het ons ontvang. Dit is tyd dat ons dié waarheid diep inskerp sodat ons dit aan die hele wêreld kan leer! Dit is die enigste rede waarom ons vandag geroep word.

God sê, “my Naam is groot onder die heidene” (Maleági 1:11). Daardie profesie sal vervul word deur die kolleges wat God in die Millennium sal oprig.

Jesaja 30:20 meld, “[M]aar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien.” Mense sal hulle onderwysers in hierdie instellings wat regoor die wêreld opgerig sal wees, sien. Miskien sal hulle hul in die klaskamer sien, of op televisie via satelietuitsending.

Herbert Armstrong het ook “*Imperial Schools*” vir voor-kollege studente opgerig. Dit was bedoel om hulle vir “*Ambassador College*” voor te berei. Dit was slegs in 'n beperkte mate gedoen, maar dit behoort vandag 'n groot visie vir die uitverkorenes te wees. Ons moet ons jong

mense voorberei sodat hulle kollege toe kan gaan en dan, om van die kollege af uit te gaan om die wêreld te leer.

God sal nie die studente—of die wêreld—in die klaskamer inroep voordat die onderwysers nie gereed is nie!

Ouers: Hoe sal u, u kinders vir God se werk voorberei? U het 'n groot verantwoordelikheid om hulle hiervoor, gereed te kry. Om daardie kindertjies te leer waarom familie, waarom die huwelik, waarom kinders—om die Vader aan hulle te verklaar.

Hanna het vir ons 'n inspirerende voorbeeld gestel.

Natuurlik, maak ons foute. Samuel het twee seuns gehad en hulle het net soos Eli se seuns, uitgedraai. Die Bybel meld nie veel van Samuel se grootmaak van sy kinders nie, maar God verhoog hom, grootliks deur die Skrifte. Sy kinders het ten minste 'n wonderlike voorbeeld gehad. Die jong mense het ook hulle eie verantwoordelikheid. Laat ons nie toelaat dat die verlede ons terughou nie. As ons foute gemaak het, moet ons hulle regmaak, voortgaan en vir God uitstaan.

WIL VAN DIE VADER

Johannes het Christus se gebed die nag voor sy kruisiging opgeskryf. Dit sluit af met, “Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. En *Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak*, sodat DIE LIEFDE WAARMEE U MY LIEFGEHAD HET, IN HULLE KAN WEES, EN EK IN HULLE” (Johannes 17:25-26).

Christus het gevra dat presies dieselfde liefde waarmee die Vader Hom liefgehad het in ons moet wees. Dieselfde liefde wat die Vader vir Jesus Christus gehad het kan in u wees! Dan sal ons almal die Vader verklaar. Dit is die kern van die Godfamilie visie!

Hoofstuk 5

Waar is die God van Oordeel?

MENSE IN HIERDIE WÊRELD HOU NIE DAARVAN OM AAN 'N GOD van oordeel te dink nie. Hulle hou van 'n God van vrede en vreugde. Hulle wil net “goeie nuus” hê. Dit is die rede waarom hulle so baie slegte nuus ontvang! Hulle weier om die werklikheid in die gesig te staar. God is per slot van rekening, nie *net* 'n God van barmhartigheid en welwillendheid nie. Hy is 'n God van oordeel—'n God van teregwysing.

In die boek van Maleági is daar een Skrifgedeelte wat wys hoe selfs die Laodiceërs vandag, oor die God van oordeel verward is en hulself van Hom wil distansieer. “Julle vermoei die HERE met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg?” (Maleági 2:17). Die Laodiceërs praat terug met God. *Waarmee het ons Hom vermoei? Waar is die God van oordeel?* Die Laodiceërs is ontevrede met God. Hy het nie die wêreld deur die Groot Verdrukking gestraf en teruggekeer so gou as wat hulle verwag het nie. Hulle swak geloof het veroorsaak dat hulle mismoedig geraak en opstandig begin word het. So nou moet hulle die God van oordeel deur ONDERVINDING leer ken. Hulle moes hulle geloof versterk het deur voort te gaan om God te gehoorsaam. In stede daarvan, het hulle *probleem met regering* veroorsaak dat hulle God verkwalik. DIE LAODICEËRS SOU NIE HIERDIE VRAAG VRA AS HULLE VANDAG, OP GOD SE KORREKSIE REAGEER HET NIE.

Dit is slegs omdat God ons vandag tereg wys dat Hy ons van die Groot Verdrukking bevry.

Die Laodiceërs dwing God daartoe om hulle hard te straf. Dit is die enigste manier waarop Hy 50 persent van hulle sal kan red. Die res kan nie meer gehelp word nie.

Waar is die God van oordeel? Dit is waar mense met God 'n probleem het. God bestraf ons wel; Hy sê as ons nie tereg gewys word nie, is ons nie eens sy seuns nie (Hebreërs 12:7-8) Waaroor ons besorg behoort te wees is nie God se tereg wysing nie, maar indien Hy ons *nie* tereg wys nie!

Die Laodiceërs weier God se tereg wysing vandag. Daarom beantwoord God hulle vraag in die volgende vers in Maleági: “Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan *sal skielik na sy tempel kom* die HERE na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaar” (Maleági 3:1). Die God van oordeel sal terugkeer en met hierdie wêreld en dié se opstandigheid handel. Hy sal *skielik* en onverwags kom. Dus, as mense nie vandag leer waar die God van oordeel is nie, sal hulle dit *dan* leer!

Waar is die God van oordeel? Dit is dieselfde stelling wat die bose diensknecht in Mattheüs 24:48 maak: “My heer talm om te kom.” Die Laodiceërs sê, *ons het gedink dat God alreeds lank gelede sou kom. Hy is nog steeds nie hier nie.* ‘n Mens kan sien dat hierdie mense weet van God se wederkoms, hulle is ontsteld omdat Hy nie alreeds gekom het nie. En God sê, *as u hierdie probleem het, wees dan verseker dat u hierdie God van oordeel sal leer ken—op die harde manier!*

Natuurlik wil God hê dat hulle hul bekeer en Hom *nou* gehoorsaam, voor daardie tyd. En hulle sou indien hulle aan God se boodskap in die boek van Maleági, sou gehoor gee. Ons moet vandag omtrent die God van oordeel leer as ons die wêreld, in die Wêreld van Môre oor God moet onderrig—oor al sy karaktereienskappe.

DIE FAMILIE BOODSKAPPER

Kyk na die volgorde van gebeure hier: *Waar is die God van oordeel?* Word onmiddellik gevolg deur, *Ek sal my boodskapper stuur.* Maleági is ‘n boek vir die eindtyd. So waar is God se

boodskapper? Hy moes al gekom het. Hierdie mense word deur God na Herbert Armstrong teruggelei. Indien u regtig meer wil weet oor die God van oordeel, gaan terug na Herbert Armstrong. Hy het ons van regspraak geleer; hy het ons van regering geleer. Die probleem is dat hulle nie sal luister na dit wat hy hulle alreeds geleer het nie.

“Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie” (Maleági 4:4-6). God het ‘n man in hierdie eindtyd gestuur wat op die familiestruktuur gekonsentreer het. En onderliggend hieraan is die familie van God. Maar vandag sien u nie dat die familie onder die meeste van God se eie mense gebou word nie, maar dat dit eerder uitmekaar geskeur word. Hoekom? Omdat God se mense nie aan die woorde van hierdie eindtyd Elía aandag gee nie.

Vandag praat bykans elke geloof van ‘n God van barmhartigheid en vrede, maar hulle sal nie die God van oordeel in die gesig kyk nie. Ons is so ver van God, ons begrip van familie is verdraai. “Newsweek” het ‘n artikel met die titel “Maak Ouers Saak?” gepubliseer. **MAAK OUIERS SAAK?** U kan sien waarheen Satan die wêreld neem: Hy is besig om God se familie geheel en al te vernietig. ‘n Elía het dit geleer en Satan is besig om dit te vernietig. Daardie artikel het vanuit ‘n boek aangehaal wat sê, “Ouers maak veel minder saak as wat wetenskaplikes glo.” Hierdie gruwelike standpunt is in ‘n nasionale nuustydskrif geloofwaardigheid gegee! **ENIGIEMAND** behoort te begryp dat die familie die grondslag van ‘n nasie is. **U WEEET DAT ISRAEL OP DIE PUNT STAAN OM INEEN TE STORT AS SY MENSE SO ONKUNDIG WORD.** Die familie het uitmekaargeval.

Sulke artikels, is anti-God. Is daar enigiemand wat ooit vra wat God van hierdie dinge dink? **WAT DINK DIE GOD VAN OORDEEL? DIE TIEN GEBOOIE OPENBAAR DAT HY DAARDIE SONDES OP DIESELFDE VLAK AS MOORD PLAAS!** Beskou die Amerikaanse volk dit in daardie lig—dat leuens en egbreek dieselfde as moord is? Ons Grondwet was hoofsaaklik op ons voorvaders

se geloof in die Tien Gebooie geskoei; maar ons glo nie meer vandag daarin nie! Ons dink nie eens dat die familie so belangrik is nie.

In Amerika is pornografie ‘n 10 biljoen dollar besigheid per jaar. Oor die \$4 biljoen word deur net videos gegenereer—25 jaar gelede was dit \$10 miljoen. Volgens een verslag spandeer “Amerika meer op pornografie, telefoonseks en ontkleedansklubs as wat hulle by bioskope spandeer. Pornografiese videos maak ‘n kwart uit van die videos wat verhuur of verkoop word, terwyl ontkleedansklubs meer geld as al die ander lewende vermaak genereer, insluitend rock-konserte en Broadway teaters tesame.” Wat doen dit alles aan die familie? Dit skeur dit uitmekaar! Waar is die God van oordeel? Wel, hierdie mense staan op die punt om Hom te ontmoet.

Daar is geen vreugde in pornografie en die SMERIGHEID van hierdie wêreld nie. Mense is desperaat vir enige tipe sensasie. Hulle weet nie wat ware geluk is nie. DIE FAMILIE VAN GOD IS WAAR DIE WARE VREUGDE IS! God wil dat die mens geluk en vreugde in sy Familie moet hê. Maar dit verg tugtiging om in ‘n goddelike familie te wees en die mens haat tugtiging. Hy hou daarvan om sy eie weë te volg. God laat dit vandag toe. Maar skielik sal dit verander wanneer die Verdrukking kom en die grote God—die FAMILIE God, die EGGENOOT God—na die aarde terugkeer!

‘N SMELTER SE VUUR

Kom ons kyk weer na Maleági 3:1: “Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van DIE VERBOND [wat na die HUWELIKSVERBOND, die FAMILIE VERBOND verwys], na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaar.” God se Kerk het ‘n verbond met God gesluit om hulle aan sy wet en regering te onderwerp. Die Laodiceërs het hierdie verbond verbreek. God gaan hulle straf. Ja, die boodskapper van die verbond—die God van oordeel—is aan die kom. Wat sal van daardie Laodiceërs word wat nie vandag na sy woorde luister nie?

“Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van

die smelter en soos die loog van die wassers. En Hy sal sit: ‘n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die Here in geregtigheid ‘n offer sal bring” (verse 2-3). Vandag, in God se Kerk gee baie van die ministers nie offers in geregtigheid nie. Hulle leer nie wat die eindtyd Elía oor die God van oordeel geleer het nie, die God van gesag, die God van regering. Dit is ‘n sterk boodskap hierdie. God sê dat hierdie mense gesmelt, of gereinig sal moet word. Die goud is nie suiwer nie en dit sal deur God gesuiwer moet word as dit ooit suiwer geestelike goud gaan word en die familie van God sal binnegaan.

Mnr. Armstrong het op 24 Junie 1985 geskryf, “n Finale persoonlike woord. Oor ‘n paar dae sal ek 93 jaar oud wees. Daar is nou reeds vir ‘n paar jaar sommige wat soos aasvoëls wag dat ek moet sterf.” As u kyk na wat met daardie kerk gebeur het sedert mnr. Armstrong gesterf het, sou u moes sê dat hy sy hele lewe lank deur aasvoëls omring was. NOEM EEN PERSOON WAT NABY AAN MNR. ARMSTRONG WAS, WAT STEEDS GETROU ONDERRIG GEE IN DIT WAT HY GELEER HET!” Hulle sou graag wou terugkom [dit is, van buite af] en die leierskap van die Kerk, in my plek oorneem. Ek was diep besorg hieroor, maar in geen opsig bekommerd nie. Hierdie is die Kerk van God, nie van enige man nie. Jesus Christus is die lewende Hoof van hierdie Kerk.” Onthou dit—Christus is die Hoof.

Maar, selfs mnr. Armstrong het nie ‘n in diepte insae in dié probleem gehad nie. Hy het verwag dat die meeste van hierdie manne van buite sou kom en probeer om die Kerk oor te neem. Maar in werklikheid het hulle reg langs hom gesit, gereed om oor te neem! Die God van oordeel sal baie hard met hierdie mans handel wie soos aasvoëls rondom sy boodskapper opgetree het.

“Wanneer ek, selfs in ‘n geringe mate, my besorgdheid in hierdie verband geopper het,” het mnr. Armstrong afgesluit, “was die reaksie van lede nog altyd die geloof dat God my aan die lewe sou hou. Ek hoop Hy sal, en ek probeer alles moontlik te doen om na my gesondheid en fisiese toestand om te sien, maar of God my vir nog tien jaar of tien minute laat lewe is geheel en al in sy hande. Broeders, plaas julle geloof in Christus en die lewende God, en nie in my nie.”

Plaas julle geloof in Christus en die lewende God. Ons moet verstaan dat die God van oordeel vandag hier is. Waarom kan al die mense van God nie saamkom nie? Waarom is ons vandag so 'n verdeelde familie? God sê dat sy mense blind is. Hulle kyk nie op na die lewende God nie; hulle verstaan nie die God van oordeel nie; hulle verstaan nie die woorde van God se getroue oorblyfsel, waarna hulle in hierdie eindtyd behoort te luister nie.

DIE HOOF VAN DIE FAMILIE

Die boek aan die Kolossense, wat profesie vir die laaste era (Laodicense) van God se Kerk bevat, verwys na hierdie selfde onderwerp.

“[E]n die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig” (Kolossense 1:12). Waarom is ons hier en wie het ons van die Vader geleer? Net een man het daardie onderwerp in hierdie eindtyd geleer. Ons verstaan dat God 'n Vader is, die hooffiguur in ons godsdiens en Satan wil dit so graag vernietig.

“Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde” (vers 13). Die Vader se geliefde Seun, ons Eggenoot, het ons na sy familie oorgebring. Ons is die koninkryk van God in embrio. “[W]ant in Hom is alle dinge geskape ... en in Hom hou alle dinge stand” (verse 16-17). *Stand* beteken dat alle dinge deur Christus *bymekaargehou* word. As u *Hom* nie het nie, as u *Hom* nie aankleef nie, sal u lewe en familie nie bymekaargehou word nie. Alle dinge word deur ons Eggenoot bymekaargehou. Ons is vandag verdeeld omdat mense nie die familieregering gehoorsaam wat mn. Armstrong geleer het nie. Hulle besef nie soos mn. Armstrong het, dat REGERING ALLES IS nie! Jesus Christus staan op die punt om na die aarde terug te keer en te regeer en u sal daar wees om Hom te help mits u regering verstaan—of met ander woorde, as u hierdie God van oordeel verstaan.

“Want ek wil hê dat julle moet weet wat 'n groot stryd ek oor julle het, en oor die wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie” (Kolossense 2:1). As ons weet wat 'n louwarm Laodiceër is, dan weet ons met

watter probleme Paulus te doen gehad het. Onthou, hierdie was geskryf 30 jaar voor die Apostel Johannes, Openbaring 3 geskrywe het, waar hy ons die ware geskiedenis en profesie oor die Laodiceërs gegee het. Hy het gesien hoe hierdie mense met wie Paulus te doen gehad het, met 'n Laodicese gesindheid van God wegdraai; en toe het hy profeteer dat dit met 'n hele era in hierdie eindtyd sou gebeur. Soos dit in Openbaring 3 geskryf staan, sal die Laodiceërs gedwing word om die God van oordeel op 'n baie harde ongenaakbare wyse te ontmoet, as hulle nie self van hul sonde bekeer nie.

Johannes het duidelik die Laodicese probleem verstaan, net soos ons dit vandag verstaan.

Hier is die probleem: "EN NIE VASHOU AAN DIE HOOF NIE, uit wie die hele liggaam deur die gewigte en verbindings ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei groot word" (Kolossense 2:19). Paulus het hierdie probleem aanspreek en die Kolossense het die tugtiging aanvaar; die Laodiceërs het nie. As u in u familie en in God se familie saamgebind wil word, hier is wat u moet doen: U moet aan die Hoof vashou, die God van oordeel. Daardie Hoof sal u met tye oordeel en teregwys. OM AAN DIE HOOF VAS TE HOU, IS DIE GROOTSTE UITDAGING WAT U IN DIE GESIG STAAR.

Vandag het al die Laodicese groepe God se regering versaak. Hulle is vasbeslote op 'n demokratiese tipe bewind. Waarom dink hulle so? Want hulle het nie werklik die God van oordeel lief nie.

As u nie die God van oordeel liefhet nie, sal u nie vir Jesus Christus se wederkoms gereed wees nie!

LIEFDEVOLLE TUGTIGING

As ons die God van oordeel ken, weet ons dat ons soms getugtig moet word. En watter seën is dit! Wat 'n seën om 'n seun van God te wees. Ons gaan soms deur moeilike beproewinge, maar weet dat selfs al moet ons al skreeuende en kruipende onself voortsleep oor die aarde tot Christus weer kom en ons sodoende steeds God se koninkryk haal, dit alles die moeite werd sou wees. Ons moet getugtig word. Watter uiterste vreugde bring dit in ons lewe wanneer ons luister na wat God sê.

God gee ons *alles*. Ons is die BRUID van Christus. Niemand in die Wêreld van Môre sal hê wat Hy ons gee nie—om vir ewig saam met Christus te heers. Natuurlik moet u kwalifiseer om dit te ontvang! Is dit sleg? Nee! Ons *moet* getugtig word. As ons nie vandag met die God van oordeel handel nie, gaan ons in die Groot Verdrukking in.

Satan wil nie hê dat u tugtiging verstaan nie; hy wil hê dat u dink, *waarom doen God dit aan my? Waarom tugtig God my? Waarom is God so onregverdig?* Maar God is **ALTYD** regverdig en u is sy seun as u sy tugtiging ontvang.

Niks is meer verfoeilik as om ons eie kinders te mishandel nie. Hulle moet soms ‘n loesing gegee word, maar altyd in liefde.

Is u onregverdig wanneer u, u kinders pak gee? U is heel waarskynlik te sag met hulle, tensy u God se instruksies oor kinderopvoeding navolg. God sê dat ‘n pak slae nodig is (Sprenke 13:24; 19:18; 22:15; 23:13). Baie geleerde mense sê dat om pakslae verkeerd is en verskil van hulle Skepper. Watter gesag het daardie mense om aan u voor te skryf hoe om ‘n klein kindjie op te voed wat na die karakter van God gevorm word? Daardie mense weet niks van hoe om ‘n kind in liefde te tugtig nie! Satan se filosofie van verwoesting word deur hulle bevorder! Die mense in die moderne nasies van Israel haat tugtiging! Nou blyk hulle te ver heen te wees om ooit met woorde getugtig te kan word. So hoe kan God hulle nou enigsins bereik? Dit sal iets groots verg, want hulle wil niks met die God van oordeel te doen hê nie.

As u die God van oordeel vandag verwerp, is u nie gereed om saam met Jesus Christus te regeer nie. God laat sy opstandige mense deur die afgryslieke tye van die Verdrukking gaan, want dit is hulle enigste hoop. God het hulle lief. Hy wil hulle in sy familie hê en Hy sal vyftig persent van hulle kry.

GEWORTEL EN GEGROND

“Dit sê ek, sodat niemand julle mag verlei met drogredes nie. Want al is *ek ook na die vlees afwesig*, tog is ek by julle in die gees, en ek verbly my om julle goeie orde te sien en die vastigheid van julle geloof in Christus” (Kolossense 2:4-5). Paulus was in die tronk. Hy moes ‘n “ekstremis” gewees het

om in die tronk gegooi te word. Wat sal u doen as sommige van God se getroue leraars in die tronk gegooi sou word?

Paulus probeer om die Kerk aan te moedig, maar hy kon nie die Laodiceërs aanmoedig nie. PAULUS WAS IN DIE TRONK, ONBESKRYFLIK OPGEWONDE DAT HY DEEL KON WEES VAN DIE ROEPING VAN DIE EERSTELINGE; EN HIERDIE MENSE WAS BUITE, BESIG OM VAN GOD WEG TE DRAAI, OMDAT HULLE NIE WOU HÊ DAT GOD HULLE REGEER NIE.

“Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging” (verse 6-7). Paulus het ons gewaarsku om God *deurlopend* te bedank, omdat ons so baie geleer is. Ons moet hierdie lering so liefhê dat ons diep daarin gewortel en gevestig sal raak. Dit is ook ‘n waarskuwing. Die probleem met die Laodiceërs vandag is dat hulle nie in die waarheid gewortel en gevestig is nie. Satan sal altyd veg om te verhoed dat ons in God—die God van oordeel—gewortel en gevestig word.

Is u GEWORTEL EN GEVESTIG in u begrip? Is hierdie u hele lewe? Strek die wortels tot op elke vlak van u lewe, deur en deur? Indien nie, sal die God van oordeel vir u ‘n raaisel wees.

“Pas op dat niemand julle as buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie” (vers 8). Nietige filosofie is volgens die “beginsels van die wêreld.” Wat beteken dit? Die “*New Testament in Today’s English*,” uitgawe vertaal hierdie gedeelte as “heersende geeste van die heelal.” “*Thayer’s Lexicon*” definieer dit as, “om in te neem, van boosheid wat onder mense ontstaan en begin om hulle mag in te span.” Nou beweeg ons nader aan die hart en kern van die probleem in die Kerk van God. “Heersende geeste van die heelal” beïnvloed die lewens van hierdie geleerde mense en verkry so beheer oor die Kerk. Ons het dit voor ons oë sien gebeur. God se familie is verpletter. Satan het ‘n geweldige haat teen God se familieplan omdat dit hom gaan vervang.

Vers 18 verduidelik hierdie probleem in konteks: “Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van die engele [in werklikheid beteken dit demone] en indring in wat hy [*gesien het*, moet

dit lees], en sonder oorsaak opgeblase wees deur sy vleeslike gesindheid.” Hierdie mense aanbid demone!

Mense sê dikwels dat ons die Laodiceërs afkraak. As jy oor iets so duister soos duiwelaanbidding praat, is dit nie nodig dat ons daaroor standpunt inneem nie? Indien u in u gesin sou sien dat demone die lewens van u kinders beïnvloed, sou u nie iets daaromtrent doen nie? In hierdie wêreld gebeur dit deurentyd: As u gesin verbrokkel, met geen ouer wat beheer neem nie, gee u, u kinders aan demone oor! Selfs in die Kerk van God, as ‘n man en vrou nie in die ware God gewortel en gevestig is nie, kan Satan daardie huwelik betree en dit vinnig uitmekaarskeur! Dit is nie iets waaroor geswyg behoort te word nie!

As ons sien dat die demone God se eie Kerk inval, is dit nie tyd dat ons iets doen nie? Ons probeer om ons geestelike familie teen Satan en sy demone te beskerm. Die Laodiceërs is steeds lede van God se familie. Ons is nie besig om die louwarm Laodiceërs af te kraak of aan te val nie. Ons neem standpunt in, want ons het hulle LIEF. As ons nie standpunt inneem nie, is daar iets verskriklik fout met ons.

HEILIGE DAE

Vers 16 verwys ook na probleme *binne* die Kerk: “Laat niemand julle dan oordeel in spys en drank of met betrekking tot ‘n fees of nuwemaan of Sabbat nie.” Onthou, hierdie verwys na die Laodiceërs, wat dit profeties maak. Paulus het gesê dat daar mense binne die Kerk in hierdie eindtyd sou wees wie, soos daardie Laodiceërs in die eerste eeu, u sal begin oordeel omdat u God se heilige dae onderhou. Waar dit praat van “nuwe maan,” verwys dit na die Fees van Basuine, wat Christus se wederkoms uitbeeld en die God van oordeel diepsinnig beskryf. Hierdie mense sal sê, *Ek hou nie van jou profetiese boodskap nie! U kraak mense deurentyd af*, terwyl ons net besig is om oor die Verdrukking en die Dag van die Here te preek. Dit is ‘n sterk profetiese boodskap.

Hierdie mense oordeel en kritiseer nie net sommige van die feesdae nie, maar hulle veroordeel ons boodskap. Die Laodiceërs verwerp wat ons oor die vername en minder vername profete leer. Hulle wil nie daardie sterk profetiese boodskap hê nie.

IN WERKLIKHEID HOU HULLE NIE VAN DIE GOD VAN OORDEEL NIE! Hulle hou nie van die regering van God wat mnr. Armstrong geleer het nie. God sê In Maleági dat hulle *daardie regering* verag! Die Laodiceërs sal dit nooit erken nie, maar hulle vrugte bewys dit. Hulle het nie profesie nie en hulle het nie 'n werk nie. God sal hulle nie 'n werk gee, totdat hulle leer om aan hulle Hoof vas te hou nie.

Moenie dat mense u oor die boodskap van God, of die heilige dae van God oordeel nie. Moenie dat hulle die wonderlike openbaring wat God aan mnr. Armstrong gegee het en vandag aan die PCG gee, van u af wegneem nie. *Onderhou* hierdie dae, want soos vers 17 wys, is dit 'n skaduwee van toekomstige dinge. As u die skaduwee van iets volg, sal dit u tot by die ware voorwerp lei. Volg hierdie skaduwees en hulle sal u lei tot die werklikheid van Christus se wederkoms, van Satan wat gebind word, van die glorieryke Millennium en die Groot Wit Troon Oordeel. Hierdie baie spesiale dae is vanwaar ons al ons hoop verkry!

Jesus Christus sal baie verwoestende dinge by sy wederkoms doen. Die mens moet leer dat die God van oordeel gaan terugkom en dat Hy sal regeer. Hierdie werk moet die wêreld se aandag op daardie gebeurtenis vestig.

DIE GOD VAN OORDEEL

Hoe gaan ons ooit al die mense van God bymekaarbring? Dit sal gebeur. “Kyk, ek gee jou uit die sinagoge van Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg, Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het” (Openbaring 3:9). En hoe sal hulle na hierdie toestand teruggebring word? **DEUR DIE GOD VAN OORDEEL.** Wat 'n vloek as hulle tot op daardie punt wag om na Hom terug te keer. God sal hulle terugbring en ja, ons sal bymekaarkom. Maar dit is nie 'n maklike taak nadat mense teen God rebelleer het nie.

Let op Mattheüs 24:14: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.” Mnr. Armstrong het die evangelie aan die wêreld verkondig en toe het die wêreld die Mattheüs 24 “einde” betree: Dinge

het *werklik* vinnig begin gebeur toe die aanvanklike opdrag om die boodskap van die evangelie na die wêreld uit te dra, verander is. God het die klem vanaf sy evangelie boodskap na 'n waarskuwingsboodskap, verskuif. Vers 15: "Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gesprek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom..." U kan sien waarom God se werk meer kragdadig moet begin waarsku oor 'n groot opkomende dierlike mag op die wêreldfront, wat op die punt staan om die nasies van Israel te vernietig. Vra 'n gratis kopie van "*Germany and the Holy Roman Empire*" aan, vir 'n volledige verduideliking van hierdie profesie.

"Want dan sal daar groot Verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (verse 21-22). Wil u die God van oordeel sien? Wil u weet waar Hy is? As die rebelle die God van oordeel wil ontmoet en Hom vandag nie kan vind nie, sal hulle binnekort duidelik verstaan waar Hy is!

"Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander *word verlaat*" (vers 41). Wanneer dit *verlaat* sê, beteken dit AGTERGELAAT in 'n KERNSLAGTING! In Bybelfroesie word 'n vrou as 'n *sinnebeeld* van 'n kerk gebruik. Een vrou het teen haar Eggenoot—Jesus Christus—rebellêr! God se familie is in ernstige moeilikheid. Twee kerke—die een word in 'n plek van veiligheid beskerm, 'n ander word agtergelaat in 'n kernslagting. *Maar waarom, God? Waarom sou U so iets doen?* sal hulle vra. Hulle wil weet waar die God van oordeel is en God sê, *Hier is Ek! Hier is die Verdrukking waarvan julle die hele tyd gehoor het! Dit is die oordeel wat Ek oor die wêreld bring, laat die mensdom hulself deur hulle eie boosheid tugtig!*

As u nie nou na God se woorde wil luister nie, wees geduldig, U STAAN OP DIE PUNT OM MET DIE GOD VAN OORDEEL KENNIS TE MAAK!

Die wêreld staan op die punt om in ons gesigte te ontplof. Reg rondom ons is probleme besig om te vermenigvuldig, met MAL MANNE VAN KLEIN TERRORISTE NASIES WAT KERNSWAPENS IN DIE HANDE KRY! DIT IS DIE PROBLEME WAAROM CHRISTUS GEWAARSKU HET! Dit is wat mnr. Armstrong aan die wêreld verkondig het! Dit is wat die Laodiceërs die wêreld behoort te leer! Inste

daarvan probeer hulle om die mense wat vandag daardie werk doen, te vernietig! Dink u dat God hulle sonde ligtelik sal opneem? Hierdie boodskap is hulle enigste hoop! Ek wil nie klein kindertjies en grootmense in 'n kernslagting sien nie! Ek bid tot God dat indien daar enige manier is waarop dit verhoed kan word, dat hulle dit sal vermy. Watter mens by sy volle positiewe, sal so iets wil sien gebeur?

“Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie” (verse 42-43)—*skielik*, sou ons kon byvoeg. Mnr. Armstrong het altyd geleer dat die Heilige Romeinse Ryk *skielik* sou kom, dat die Groot Verdrukking *skielik* sou kom en dat die trompet plae *skielik* sou kom. So ons beter gereed maak vir *skielike en verskriklike* veranderinge, want hierdie profesieë is op die punt om vervul te word.

Soos die wêreld agteruitgaan en gebeure versnel, wys die God van oordeel mense meer en meer die tipe oordeel wat hulle sal verstaan—die tipe oordeel wat hulle na Hom sal bring. **ONS MOET VANDAG VAN DIE GOD VAN OORDEEL WEET.** Ons moet ons aan elkeen van sy teregwydings onderwerp en dit op prys stel.

As ons God se oordeel vandag aanvaar, beteken dit dat ons God se regering aanvaar.

Hierdie wêreld behoort hulle nou aan die regering van God te onderwerp. Maar as hulle dit nie deur middel van woorde gaan leer nie, sal God hulle binnekort deur ondervinding leer. Ons werk is om die boodskap daar buite te verkondig en om soveel mense moontlik te kry om in hierdie Godfamilie visie belang te stel. Dit is ons roeping, en dit is uiters dringend dat ons bedrywig moet raak en God se werk voltooi.

Hoofstuk 6

God se Verbond met Levi

AN DIE EINDE VAN SY LEWE, HET MNR. ARMSTRONG ‘N KERK GELEI, wat jaarliks meer as \$200 miljoen inbring het, op meer as 400 televisiestasies uitgesaai het en maandeliks meer as 8 miljoen “*Plain Truth*” tydskrifte gedruk het. Een boek, *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie*, is aan meer as 5 miljoen mense gestuur.

Mnr. Armstrong het drie kolleges gedurende sy bediening gevestig. Matthéüs 24:14 sê dat hy die evangelie regoor die wêreld as ‘n getuigenis verkondig het. Volgens Matthéüs 17:10-11 het hy, as die eindtyd Elía, *alle dinge* herstel. Maleági 4:5-6 meld dat hy die familie van God binne die Kerk herstel het. ‘n Ontslaglike werk! God het, in terme van getalle, die grootste werk ooit in sy Kerk, deur mnr. Armstrong gedoen.

Mnr. Armstrong het in 1986 gesterf en kyk na die Kerk van God vandag. Dit het in dosyne groepe versplinter, wat elk verskillende grade van waarheid en dwaling leer. Baie mense dryf van kerk na kerk; ander het hulself geheel en al afgesonder, of het heeltemal weggeval. Watter verwarring is daar! Waar is die God van Elía vandag?

Toe die oorspronklike Elía gesterf het, het mense dieselfde vraag gevra. God het hulle die antwoord gegee.

WAAR IS DIE GOD VAN ELÍA

In 2 Konings 2, sien ons die laaste oomblikke van Elía se lewe. “En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: Begeer wat ek vir jou

moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa antwoord: Laat dan tog 'n dubbele deel van u gees op my kom. En hy sê: Jy het 'n harde saak begeer. As jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees. Maar so nie, dan sal dit nie wees nie. En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar. En Elísa het dit gesien en geroep: *My vader, my vader*, wa van Israel en sy ruiters! En toe hy hom nie meer sien nie, het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur" (verse 9-12).

Dit was 'n baie emosionele tyd vir Elísa gewees. Elía was nie sy biologiese vader nie, maar sy *geestelike* vader, deur wie hy die waarheid van God ontvang het. Net so was mn. Armstrong ons vader in hierdie eindtyd gewees; al die lede van die "*Worldwide Church of God* (wCG)", het regstreeks of onregstreeks, die waarheid deur hom ontvang. Ek glo dat God hoofsaaklik as gevolg van hierdie aangeleentheid, die Filadelfiërs van die Laodiceërs afgesonder het. Die mense in die "*Philadelphia Church of God*" kyk op na mn. Armstrong as "my vader, my vader." Dit beteken nie dat hy onfeilbaar was nie; dit erken hom eenvoudig as die man wat ons die waarheid van God gegee het. Dit maak ons vandag 'n tipe van die Elísa werk.

God het Elísa vir daardie pragtige gesindheid geseën. Let op wat gebeur het: Toe Elía gesterf het, het die mense natuurlik gewonder, *wie sal Elía vervang? Wie sal die werk doen wat Elía gedoen het? Waar is die God van Elía?* "Daarna tel Elísa die mantel van Elía op wat van hom afgeval het [dit beteken, hy het die leierskap oorgeneem], en hy draai om en gaan op die wal van die Jordaan staan; en hy neem die mantel van Elía wat van hom afgeval het, en slaan op die water en sê: *Waar is die HERE, die God van Elía*, ja Hy? En toe hy op die water slaan, is dit na weerskante verdeel, en Elísa het deurgegaan" (verse 13-14).

Dit het hul vraag beantwoord. Elísa het op die water geslaan, die Jordaan het na weerskante verdeel en hy het oorgestap. Omtrent 'n skouspel! Ek is seker die mense het hom gesien. Selfs al was Elía nie meer daar nie, het almal dadelik geweet waar die God van Elía was, want God het hulle gewys.

Ons was getuies van 'n selfs groter wonderwerk, vandag. Toe die eindtyd Elía gesterf het, het God sy Kerk vir vier

jaar getoets en hulle tyd gegee om hulle van hul sondige veranderinge in die Kerk te bekeer. Maar toe dit nie gebeur nie, het God “*Maleági se Boodskap*” gestuur—die begrip van die boek Maleági, soos dit op God se eindtyd Kerk van toepassing is. Dit was ‘n baie groter wonderwerk as die verdeling van die Jordaanrivier, want dit help mense om te verstaan en hul geestelike lewens te verander. Die uitwerking hiervan is vir ewig. ‘n Groot vraag in die gemoed van baie mense vandag is, *waar is die God van Elia—die God wat al die werk deur mnr. Armstrong gedoen het? Waar is Hy vandag?* Dit is ‘n vraag wat ons almal behoort te kan beantwoord.

AS EK ‘N VADER IS

Die Apostel Paulus leer ons ook van ons *geestelike vader*. Hy het aan die Korintheërs geskryf, “Ek skryf hierdie dinge nie om julle te beskaam nie, maar ek vermaan julle as *my geliefde kinders*” (1 Korintheërs 4:14). Paulus het die Korintheërs aangespreek—God se eie mense—en hulle sy *geliefde kinders* genoem. En hy het ook gesê, *Ek het ‘n vermaning vir julle*. Waaroor het hierdie waarskuwing gegaan? “Want al sou julle tien duisend tugmeesters in Christus hê, dan het julle tog nie baie vaders nie; want in Christus Jesus het ek julle vader geword deur die evangelie” (vers 15).

Paulus het gesê, *julle almal het deur my na God gekom. Julle mag tienduizend leermeesters hê, maar julle het net een vader—een persoon deur wie julle na die grote God gekom het*. Waar het u die openbaring, wat u vandag het, gekry? Waar het ek dit gekry? Al 18 van die waarhede wat herstel is, het regstreeks of onregstreeks na ons gekom deur mnr. Armstrong (Matthéüs 17:10-11). Hy het ons na God gerig. Die *waarskuwing* is dat ons maklik ons geestelike vader kan vergeet of versuim om hom te respekteer. So baie het presies net dit, in hierdie eindtyd, gedoen.

Daar is ook ‘n veel dieper boodskap hierin wat ons sal sien soos ons voortgaan.

Maleági 1:6 bevat dieselfde waarskuwing, maar hier gaan dit oor mense wat nie gehoor wou gee nie. “‘n Seun eer die vader, en ‘n kneg sy heer. *As Ek dan ‘n Vader is, waar is my eer?* En as Ek ‘n Heer is, waar is die vrees vir My? Sê die HERE van

die leërskaare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag?”

Dit is God wat hier praat: Die Here van die leërskaare, die oppermagtige God, die God van die engele, die heelal en alles wat ooit geskape was. Hy sê, *as Ek 'n vader is, waar is my eer?* Alhoewel Christus die God van die Ou Testament was, is dit hier asof dit *God die Vader* is wat praat! Hy stel vandag, die vraag aan sy eie mense. Dit is die probleem wat Hy met die Laodiceërs het: Hulle is baie ondankbare seuns. God sê, *julle is my seuns en seuns behoort hulle vader te eer.*

Soos u hierdie bestudeer, sal u begin verstaan dat om mnr. Armstrong as ons vader te eer, baie nou verbind is met hoe om God die Vader te vereer. Dit is waarom Paulus se waarskuwing werklik gehandel het. God, probeer om ons die diepste deel van die evangelie te leer—die middelpunt van hierdie familieboodskap: Dat ons die Vader heel eerste moet vereer. Christus vertel hierdie mense hoe hulle hul lewens in orde moet kry. Hy probeer om hulle die familiestruktuur te laat insien. Daar is niks op aarde soos hierdie inspirerende boodskap nie!

Dit sê dat hierdie leraars God se *Naam* verag. Die “*Anchor Bible*” sê, “Die term *naam* verteenwoordig hier die kern van God se wese, veral sy *opperheerskappy*, sy maatstaf.” Hulle het *God se regering* verag. Ten einde hierdie boodskap van regering te begryp, moet ons hierdie liefdevolle familie verhouding, wat ons met God die Vader moet hê, verstaan. Dit is uiters noodsaaklik dat ons die rol van die vader verstaan. ‘n Gesin wat behoorlik bestuur word, behoort ‘n vader aan die hoof daarvan te hê. God is ‘n Vader en Hy is besig om ‘n familie te skep. *U kan dit nie sonder gesag doen nie!* Probeer om ‘n gesin sonder gesag te bestuur. U sal algehele chaos hê.

Dit is nie ‘n natuurlike ding om regering sonder meer te aanvaar nie. Maar met ‘n liefdevolle vader aan die hoof, behoort kinders nie ‘n probleem te hê om regering te aanvaar nie, selfs wanneer hulle tereggewys word, want hulle weet dat hulle vader hulle liefhet. Dit is wat die Laodiceërs vandag nie werklik insien nie: God se liefde vir hulle. Hulle beskou nie God se teregwyding as liefde nie. Maar God sê dat as u nie tereggewys wil word nie, het u nie ‘n Vader nie! Dit is die ergste lot wat u kan tref.

As hulle maar net na hierdie teregwysing in Maleági wou luister! Baie Laodiceërs erken dat hulle ‘n probleem met mnr. Armstrong as die Elía het, maar God sê hier, *julle werklike probleem is met jul GEESTELIKE Vader—God die Vader!* Dit is ernstig! Dit is die verskil tussen, om deel van die familie van God te wees of om nie deel daarvan te wees nie. God vertel ons *hoe om deel van die familie te wees*. Ons waarsku die Laodiceërs omdat hulle God se familie is.

God praat met sy *eie mense*—wat geleerde redes het waarom hulle ‘n ander regering het. God sê: *Ek sal julle vertel wat julle probleem is! Julle HAAT MY REGERING—My liefdevolle familieregering!* Hulle volhard in hul redenasies en God plaas hulle in die buitenste voorhof. God draai nie doekies om nie. Die Laodiceërs sê, *ons glo nie dat mnr. Armstrong die eindtyd Elía was nie*. God se antwoord: *Julle haat my regering!* Hy word nie deur hul opstandige redenasies vasgevang nie! Hulle eer nie hul vader nie.

Wanneer Christus terugkeer, sal Sy hoogste prioriteit wees om God se regering te herstel. Sy hoogste prioriteit in die Kerk vandag, is om die Vader se familieregering te herstel. Ons het ‘n plig om ons Vader te vereer. Waarom nie ‘n Vader vereer wat u diep liefhet, wat reeds sy Seun vir u gegee het om sy liefde te bewys nie? Waarom nie onderworpe wees aan ‘n Vader wat so ‘n groot liefde het nie?

Elisa het geweet dat Elía sy geestelike vader was. Ek glo dat dit die rede was waarom hy vir die posisie gekies was. Terwyl Elía besig was om weg te gaan, het hy nie gesê, *wel, ek is bly dat ek nou uiteindelik daardie pos gaan kry nie!* Hy was nie daar soos ‘n aasvoël wat gretig gewag het dat hy moes sterf nie. Hy het gesê, *my vader, my vader!* Hy het Elía liefgehad.

Waar is die God van Elía vandag, wat so ‘n kragtige werk deur die eindtyd boodskapper gedoen het? U kan daardie vraag met ‘n ander vraag beantwoord: Waar is die mense wat vandag God as die Vader vereer? En mnr. Armstrong terselfdertyd as hul geestelike vader eer?

Daar is ‘n Maleági groep met God se familie visie. As u hierdie visie van God die Vader verstaan—oor die Vader en waarom u as mens op hierdie aarde geplaas is, waarom u geskape was om in die Godfamilie te wees—is dit genoeg om u vir ewig te inspireer!

Ons sal die bruid van Jesus Christus word! Weereens, wanneer Christus terugkeer, sal sy hoogste prioriteit wees

om die regering van God te herstel. Laat ons prakties wees: As u nie eens weet wat daardie regering behels nie, hoe sal u saam met Jesus Christus by Hoofkantoor dien en Hom help om dit te herstel? Sal die grote God wat alles so versigtig beplan het, selfs sover gegaan het om elke lid in sy Kerk self uit te kies, mense wat verward oor sy regering is, toelaat om uit te gaan en die wêreld te leer?

DIE VLOEK

Satan haat die familie van God. Wat hy die graagste van alles wil vernietig, is die Vader visie. En hy was baie suksesvol in God se Kerk.

“En nou, priesters, tot julle kom hierdie gebod” (Maleági 2:1). Hoe het hierdie leraars hul amp ontvang? Het iemand hulle verkies? Nee, God het hulle aangestel (tensy daar een of twee was wat ingeglip het en nie daar moes wees nie). Maar vandag is daar Laodicese groepe wat hul leiers verkies. Dit is nie die oorspronklike wyse waarop leraars hul amp ontvang het nie. Waarom hierdie grondliggende verandering?

Nou raak God reguit en *persoonlik*: *Ek wil hê dat julle leraars moet weet, hierdie gebod is vir julle*. En hier is die boodskap: “As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om my Naam eer te bewys nie, sê die HERE van die leërskaar, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in ‘n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie” (vers 2). Hierdie priesters verheerlik nie God se naam nie. Die Hebreuse woord vir *naam* beteken *regering* of *opperheerskappy*. Hierdie leraars moet besef en leer dat regering alles is. Tot dan, sal hulle nooit in staat wees om hulself aan God te onderwerp en sy naam te verheerlik nie.

God sê dat hierdie mense onder *dié* vloek is—hulle loop die gevaar om hul ewige lewe te verloor—omdat hulle God, in hierdie Godfamilie struktuur, nie eer nie. Mense kan vandag redeneer soos hul wil; dit is die dag vir menslike redenasie. Maar God praat van die manier, hoe dit vir ewig in sy familie sal wees!

Hierdie boodskap van Maleági word verkondig. God het geprofeteer dat hierdie boodskap in die eindtyd sou uitgaan en sê dat indien hierdie leraars dit nie wil hoor nie, hulle

vervloek sal wees. Waar is hierdie boodskap vandag? Bestaan daar enige twyfel daaroor?

Let op vers 3: “Kyk, Ek sal julle nakomelingskap bedreig, en Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste; en hulle sal julle na die mishoop dra.” *Kyk! Sê Hy. Neem kennis hier! Ek sal jou nakomelingskap bedreig!* Dit beteken *om enigiemand streng te vermaan, selfs ongenaakbaar, soos ‘n vader ‘n seun sal tereg wys.*

Onthou, elke lid van die Kerk word deur God die Vader geroep. Dit word nie na willekeur gedoen nie. Hy moes *baie* daaroor nagedink en voorberei het om elkeen van sy uitverkorenes te kies, want alles is op die spel. God die Vader moes *baie* oor elkeen van ons nagedink het, want as een wat Hy roep dit nie maak nie, sterf hulle vir ewig. Hy het ons waarskynlik vir jare beproef en getoets, voordat Hy ons uitverkies het. Die woord *nakomelingskap*, kan inderdaad as *semen* vertaal word. Dit mag dalk ietwat te regstreeks klink, maar die Vader verwek ons tog deur sy Heilige Gees. God is besig om saad te saai. Ons sal ‘n wonderlike geboorte in sy familie beleef. Dit is ‘n bonatuurlike seën en wonder van God. God is besig om seuns te ontwikkel. Wat ‘n diep betekenis het dit nie—u was deur u Vader verwek en Hy ken u beter as wat enigiemand anders u ken—selfs beter as wat u uself ken.

So, u kan begin verstaan waarom die opstandige leraars onder so ‘n vloek is! Hulle is besig om God se familie in embrio, van hulle Vader weg te draai! Wat ‘n sonde! Waar is die God van Elia? Hulle weet nie of weier om te weet en God is ontsteld daaroor.

In Ou Testamentiese tye, moes die priesters, as deel van hulle offers, van die diere se mis ontslae raak. (Daar is take wat leraars het, wat nie van die aangenaamste is nie.) God sê hier, *Ek sal die mis van julle godsdien en julle opstandigheid oor julle hele gesig strooi! Julle godsdien is vir My niks meer as mis nie. En julle sal saam met dit weggeneem word, behandel word soos so baie mis—indien julle jul nie bekeer nie.* Dit is nie ‘n maklike boodskap nie. God verag hul plegtige feeste.

VERBOND MET LEVI

“En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit my verbond kan wees met Levi, sê die HERE van die leërske” (vers 4). God sê *julle sal weet*. Dit verwys weereens na

seksuele verhoudings—om te wys, die diep, intieme verhouding wat God wil, dat ons met die Vader moet hê—natuurlik is dit nie seksueel van aard nie, maar dit is intiem en pragtig en dis wonderlik. “Julle sal gewaar word” sê Hy, “dat ek julle hierdie gebod gestuur het.” *Julle sal dit òf nou òf binnekort weet.* En let op, ‘n deel daarvan is, “dat dit my verbond kan wees met Levi.”

‘n Verbond is ‘n ooreenkoms tussen twee partye. Die grote God van die heelal sê, *Ek het ‘n verbond met Levi gesluit, Ek het dit nie met julle gesluit nie. Ek het dit met Levi gesluit sodat hy sou kom en alle dinge herstel.*

Maleági se Boodskap bevat ‘n hoofstuk wat handel oor die navorolging van Elía, wat ook Levi genoem word. Dit is baie belangrik om hierdie name te verstaan; God gee hulle vir ‘n bepaalde rede, want hulle vertel u meer omtrent hierdie man se verskillende verantwoordelikhede. Levi was die vader van die Leviete en mnr. Armstrong was die geestelike vader van al die leraars. Hulle het almal regstreeks òf onregstreeks, deur hom, na God gekom net soos die Korintheërs deur Paulus gedoen het. God het met hom ‘n verbond gesluit dat hy hierdie boodskap regoor die wêreld sou verkondig en die werk van God doen. Mnr. Armstrong moes daardie werk doen indien hy daardie Nuwe Verbond verhouding en huwelik met Christus wou betree, wat ons in die toekoms sal hê.

‘n Diaken het aan my genoem dat ‘n gedeelte van wat hom in hierdie Kerk geïnteresseer het, is die feit dat ons nie met mnr. Armstrong meeding soos ander groepe nie. Ons kan nie met ons Vader meeding nie. ‘n Seun kan nie met sy vader meeding nie, nog minder kan ‘n dogter of ‘n vrou, anders sal u ‘n disproportionele familie hê. Daarom sê God, *Ek wil hê dat jy verstaan dat My verbond met Levi was; dit was nie met Gerald Flurry nie; dit was nie met Joe Tkach nie; dit was nie met enigiemand behalwe met mnr. Armstrong nie. As jy wil uitgaan en meeding, gaan voort—jy sal dit in die buitenste voorhof doen. Maar vroeër of later sal jy terugkom en soos die Filadelfiërs aanbid, of jy sal geen toekoms hê nie!* ‘n Ernstige boodskap.

DIE PINKSTERBOODSKAP

God se verbond om “alles te herstel” was met mnr. Armstrong gewees. En, soos mnr. Armstrong altyd gesê het, ons werk is

om hom te ondersteun soos hy God ondersteun. Hierdie is sy woorde, (“*Good News, May 1974*”): “Maar nou, weereens, is daar ‘n dinamiese, baie belangrike en besondere kommissie—om die evangelie van die Koninkryk van God oor die hele wêreld heen te verkondig tot ‘n getuienis aan ALLE NASIES ... En, net soos God in die eerste eeu vinnige groei in sy Kerk teweeggebring het, selfs om in getalle te vermenigvuldig (totdat die vervolging begin het)—om DIE APOSTELS TE ONDERSKRAAG, hulle finansieel te help, met *virige gebede* te ondersteun—NET so het God, *in ons tyd*, GROEI in sy Kerk, teweeggebring ...” Verder aan het hy vervolg, “Dit sou vir my geheel en al ONMOONTLIK gewees het om hierdie kommissie alleen uit te voer. DIT is *waarom God u nou*, in plaas van later in die Millennium, *geroep het!* En *hierdie groot WERK VAN GOD* is DIE WEG wat God voor ons geplaas het, vir elkeen om te GROEI en GEESTELIK te ontwikkel. God se WEG, volgens sy WET, is die weg van GEE, nie kry nie. Diegene wat eenvoudig probeer om hul saligheid te BEKOM, loop die gevaar om dit te verloor!”

Dit is betekenisvol. Dit is deur die werk, dat God ons uit ons “kry” gesindheid lei. Dit is deur die werk dat Hy ons gedagtes weg van onself en op die Vader en sy groot familieplan gerig kry, wat tot in die Millennium sal voortgaan voordat dit na die heelal uitkring. Dit is deur die *werk* dat ons groei.

Mnr. Armstrong het voortgegaan: “Wanneer [Christus] terugkeer, sal Hy van elkeen van ons vereis om te wys hoe ons die GAWE van sy Heilige Gees gebruik het—hoeveel ons tot sy *werk* BYGEDRA het—die DOEL waarvoor Hy ons NOU in die Kerk geplaas het!” Waarom is u nou hier? WAAROM HET GOD NIE NET GEWAG EN U IN DIE MILLENNIUM OF DIE TWEDE OPSTANDING GEROEP NIE? WANT U MOET ‘N WERK VERRIG! ANDERSINS SOU U NIE NOU HIER GEWEES HET NIE! Dit is basies, maar so baie mense het hiervan afgedwaal.

Hy het afgesluit, “Diegene wat ontrou blyk te wees of uit *die werk* wegval—die enigste rede waarvoor u nou geroep is—sal hulself in dieselfde posisie bevind as die een wat in [Lukas 19] verse 20 en 24 beskryf word. Hulle sal die einste saligheid wat hulle probeer BEKOM het, verloor!”

Mnr. Armstrong het in die “*Worldwide News*,” van 12 November 1979, geskryf: “Andere, die meerderheid, die ‘lekedom’ word geroep om HUL DEEL van die WERK in die Kerk te

verrig—nie as amptenare in spesifieke pligte of departemente nie, maar deur *aktief* en getrou agter die apostels en ander spesifieke administrateurs te staan...

In 'n ander artikel het mnr. Armstrong geskryf, "Dit is 'n geestelike werk. Uitsaaiwerk, beide deur die radio- en televisiemediums, word deur die apostel gedoen. Die meeste boekies en boeke word deur die apostel geskryf. Die 'Persoonsberig'—wat die meeste gelees word—gewoonlik die hoofartikel en dikwels ander artikels word deur die apostel geskryf... Die 'Ambassador College Correspondence Course,' met Duisende wat dit bestudeer, is alles die lering van die apostel... Die onderrig is dié van Christus se apostel wat die president en kanselier van die kollege is. Die bediening, wat uit honderde gewyde leraars bestaan wat, soos die apostel hul geleer het, in plaaslike kerke wêreldwyd onderrig gee" (*Good News, April 1981*). Die leraars moes onderrig *wat die apostel hulle geleer het!* Nie soos hulle in hul eie gemoed besluit het nie, maar soos die apostel hul geleer het. Dit is waar hulle vandag afgedwaal het.

God se verbond was met Levi. God het hom met 'n boodskap vir die hele wêreld gestuur en om leraars te kwalifiseer en ander mense om hulle te help en die werk te ondersteun. As ons dit vergeet, is ons in die moeilikheid. Baie het vandag vergeet weens hul verwaandheid, trots en ydelheid; en HUL PROBEER MET LEVI MEEDING—DAARDIE SPESIALE BOODSKAPPER VAN GOD! Hierdie opstandige leraars daag vir God self, uit, deur so op te tree.

En hulle verwerp die Godfamilie visie.

VREES U GOD?

Levi se *karakter* word breedvoerig deur God bespreek: "My verbond met *hom* was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan *hom* gegee tot vrees; en hy het My GEVREES en vir my Naam GEBEW" (vers 5). Levi se VREES word drie keer in hierdie enkele vers aangeteken! ONS MOET LEER OM GOD TE VREES SOOS LEVI GEVREES HET.

BESTUDEER HIERDIE MAN SE LEWE. God het hom as 'n voorbeeld voorgedou, want Hy weet dat ons die beste deur middel van 'n voorbeeld leer. MNR. ARMSTRONG WAS 'N WONDERLIKE VOORBEELD VAN 'N MAN, WAT GOD GEVREES HET.

Vrees u God soos Levi Hom gevrees het? Vrees u wanneer u huwelik moontlik besig is om te misluk? Vrees u as u kinders nie doen wat hul moet nie? Vrees u dat u dalk louwarm teenoor God se werk is? Vrees u of u, u deel van hierdie werk doen? Vrees u verdeeldheid in die Kerk? Die meeste van God se mense, in hierdie eindtyd, vrees God nie. Levi het.

Vrees u om met God se regering mee te ding? Kan u op u knieë gaan en net sê: *God, ek weet dat daar sommige areas is waar ek U regering haat en ek nie my huwelik wil verander nie—of, ek wil nie met my kinders werk soos ek met hulle behoort te werk nie. God, help my asseblief om U te vrees soos Levi gedoen het!*

Die “Anchor Bible” verklaar, “Nêrens in die Bybel word die omskrywing van hierdie verbond tussen God en Levi opgeteken nie.” AS DIE BYBEL NIE OPTEKEN WAAR DAARDIE VERBOND GEMAAK WAS NIE, DAN MOET DIT PROFESIE VIR ONS TYD, NOU, WEES!

God meld, “Hy het My gevrees en vir my Naam gebewe.” Onthou die “Anchor Bible” definisie. Hier verteenwoordig die term, “naam,” die kern van God se wese, veral sy opperheerskappy—regering. Dit is waar die fokus van priesters moet wees.

Mnr. Armstrong was ‘n toonbeeld van gehoorsaamheid aan God—‘n merkwaardige voorbeeld van ‘n man wat God gevrees het, soveel so, dat hy *alle* dinge herstel het. Hy het nie opgehou herstel na 10 of 15 waarhede nie. Hy was ‘n man na God se eie hart en hy wou ALLES herstel wat die Vader wou hê, hy moes herstel! En hy het!

DIE WET WAS IN SY MOND

“Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtigheid teruggebring” (vers 6). U kon die wet uit mnr. Armstrong se mond soek. Dit beteken dat hy die regering van God gevestig het en u kon na sy mond gaan om meer daaroor te leer.

Maar as u vandag na die meeste van die monde in die bediening gaan, sal hulle u nie van God se regering vertel nie. Hulle is nie voor sy naam bevrees soos Levi was nie. Hulle wil om die wonderlike regering, wat vrede, vreugde en oorvloed in ons lewens bring, redeneer! Dit is ongelooflik dat mense so iets sou doen, maar dit is presies wat gebeur.

Levi was 'n regverdige man, wat *menige* van ongeregtigheid weggedraai het. Elders verklaar God dat diegene wat hom ondersteun het, dieselfde groot werk verrig het. Maar Levi was die *vader*—hy het God se werk bestuur. As ons waarlik sy voorbeeld en werk ondersteun, draai *ons* baie van ongeregtigheid weg, na die Godfamilie. Ons kan dit doen deur *onself heeltemal tot God se werk te verbind*, aangesien die werk hier is om baie van ongeregtigheid weg te draai na God toe. Ons was op 'n spesifieke tyd in God se werk ingeroep, vir hierdie verantwoordelikheid.

“Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die HERE van die leërskaare” (vers 7). *Diegene* wat onderrig moet soek, verwys na die *priesters*, nie die *mense* nie. Dit is waar die verwarring is. En DIE PRIESTERS BEHOORT DIE WET UIT LEVI SE MOND TE SOEK—nie uit die *priester* se mond nie. “Want hy [Levi] is die boodskapper van die HERE van die leërskaare.”

Die “Anchor Bible” meld dat die woord *bodskapper* uit die Hebreeuse “*maluck*” vertaal is. Dit verwys gewoonlik na 'n engel of *bodskapper*, maar hier word duidelik na 'n menslike boodskapper verwys. Maleági 2:7 “is die enigste plek waar die term ‘*maluck*’ op die priesterlike amp toegepas word. [Gewoonlik] word die titel *bodskapper* vir die *profete* van God gereserveer en die woord is 'n tegniese uitdrukking vir een wat in die teenwoordigheid van God was en daardeur die kommissie het om 'n boodskap van Hom te bring.”

Dink vir 'n oomblik hieroor. Dit is die enigste plek in die Bybel waar die woord *bodskapper*, vir die priesters gebruik word, of vir die leraars of Leviete, soos wat hulle elders genoem word. As dit die geval is, is dit moontlik dat daar 'n fout in die vertaling kan wees? Was die vertalers selfs eerlik hier? Hulle het dié “bodskapper” hier gesien en in hul vyandigheid teenoor God se regering, het hulle aangeneem dat dit nie 'n eenmans-regering, met een boodskapper oor *al* die leraars, kon wees nie! Bedoel God nie dat *ons almal bodskappers moet wees nie?* mag hulle redeneer. NEE, HY BEDOEL DIT NIE! Hierdie vers handel oor een man wat 'n boodskap van die HERE van die leërskaare ontvang het! Van die hoogste Gesag in die heelal! Indien God gesê het, *laat ons die boodskap aan verskeie leraars stuur, miskien 50 of 100, selfs 300*—watter verwarring sou dit

nie veroorsaak nie! Dit is omtrent waarop dit vandag in die Laodicense kerke neerkom, waar mense verkeerdelik *dink* dat hulle ‘n boodskap van God het.

“Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaare” (Maleági 3:1). Daar is twee boodskappers hier: ‘n Eindtyd Levi [boodskapper], ‘n mens; en die “Engel [Boodskapper] van die verbond”—Jesus Christus. Weereens Maleági 2:7: “Want die lippe van ‘n priester...” Alhoewel dit hier ‘n enkel priester is, wys verskeie Bybelhulpe dat dit enkelvoud of meervoud kan wees, afhange van die teksverband. Dit behoort *meervoud* hier te wees. “Die lippe van *priesters* moet kennis bewaar [bewaak] en uit sy [Levi] se mond word onderrig [deur hulle—die priesters] gesoek, want hy is die boodskapper van die HERE van die leërskaare.” Hy—enkelvoud—is die een wat die boodskap het.

Verbind hierdie met vers 6: “Betroubare regsleer was in sy mond...” Dan, vers 7: “Want die lippe van ‘n priester moet kennis [bewaar] en uit sy mond word onderrig gesoek...” Wanneer ons die meervoud, *priesters*, gebruik, dan is dit vanselfsprekend dat die woord sy (vers 7) na Levi terugverwys—“sy mond” (vers 6)—en nie na een van die priesters, of leraars onder mnr. Armstrong nie. Selfs die teksverband wys dat God steeds oor die boodskapper praat en *nie* die leraars nie. Die verwarring in die kerke van God, vandag, kom wanneer hulle redeneer, *ons* is *ALMAL boodskappers*; *ons* is *ALMAL op mnr. Armstrong se vlak*. Maar het hulle alle dinge herstel? Het hulle die evangelie oor die hele wêreld verkondig? Het hulle God se familie in die Kerk herstel? Het *ENIGE VAN DAARDIE LERAARS* ooit een nuwe, groot openbaring na die Kerk gebring, in daardie dae onder mnr. Armstrong? En die antwoord is *NEE! Hulle het nie! En tog het hulle die verwaandheid om te dink dat hulle op die vlak is van een wat ‘n boodskap van God gegee was!*

Ek probeer nie om ‘n man op te hef nie, maar laat ons realisties wees! God het hom beslis ‘n boodskap gegee! Waar is die God van Elía? Is Hy in een of ander man wat homself op die hoë vlak van Levi wil plaas?

Dit sê die priesters se lippe moet kennis bewaar—dit is die leraars se taak. Ons bewaar die wet en die regering wat Levi gevestig het. Dit is wat die leraars vandag behoort te doen; dit is waarvoor God hulle verantwoordelik hou. Dit is waarom *bewaar* ‘n goeie vertaling is: Hulle het nie net die verantwoordelikheid om die wet en die regering te “onderhou” of te *gehoorsaam* nie, maar ook om dit vir die hele Kerk te “*bewaar*!”

DEUR WIE WORD DIE WET EN DIE REGERING VANDAG ONDERHOU OF BEWAAR? WIE HET DIESELFDE WET EN REGERING WAT MNR. ARMSTRONG GEHAD HET?

Die antwoord is voor die hand liggend.

HOOFKANTOOR GESAG

Ons moet in ons persoonlike lewens kennis bewaar. Vaders, bewaar julle die wet en regering van liefde in u familie? Moeders, bewaar julle dit?

Dink hieroor. God is besig om u deur ‘n waarlik opvoedkundige ondervinding te neem. As u voortgaan om God se wet en regering te bewaar, selfs wanneer hierdie leraars wegdraai, sal God u vir ewig tot ‘n hoofkantoor posisie verhef. Hy weet dat u die wet en regering van God *vir ewig* sal bewaar! Hy weet dat u nie met Jesus Christus of een of ander leraar bo u, sal meeding nie!

SOOS U DIE WET EN DIE REGERING BEWAAR, KWALIFISEER U OM SAAM MET JESUS CHRISTUS IN HOOFKANTOOR TE SIT. Christus sal weet dat indien enigiemand na u sou kom en om leiding vra, u hulle wetlike leiding sal gee sowel as die REGERING VAN GOD—die enigste regering wat kan werk! God en die een wat Jesus Christus geword het, was van alle ewigheid deur hierdie regering saamgebind.

Die hofsak oor *Geheimenis van die Eeue*, het met die *bewaring van kennis* te doen. Natuurlik, as ons dit het en dit bewaar, wil God weet wat ons daarmee sal doen. Ons moet dit aan die GROOTSTE GEHOOR MOONTLIK oordra! Laat ons dit aan die WÊRELD oordra! Laat ons dit aan ons TOEKOMSTIGE FAMILIE oordra! *Geheimenis van die Eeue* behoort nie aan die “*Worldwide Church of God*” nie. Dit is die kennis van God!

Die toonaangewende leraars in die “*Worldwide Church of God*” versuim nie net om God se kennis te bewaar nie, maar

hulle vernietig dit ook! Dit behoort baie onthullend te wees waar hulle hul geestelik bevind! Kan hul geestelike toestand enigsins slegter daaraan toe wees?

Elke persoon sal na mnr. Armstrong se onderrig moet gaan vir die wet en regering. Al die Laodiceërs sal na daardie mond moet gaan; dit is wat God in Openbaring 3:9 bedoel. Dit word selfs in die konteks van die eindtyd Filadelfia boodskapper genoem.

God, die Vader, moet in staat wees om ons te regeer. God wil weet of ons oor die nodige beskik om VIR EWIG saam met Hom by hoofkantoor te wees. Ons weet gewis dat God ons nie daarbuite sal plaas om die wêreld te regeer as Hy ons nie kan regeer nie. Hy het dit reeds met Lucifer beleef! Daar was en sal net *een vader boodskapper op aarde*, in die eindtyd wees. Indien Satan daardie pragtige visie kan vernietig, kan hy die mense van God vernietig. Dit is waarom mnr. Armstrong gesê het dat *regering alles is*. As *dit* nie onderhou word nie, stort *alles* in duie. As daar geen regering in 'n fisiese gesin is nie, stort dit ineen.

VERBREKING VAN DIE VERBOND

Let op die verskil tussen Levi en hierdie ander leraars. Terwyl Levi *baie* van ongeregtigheid weggedraai het (Maleági 2:6), het hierdie leraars “van die weg afgewyk, julle het *BAIE* deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê die *HERE* van die leërskaar” (Maleági 2:8). Wat het hierdie mense verbreek? *Die verbond van Levi*—die verbond wat God met hom oor die wet en die regering gesluit het. God het met Levi 'n verbond gesluit om sy familieregering in God se Kerk te herstel. Omdat die Laodiceërs daardie wet en regering verbreek het, struikel mense oral—meer as 95 persent van God se mense. Daar is oorsaak en gevolg en *hulle* is die oorsaak dat God se mense struikel.

Die vrugte in God se Kerk bewys die identiteit van God se boodskapper wat die weg vir Jesus Christus voorberei het. Daar is niemand anders op daardie vlak nie! Christus noem Homself in dieselfde vers saam met daardie boodskapper wat die weg voorberei het (Maleági 3:1). *Hy* het die weg

voorberei en nou moet *ons* Levi se boodskap aan die Kerk en die wêreld oordra. Dit is ons taak.

Slegs een boodskapper het alle dinge in hierdie eindtyd herstel. In die verlede was daar verskillende boodskappers, want hulle het nie die reisvermoë en tegnologie gehad wat ons vandag het nie. HIER IS 'N DEFINITIEWE NAAM, 'N DEFINITIEWE VERBOND, 'N DEFINITIEWE WET, 'N DEFINITIEWE REGERING. DIT IS ALLES SO SORGVULDIG DEUR GOD SELF GESTRUKTUREER EN GEORGANISEER! God het sy boodskapper gestuur; Hy het hom vir jare onderrig. Hy het mnr. Armstrong deur 28 jaar van erge armoede geneem, hom opgelei, getoets en gereed gekry om te bepaal of hy werklik hierdie boodskap kon verkondig—of hy kon opweeg om die boodskapper te wees wat die weg vir Christus sou voorberei!

VADER LEVI EN DIE FAMILIE VISIE

Wat 'n seën was die eindtyd Levi, ons geestelike vader, vir ons gewees! Indien u daardie *amp* eer, die vader Levi *amp*, vereer u ook GOD DIE VADER! Die nommer een wyse waarop God beskik het dat ons God die Vader moet vereer, is om ons vader Levi se familieboodskap te eer. Die VERBOND was met hom gesluit. As u sy *amp* onteer, onteer u, u Vader. Dit gaan nie oor 'n man nie, maar 'n *amp*. Dit gaan oor die evangelie van die Godfamilie. Dit gaan oor die Hoof van die familie. Dit gaan oor die *goeie nuus*! Ons benodig Elisa se kinderlike gesindheid om te sê *vader, vader*—'n onderworpe gesindheid aan daardie vader en dit, wat hy vanuit die Woord van God geleer het.

Die familie is 'n *God* vlak verhouding. Ons is nie op die diere vlak nie; ons is op die GOD VLAK. Wanneer u 'n fisiese gesin sien, wil God aan u 'n visie oor sy geestelike familie gee. Wanneer u 'n fisiese huwelik sien, verlang Hy dat ons aan die eersteling se huwelik met Jesus Christus dink! Die familie instelling is op die God vlak! Ons moet werk en swoeg om ons families soos God se familie te maak. VERHEF u familie tot daardie vlak! Dit verg baie werk, maar dit leer ons hoe om *God* se familie te betree.

MNR. ARMSTRONG HET HIERDIE VISIE AAN ONS GELEER. Hy het ons teruggebring na die eerste hoofstuk in die Bybel waar God gesê het, *laat ons die mens na ons beeld maak, laat ons, ons*

karakter in hom skep. Laat ons familie skep! Moet ons daardie boodskap verag omdat dit van ‘n man kom?

Die grootste kinderopvoeding wat tans op die aarde in werking is, is deur God die Vader wat sy kinders grootmaak. Hy maak sy *eersteling* seuns groot om met sy *eersgebore Seun* te trou. Hy maak ons groot, rig en lei ons en gee ons *vaderlike* aandag, *vaderlike* liefde en *vaderlike* sorg. **WAT ‘N SEËN OM DEUR ONS VADER GETUGTIG TE WORD!** Dit maak nie saak hoe moeilik die beproewing nie! Want binnekort sal ons vir ewig as lid van die Godfamilie leef! Daardie beproewings sal bloot geskiedenis wees wat in die agtergrond vervaag. Die opleiding, onderrig, beplanning en organisering vind nou plaas.

Ons behoort aan Levi, *vader, vader* te sê—want dit is wat hy vir ons was. Om teen sy boodskap te draai soos die Laodiceërs gedoen het, is soos ‘n tiener wat vyandig teenoor sy vader word—behalwe dat die gevolge vir ewig is!

VERONTREINIGING VAN DIE VERBOND VAN LEVI

Indien u wil sien wat die Filadelfiërs van die Laodiceërs onderskei, fokus op ‘n dieper begrip van Levi. God vertel die Laodiceërs hoe om hul probleem—versuim om hul vader te eer—wat in Maleági 1:6 bespreek word, reg te stel. *Keer terug na Levi! Moenie ydel en verwaand wees en jul ewige lewe verloor nie! Moenie menslike ydelheid toelaat om dit te stop nie! Moenie toelaat dat enigiets dit verhoed nie!* Maar vir sommige is dit so moeilik om te leer.

Waar sien u nuwe openbaring wat van God kom? Dit is soveel meer belangrik as om die waters van die Jordaan te skei en oor te loop, soos wat Elísa in staat was om te doen. Wat u deur middel van *Maleági se Boodskap* kan ontvang is soveel te meer, ‘n wonderwerk! Wys my enige ander kerk wat *een* stukkie openbaring van God het.

“So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering by die hele volk, omdat julle my weë nie hou nie en *partydig handel by die regspraak*” (Maleági 2:9). Die Hebreeuse sinsnede wat as “*partydig handel by die regspraak*” vertaal word, beteken hulle het *gesigte of persone verhef*. Dit was ‘n *menslike* regering—dit is die groot probleem.

Vers 10 meld, “Het ons nie almal een *Vader* nie?” ... Daardie “V” moet ‘n kleinletter “v” [volgens die “*King James Version*”] wees en verwys na Levi. “Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die *verbond van ons VADERS* te ontheilig?” Weereens, *vaders* behoort Levi te lees. In “*The New Englishman’s Hebrew Concordance*” word hierdie twee woorde, *vader* en *vaders*, as dieselfde gelys. “*Gesenius*” definieer *vaders* as “gebruik as die stigter of die skrywer of die vader.” Die “*Anchor Bible*” sê dat sommige glo dat *vaders* in daardie teksverband die *verbond van Levi*, beteken. Dit is gewis wat dit beteken.

Waarom handel die kerke van God vandag so troueloos met mekaar? As hulle sou besef dat ons een vader het, sou dit ons almal verenig! Dit sou so eenvoudig wees. God sal die Laodiceërs laat terugkom en aanbid soos hulle aan die begin deur *een* geestelike vader—Herbert W. Armstrong—geleer was.

“Juda het troueloos gehandel, en ‘n gruwel is in Israel en in Jerusalem gepleeg; want Juda het die *heiligdom van die HERE*, wat Hy liefhet, *ontheilig*, en hy het die dogter van ‘n uitlandse God getrou” (vers 11). Die heiligheid van God, sy karakter, word ontheilig. “Wat Hy liefhet” moet *verlede* tyd wees. Hulle het dit nie meer lief nie. Nou handel hulle *troueloos*—daar word afgryslike, gruwelike, bedrog in God se Kerk gepleeg. God sê dit is afskuwelik—hul Eggenoot, Jesus Christus, word aanstoot gegee. Hulle het nou na ‘n ander god gedraai. Is dit ‘n klein sonde?

Vers 12 openbaar die straf: “Mag die *HERE* van die man wat so iets doen, *UITROEI* hom wat roep en hom wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat ‘n offer aan die Here van die leërskaar bring.” *Uitroei* beteken om *geen nageslag na te laat* nie. Dit is gevaarlike kennis, inaggenome dat hulle vir ewig uitgeroei sal word.

“En *BOONOP* doen julle dít: julle bedek die altaar van die Here, met trane, met geweën en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie” (vers 13). In die 70’tigs, toe mnr. Armstrong baie gereis het, het sommige opstandige leraars sy afwesigheid by Hoofkantoor uitgebuit as ‘n geleentheid om die Kerk liberaal te maak. Na ‘n paar oproerige jare en veelvuldige beëindiging van lidmaatskap, het Christus die Kerk deur middel van mnr. Armstrong terug op koers geplaas.

Die Laodicense era is in vele opsigte eenvoudig 'n herhaling van die 70'tigs, sonder 'n sterk hand om die situasie reg te stel!

Mnr. Armstrong het ons hieroor gewaarsku: "Ek wil hê, broeders, dat julle sal nadink oor en *verstaan* wat met God se Kerk in die 70'tigs gebeur het, *anders sal die geskiedenis homself herhaal*. Ek wil hê dat julle die 'vrugte' van opstand teenoor God se weg en God se *regering* sal sien" ("Worldwide News, 24 June 1985"). Ons het dit gesien. En die geskiedenis het homself herhaal.

Nou noem sommige van die toonaangewende leraars mnr. Armstrong 'n *ketter* en *vals profeet*! God is ontsteld daaroor! Hy sê dat dit 'n gruwel is—die ergste moontlike sonde wat hulle kon pleeg.

DIE HUWELIKSVERBOND

In vers 14, praat die Laodiceërs weer terug met God. "En julle vra: *Waarom?*" Hierdie mense begryp dit eenvoudig nie! Hulle vra, *wat bedoel U, God? Waarom is U so hard?* God antwoord, "Omdat die HERE getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy *ontrou* geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond."

God was daar en het alles aanskou: Hy het gesien toe hulle uit die wêreld gekom het, toe hulle daardie verbond gesluit het, toe hulle ingestem het om gereed te maak om met sy Seun te trou. En God sien hoe hulle troueloos met sy Kerk handel. Hy is vol woede! Hy het die reg om so te voel!

Hierdie *huweliksverbond* is ons bonatuurlike *voorreg*. Christus sê, in die konteks van hierdie boodskapper van die verbond (Maleági 3:1), dat Hy na hierdie aarde sal terugkeer en daardie verbond sal bevestig en met SY BRUID sal trou!

Maleági 2:15-16 praat van "*Elohim*." "Het hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n *geslag* van *God gesoek* ..." (vers 15). God wil "*Elohim*" saad hê. Hy kan dit nie vandag in die Laodicense Kerk vind nie. "Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God [weereens '*Elohim*'] van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die Here van die leërskaars. *Neem julle dan in ag ter wille van julle gees, en wees nie ontrou nie*" (vers 16).

"Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na

wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaar (Maleági 3:1). Jesus Christus, die een wat hierdie huweliksverbond vasgestel het, sal kom! U kan daarop reken en u lewe daarvolgens beplan.

Christus sal nie ‘n kinderlose huwelik hê nie. Christus se vrou sal met *biljoene* geestelike kinders werk; sy sal gereed moet wees om hulle te rig in die weg wat vrede, vreugde en opgewondenheid bring. Sy sal ook moet weet van God se wet, regering en familiestruktuur om ander te leer om hul gesinne vreugdevol te maak—om dit vir hulle moontlik te maak om te jubel. Anders sal dit net ‘n voortsetting wees van wat ons vandag sien—veragtelike ewel!

Die hele wêreld se probleme sal deur God die Vader en Jesus Christus opgelos word; en hulle het ons die *eer* gegee om Christus, *as sy vrou*, behulpsaam te wees om met daardie biljoene mense te werk! Geen wonder Hy haat egskeiding! Geen wonder Hy *haat* wat hierdie leraars besig is om te doen! HULLE PROBEER GOD SE HELE PLAN OMVERWERP!

“Elohim” is die familie *verbondsnaam* van God. Die Laodiceërs het die verbond verbreek. Hulle sê dat hulle hul kant van die verbond nagekom het, maar dat God nie sy kant nagekom het nie. God sê, *nee, julle het nie julle kant van die verbond nagekom nie. Julle eer My nie as ‘n vader nie en julle het daardie verbond VERBREEK. Julle veg teen my regering en my wet; en julle kerke is gevul met verwarring!*

Ons moet na die mense van hierdie wêreld kyk as potensiele kinders in God se familie. Ons wil die boodskap van Levi en Elía na hierdie mense uitkry om hulle die kans te bied om hulle te bekeer VOOR hierdie verskriklike tyd, wanneer die Leviete van hul onsuiverheid *gelouter* sal word—soos goud of silwer, in die vurige smeltoond geplaas word. God wil dit nie doen nie; Hy wil nie u klein kindertjies deur so iets sien gaan nie. Hy verafsku dit veel meer as wat u doen. Maar God is vasberade om hierdie wêreld die afgrysligheid van sonde te wys!

Is u *GEREED om saam met Jesus Christus oor biljoene mense te regeer*? Is u gereed om hulle die familie verbond te leer wat Jesus Christus sal kom om te bevestig? Wat ‘n toekoms het “Elohim” ons gegee.

Hoofstuk 7

‘n Onafgelewerde Boodskap

SATAN SE GROOTSTE SAMESWERING IN HIERDIE WÊRELD IS TEEN die gesin. Dit is omdat dit ‘n *tipe* van die Godfamilie is. Maar Satan se nommer een doelwit is om God se familie te vernietig en hy is suksesvol in baie mense se lewens. Baie van hierdie heiliges sal vir altyd vernietig word, tensy hulle hul bekeer! Hierdie is hul ENIGSTE kans.

Dus kan ons sien waarom Satan sy aanval op God se Kerk of familie fokus. Nietemin, kan hy hierdie taak *slegs* van binne af uitvoer. Dit is waar die duiwel se grootste aanslag vandag is.

Hierdie sameswering was aan die gang selfs voor mnr. Armstrong se dood (2 Thessalonicense 2:7; Openbaring 3:9). Hy het dit, tot dan teëgehou. (Dit word in *Maleági se Boodskap* verduidelik). Nadat hy oorlede is, het Satan onmiddellik begin om beheer op die hoogste vlak te verkry.

God het daardie groot sameswering aan sy uitverkorenes geopenbaar.

VERRADERLIKE VERDOESELING

“... [D]at ‘n mens sy klee met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskaar. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie” (Maleági 2:16). God is besorg oor ‘n verdoeseling in sy Kerk en Hy sê dit is ‘n GEWELDADIGE verdoeseling.

Hoe het hulle geweld verdoesel? Oorweeg dit. Mnr. Armstrong het besluit om *Geheimenis van die Eeue* reeksgewys in die “*Plain Truth*” te publiseer. Die eerste aflewering het in die Julie 1985 uitgawe verskyn. Dit bewys wat hy van daardie boek gedink het. Sy strewe was om dit op enige manier moontlik, aan die grootste moontlike gehoor, oor te dra. Maar in die Julie 1986 uitgawe van die “*Plain Truth*,” enkele maande na sy dood, was daar etlike beduidende weglatings in die artikel omtrent die Geheimenis van die Kerk, gewees. Aangesien hulle die uitgawes maande vooruit beplan het, dui dit daarop dat hulle reeds ‘n geruime tyd hieraan gewerk het. HULLE MOES AAN HIERDIE VERANDERINGE TYDENS MNR. ARMSTRONG SE AFSTERWE, OF DALK SELFS VOOR DAARDIE TYD, GEDINK HET! DIT IS VERRAAD OP DIE HOOGSTE VLAK.

Dit wat hulle weggelaat het val so goed saam met hierdie onderwerp. Hulle het die waarheid omtrent die Kerkeras weggelaat, asook Openbaring 3:7-8 waar mnr. Armstrong van ‘n menslike boodskapper in die Filadelfia era gepraat het. Hulle het—in 1986!—Matthéüs 17: 10-11, omtrent ‘n man wat in die gees en krag van Elía sou kom, weggelaat. Hulle het Maleági 3:1-5, omtrent ‘n boodskapper (mnr. Armstrong) wat voor die Boodskapper van die verbond (Christus) sou kom, weggelaat. Hulle het Maleági 4:5-6, omtrent hierdie eindtyd Elía wat oor die familie van God sou leer, weggelaat. Mnr. Armstrong het gesê dat daar ‘n menslike leier was wat die weg vir Jesus Christus voorberei het, wat vanselfsprekend na hom verwys het en hulle het dit WEGGELAAT! Hulle het dit wat hy omtrent Matthéüs 24:14 geskryf het en die deur wat God vir “hierdie leier” oopgemaak het, weggelaat. Maar dan, heel aan die einde, het hulle voortgegaan met dit wat hy oorspronklik geskryf het: “Hierdie profesieë is nou beslis vervul.” En hulle het al die spesifieke profesieë oor Levi, die eindtyd Elía en die eindtyd Serubbábel uitgehaal. Hulle het dit alles uitgewis. Iets baie boos was in hul gedagtes aan die gang, selfs voordat mnr. Armstrong oorlede is. DIT WAS DIE BEGIN VAN SATAN SE VEROWERING VAN DIE LEIERS IN GOD SE KERK!

Dit was ‘n DUIWELSE SAMESWERING. En hierdie geweld was verdoesel. Hulle het niks hieroor vir hul mense gesê nie en indien iemand, enige van hierdie veranderinge gedurende daardie tyd aangeroer het, het hulle gesê, *veranderinge? Watter*

veranderinge? Maar God het dit alles opgeteken! Hulle is leuenaars en bedrieërs—wat groot veranderinge in God se Kerk omtrent die eindtyd Elía maak. Indien u die amp van daardie man vernietig, *kan u die werk van die lewende God tot niet maak*. Dit het hulle ook gedoen.

Kyk om u heen. Was dit nie geweldig nie? Het hulle nie daaraan gedink om die amp van Levi te vernietig nie? Mnr. Armstrong het voor sy dood genoem dat daar mense van buite was, wat soos aasvoëls gewag het dat hy moes sterf. Soos ek in die laaste hoofstuk geskryf het, het hy net een fout in sy evaluering gemaak: Hy het gedink die aasvoëls was buite God se Kerk terwyl hulle in werklikheid *reg langs hom* gesit het! Kyk na al die goddelose sameswerings en beplanning. Die bewyse is daar en ons is besig om dit te openbaar. Dit mag die grootste openbaarmaking in die geskiedenis van God se Kerk wees! Toe mnr. Armstrong dood is, was daardie mense reeds besig om Maleági se profesie te vervul.

Vergelyk hulle gesindheid met dié van Elísa, wie, net voor Elía weggeneem is, gesê het “My vader, my vader.” Wat ‘n gesindheid. Ons is hier omdat ons mnr. Armstrong as ons geestelike vader beskou. Groot seëninge kom as dit besef word.

Verstaan hierdie kritieke punt: Satan se hoofdoel is om die amp van daardie man te vernietig. As hy dit kan doen, kan hy die hele Elía *werk* uitwis. Wat ‘n *gewelddadige* verdoeseling was dit nie. Hierdie mense was besig om die werk van God te vernietig! Nadat daardie afgewaterde artikel in Julie gedruk was, het Joseph Tkach, Senior in die November/ Desember 1986 uitgawe van die “*Plain Truth*” geskryf, “Mnr. Armstrong het nie die belangrikheid van hierdie laaste werk onderskat nie, want dit bevat lewensnoodsaaklike sleutels om die plan van God, soos in die Bybel geopenbaar, te verstaan. *Geheimenis van die Eeue* was in die ware sin van die woord, ‘n laaste wens en nalatenskap wat aan diegene oorgedra moes word wat dit van waarde sou ag.” Wat ‘n bedrogspul! Hy het ook geskryf, “Selfs in die laaste jaar van sy lewe, met afnemende krag, het hy met God se hulp, sy beste en doeltreffendste boek *Geheimenis van die Eeue*, voltooi.” Dit is wat mnr. Tkach gesê het, **TERWYL HY BESIG WAS OM DIE AMP VAN DIÉ ELÍA TE Vernietig!** Dit is ‘n gewelddadige verdoeseling wat aan die lig gebring moes word.

Hoe diep oortuig is ons van dit wat ons van die eindtyd Elía geleer het? Die woord *louwarm* beteken ook, nie oortuig nie. Die Laodiceërs was nie werklik oortuig nie; hulle het dit nie werklik begryp nie. Hulle was nie in so ‘n mate gegrond in God se waarheid en sy regering, dat hulle nooit daarvan sou afdwaal nie. Dit is waarom Satan hulle kon oormeester en daardie wonderlike waarheid kon vernietig.

EEN BOODSKAPPER

In die boek Maleági, word “Elohim” deurgaans genoem met betrekking tot Herbert W. Armstrong. Onthou, Elísa het in 2 Konings 2:14 die vraag gevra, “Waar is die HERE, die God van Elía?” Of, waar is die FAMILIE GOD van Elía? Baie het die groot voorbeeld gesien van die werk wat deur mn. Armstrong, die eindtyd Elía, gedoen was. Wat was agter daardie wonderlike geskiedenis?

“En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit *my verbond kan wees met Levi*, sê die HERE van die leërskaars (Maleági 2:4). Die “New King James Version” meld, “dat my verbond met Levi kan voortgaan.” Die familie God het ‘n spesiale verbond met mn. Armstrong gesluit. Hy wil hê dat hierdie verbond moet voortgaan.

“Maar julle het van die weg afgewyk, julle het baie deur julle onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê die HERE van die leërskaars” (vers 8). Waarom het al hierdie mense gestruikel? Die wet van die waarheid was in sy—mn. Armstrong—se mond; en die regering was in sy hand. Maar hierdie mense het die verbond met Levi verbreek en dit is waarom hulle veroorsaak dat mense struikel.

In die Weermag, wanneer ‘n general ‘n boodskap aan ‘n luitenant stuur, is dit vanselfsprekend wie die boodskapper is. Tog, menslikerwys, probeer ons dit in God se Kerk ingewikkeld maak—almal wil ‘n boodskapper wees. Maar as jy NIE DIE BOODSKAP HET NIE, of as God jou nie self openbaring gegee het nie, is jy nie die boodskapper nie.

Dit gaan oor ‘n verbond tussen God en Levi. Mn. Armstrong, Levi, het ‘n boodskap van God gekry. Niemand anders in die Filadelfia era het nie! Elke belangrike waarheid was aan hom gegee; hy het alle dinge herstel.

Niemand anders het dit gedoen nie! Dus, waarom wil so baie hulself op sy vlak stel?

Is dit 'n skok vir enigiemand dat 'n boodskapper die boodskap oordra? Mnr. Armstrong het die boodskap ontvang. As ons die *boodskapper* en die *boodskap* kan identifiseer en verstaan, kan ons die verskil tussen 'n Filadelfiër en 'n Laodiceër verstaan. Dit is 'n kwessie, om te vra, *waar is die God van Elía?* Ons is nie op soek na Elía nie; ons soek na God—wat 'n boodskap aan sy mense gestuur het. Waar is die boodskap?

Mnr. Armstrong was die boodskapper wat die weg voorberei het vir die Boodskapper van die verbond—Jesus Christus, die Boodskapper van die Nuwe Verbond, dié familiehuweliksverbond.

God stuur beslis in hierdie eindtyd *een* boodskapper. In die Nuwe Testament, toe apostels na verskillende dele van die wêreld uitgegaan het, het hulle almal, weens die gebrek aan tegnologie, die rang van apostel gehad. Hulle was baie verantwoordelikheid gegee omdat hulle hoofsaaklik alleen was. Maar as, òf wanneer hulle na Jerusalem teruggekeer het, was *Petrus* in beheer. God het dit baie duidelik gemaak hoe alles bestuur moes word.

“Mag die HERE van die man wat so iets doen, uitroei *hom wat roep* [meester—‘King James Version’ (KJV)] en *hom wat antwoord gee* [geleerde—KJV] uit die tente van Jakob, en hom wat ‘n *offer* aan die Here van die leërske *bring*” (vers 12). God sal hom eenvoudig uitroei as hy dit nie regkry nie. ‘n Beter vertaling vir die woorde, hom wat roep, is “meester” wat iemand wat die mense moet aanspoor, beteken, òf “geleerde” wat die antwoorde behoort te hê. Maar dit verwys ook, na *hom wat ‘n offer bring*. Ons almal word hierby ingesluit. Daar is ‘n individuele verantwoordelikheid van die hoogste graad vir elkeen van ons.

“Het Hy dan nie *een* mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het ‘n geslag van God [*Elohim*,] gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie” (vers 15). God maak ons een; dit is die *enigste* manier om eenheid te hê. En dit is onder die verbond van Levi: Levi het almal bymekaargebring en het baie van wetteloosheid laat wegdraai, omdat hy daardie verbond met God onderhou en die Kerk

verenig gehou het. God streef daarna om ‘n “Elohim” saad in ons te bou—en in ons jongmense; Hy wil hê dat hulle ook die familie visie moet verstaan.

Die Laodiceërs handel “troueloos” omdat hulle van hierdie *samehorigheid*, hierdie verbond van Levi, afgedwaal het. Hulle sou nie troueloos gehandel het as hulle die verbond van Levi voortgesit het nie.

Mnr. Armstrong was in staat om ons byeen te bring, want ons het daardie *Gees* gevolg. Onthou, dit is *nie deur krag* of *deur geweld nie, maar deur my Gees*, het God aan Serubbábel gesê (Sagaría 4:6), wat nóg ‘n amp is wat deur mnr. Armstrong getipeer is. Mnr. Armstrong het geweet hoe om ‘n tempel te bou; hierdie ander mense weet nie hoe nie. Hulle is net goed om af te breek en te vernietig. Waarom? Omdat hulle nie met die Gees van God bou nie.

God sê, in Maleági 2:16, “*Neem julle dan in ag ter wille van julle gees.*” Gaan dieper as woorde, dieper as die letter van die wet—*kyk na u gees*. Laat ons met die Gees van God bou—dit gebruik om ons huwelike en gesinne bymekaar te bring; om aan hulle te dink soos God doen. Dit verg die Gees van God om dit te doen. En die regte soort huwelik sal wonderlike kinders, fisies en geestelik, voortbring.

Die meeste van God se mense kyk *nie* vandag na hul gees nie en STERF GEESTELIK. Mense wat nie verstaan nie, kan spot, maar AL DIE DOOD EN DIE STERFTES IN GOD SE KERK IS MEER ERNSTIG AS ENIGIETS ANDERS OP AARDE VANDAG! Mense sal vir ewig sterf indien hulle dit nie verander voor òf tydens die Verdrukking nie. Word u begrip van hierdie tragedie *in u handeling*e weerspieël?

DIE EEN

Kyk weereens na die eerste sin van vers 15: “Het Hy dan nie een mens gemaak nie?” Volgens die Hebreeus sal “een mens” beter vertaal word as “*dié een*.” Het Hy ons nie *dié een* gemaak nie? Het die Vader ons nie *dié een* bruid van Christus gemaak nie? Hy het elkeen van sy uitverkorenes versigtig uitgesoek om met sy Seun te trou. Hy is uiters kieskeurig oor wie met sy Seun sal trou—*dié een*, die grootste seën wat aan enige van die heiliges gegee is.

Ons moet worstel om dit in ons verstand te kry—dat ons met die *Skepper van die heelal gaan trou!* En Hy sal nie by ons wil wees en ons sal nie by Hom wil wees, tensy **ONS DINK SOOS HY DINK NIE**. Ons is *dié een* gemaak en ons is een.

As u dit begryp, is dit dan moeilik om te verstaan waarom God ons deur beproewinge en toetse laat gaan? Ons is *dié een bruid*; daar sal nooit ‘n ander wees nie. Ons moet waarlik worstel om hierdie grootse, roerende begrip in ons gedagtes te hou. Ons is **DIÉ EEN**. Niemand in die wêreld sal ooit met **DIÉ EEN** vergelyk kan word nie. Dit is nie ydelheid nie—net die waarheid van God. En God wil *Elohim* saad voortbring, nie net enige saad nie, want ons is **DIÉ EEN**.

“Want Ek haat egскеiding, sê die **HERE**, die God [*Elohim*] van Israel ...” (vers 16). Haat ons dit om van God, ons Eggenoot en die Kerk weg te wees? God haat dit. Wanneer Hy sê dat Hy egскеiding haat, ervaar Hy die diepste emosies. Die Eggenoot *haat* egскеiding. Wanneer ‘n man sy vrou liefhet en sy van die wer af wegdraai, haat hy dit. Wanneer ‘n sterk romanse versuur, is dit nie maklik nie; dit is baie emosioneel. Christus en God, die Vader, is ten volle in hierdie verhouding betrokke en hulle ly emosioneel. Hulle gee *alles* vir die familie—al hul onvoorwaardelike liefde gee hulle aan hul familie. Dit is wat Christus aan sy vrou gee.

BEGEERTE NA DIE BOODSKAPPER

Maleági 3;1 sê die volgende omtrent Jesus Christus: “[D]an sal skielik na sy tempel kom due Gere na wie julle soek, naamlik die Engel [Boodskapper—*KJV*] van die verbond, *na wie julle ‘n begeerte het*. Kyk, Hy kom, se die **HERE** van die leërskaare.”

Ons behoort waarlik ‘n begeerte na die Boodskapper van die huweliksverbond te hê. Hy gaan binnekort kom om daardie verbond te finaliseer. Ons moet, soos Dawid, mans en vroue na God se eie hart wees—om soos God oor ons gesinne en huwelike te dink. Jesus Christus gaan kom om die huweliksverbond te volvoer, wat Hy aan ons beloof het. Maar Hy doen dit anders as wat Hy dit met Ou Testamentiese Israel gedoen het—Hy *beproof* ons eers.

Tog is daar eers ‘n boodskapper, wat die weg voor die Boodskapper van die verbond, voorberei het. “Kyk, Ek stuur

my boodskapper wat die weg voor my uit sal baan.” Dit gee vir u ‘n aanduiding van mnr. Armstrong se kaliber. Hy het die weg voor Jesus Christus—*die ware Boodskapper*, voorberei.

As ons dit nie duidelik begryp nie, staar ons ‘n verskriklike lot in die gesig. “Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. En Hy sal sit: ‘n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid ‘n offer sal bring” (verse 2-3). Die Elohim van oordeel is aan die kom en Hy is soos ‘n smelter se vuur. En daar *seuns van Levi* WAT NIE SOOS SEUNS OPTREE NIE. Hulle het die verbond van Levi ontheilig—hulle aanvaar hom nie as hul vader nie. So, God staan op die punt om hulle te suiwer, soos goud in ‘n smeltoond.

“Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees soos in die ou dae en soos in *die jare van die voortyd*” (vers 4). Watter jare van die voortyd? Die tyd van daardie boodskapper—Levi. God sê dat die hele wêreld daardie werk sal voortsit. As hierdie Laodiceërs hulle gaan bekeer, sal hulle moet terugkeer na hoe dit in die *ou dae* was—soos toe *mnr. Armstrong* hier was. Dit is wat God vir die mense in die Wêreld van Môre sal sê. Hy sal hulle sê om dinge te doen soos dit in die ou dae gedoen was en dan sal ons hulle begin leer wat mnr. Armstrong geleer het. Hulle sal begin leer wat ons in hierdie eindtyd gedoen het.

Besef die implikasies van daardie toekomsblik: God sal sê, *onthou wat Ek julle geleer het*. Hy sal die bruid van Jesus Christus verantwoordelik hou, want dit is wat sy die hele wêreld gaan leer.

‘N GETUIE TEEN VIER GROEPE

En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou [hier is die God van oordeel], en Ek sal ‘n haastige getuie wees teen die towenaars en teen die egbrekers en teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die HERE van die leërskaar” (vers 5). Die God van

oordeel staan op die punt om te onthul waar Hy is. Diegene wat Hom nie ken nie, sal Hom binnekort leer ken—soos mense Hom nog nooit leer ken het nie, want dit sal die ergste tyd van lyding ooit wees. Hy kom nader om strafgerig te hou.

Daar word vier groepe mense in vers 5 genoem: Towenaars, egbrekers, valse getuies en diegene wat die huurling onderdruk.

Die Hebreeuse woord vir towenaars dui op *gebedsoffers* en *aanbidding* van 'n vals god. God sal tot mense nader om te oordeel en die eerste probleem wat Hy sal aanspreek is, dat Satan, die duiwel, hulle lei—pure hekserie. Hulle het van God afgedwaal en Satan het hulle in sy greep.

Wie is die tweede groep? Daardie mense wat vandag egbreuk pleeg. Slegs een groep kan geestelike egbreuk pleeg en dit is God se Kerk. Hulle is met Jesus Christus getroud en wanneer lede van God se ware Kerk begin afdwaal, PLEEG HULLE GEESTELIKE EGBREUK!

Die derdie groep sluit diegene in wat vals sweer. Ons word deur Laodicese leuenaars omring en hulle sweer deurentyd vals dinge.

Diegene in die volgende groep onderdruk dié wat swakker is—net die *teenoorgestelde* van God se LIEFDE. Wanneer ons swak mense sien, behoort ons hulle nie uit te buit nie, ons behoort alles in ons vermoë te doen om hulle te help en hulle te dien. Dit is die liefde van God; dit is suiwer godsdiens. Ons moet sorg vir die wat nie vir hulself kan sorg nie—dit is ons PLIG. God se liefde is om te gee aan diegene wat niks in ruil kan teruggee nie. U gedagtegang sal nie volgens die manier van “kry” wees, as u aan iemand gee wat niks kan teruggee nie. Dit is die ware godsdiens wat ons so desperaat nodig het. God sal diegene oordeel wat in hierdie verband faal.

God sê van die mense wat hierdie gruwels pleeg, in vers 5, dat hulle “My nie vrees nie.”

“EK VERANDER NIE”

“Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie” (vers 6). God verander nie; Hy is altyd 'n God van liefde. Hy openbaar, natuurlik, nuwe waarheid aan ons, maar dit beteken nie dat God verander nie, dit beteken dat ons Hom beter leer ken.

Joseph Tkach jr. het in 'n September 1996 brief geskryf, "Weens die dramatiese en geskiedkundige verandering wat God in ons kerk bewerk het, vra sommige lede natuurlik, 'Kan ek na 'n ander Christelike kerk gaan en deel bly van die liggaam van Christus?' En die antwoord is, 'Ja, natuurlik kan u.'" Wat 'n verandering van dit wat God hulle deur mnr. Armstrong geleer het!

God verander nie. God *transformeer* nie. Tog het hulle— en volgens "Webster's" beteken daardie woord "transformeer," "verander in 'n ander vorm van energie," of "om 'n verandering in vorm, voorkoms of karakter te ondergaan." 'n Ander definisie is, om 'n samestelling of struktuur te verander, 'n gedaantewisseling." *Transformeer* dui op 'n baie groot verandering in vorm, karakter of funksie. Was daar 'n groot verandering in daardie kerk gewees? In Daniël 8:12, sê God dat Satan eenvoudig die waarheid op die grond neergewerp het.

Mnr. Tkach het in sy boek, "*Transformed by Truth*," (in 'n voetnota) geskryf, "In Februarie 1997 het ons 'n hofgeding teen die "*Philadelphia Church of God*," een van ons splintergroepe, met hul hoofkwartier in Edmond, Oklahoma, aanhangig gemaak, om die herdruk van *Geheimenis van die Eeue* te verhoed. Die "*Worldwide Church of God*" besit steeds die kopiereg op hierdie boek en ons voer aan dat niemand anders die reg het om dit uit te gee nie. ONS VOEL DAT DIT ONS CHRISTELIKE PLIG IS OM HIERDIE BOEK UIT DRUK TE HOU ... WANT ONS GLO DAT MNR. ARMSTRONG SE LEERSTELLINGSFOUTE LIEWER UIT SIRKULASIE GEHOU MOET WORD."

Geheimenis van die Eeue is 'n opsomming van mnr. Armstrong se lewenswerk. Praat van transformasie! Maar God verander NIE! Satan is besig om die waarheid op die grond neer te werp. Hierdie hofsak is 'n stryd met die god van hierdie wêreld (2 Korintiërs 4:4). Hierdie mense probeer nie net om *Geheimenis van die Eeue* in hierdie Kerk te stop nie, hulle wil nie hê ENIGIEMAND ANDERS IN DIE WÊRELD MOET DAARDIE BOEK LEES NIE, OMDAT HULLE DIE GOD VAN HIERDIE WÊRELD AANBID!

Geheimenis van die Eeue ontmasker Satan! Sy tyd is min en hy is woedend. AS U HUL MOTIEF WIL VERSTAAN, DAAR IS DIT! Die god van hierdie wêreld haat hierdie boodskap en sal dit enige tyd wat hy die geleentheid kry, vernietig.

Geheimenis van die Eeue het krag om mense na God te help bring. Dit is waarom Satan dit so vreeslik haat! Selfs dit behoort aan ons te bewys waar die God van Elía is.

As ons nie God se beskerming het nie, sal ons nie eers 'n maand teen Satan staande bly nie. Dit is waarom u gebede so noodsaaklik is.

GOD SE INSETTINGE

“Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, ek Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërske. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer?” (Maleági 3:7). Hulle kan nie insien waarheen hulle moet terugkeer nie.

Daardie eerste sin moet “die dae van julle vader” lees—enkelvoud. In die Hebreeus bepaal die konteks of daardie woord enkel- of meervoud is. “SEDERT DIE DAE VAN JULLE VADER” IS BAIE SPESIFIEK. NATUURLIK, WAT DIT PRAAT VAN ONS VADER, LEVI! In die sinsnede “sedert die dae,” *beteen* die woord *sedert* “stigter” of “outeur.” Vanaf 'n bepaalde dag—'n sekere tyd—het hulle van God afgewyk—nie “Levi se” insettinge nie! En die God van Elía sê, *keer terug na My!* Nie na 'n man nie! God praat direk met hulle.

Die “*Hebrew-Greek Key Bible Study*” sê die volgende omtrent die woord *insettinge*, “Hierdie is verordeninge en voorskrifte wat nageset nagekom moet word.” Ook: “dui op 'n regeerder en 'n wetgewer.” Daar was reëls, struktuur en regering. Dit beteken ook “'n spesifieke begin.” Al wat hulle moet doen is om terug te gaan na die begin van die werk wat God deur mnr. Armstrong gedoen het. Al die Laodiceërs behoort te weet waarvan ons praat, maar hulle kom altyd terug met onkundige en opstandige vrae: *Waarheen moet ons terugkeer? Ek begryp dit nie! Terugkeer na wat?*

“*Gesenius*” gee die definisie, “dit wat gevestig of *bepaald* is” of “'n bepaalde wet of *statuut*” of “'n gebruik wat nagekom word asof dit 'n wetlike ooreenkoms is.” Mnr. Armstrong het baie besluite geneem oor aspekte wat by hierdie kategorie ingesluit kan wees. Hy het die gesag en regering gehad om te bind en los te maak. God veroordeel diegene wat wegdraai van hierdie “insettinge” wat deur hulle vader Levi gegee is.

Dus stuur God *Maleági se Boodskap*, 'n waarskuwing so eenvoudig, dat 'n tienjarige dit sou verstaan, wat hulle sonder

verskoning laat. Maar hulle hou hardkoppig vol om met God terug te praat. Dit is wat hulle in werklikheid doen wanneer hulle vandag, met sy uitverkorenes terugpraat.

BEROOF DIE WÊRELD

“Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe” (vers 8). Sal ‘n mens *Elohim* beroof? Hierdie mense is besig om *Elohim*, die Godfamilie, deur tiendes en offergawes, TE BEROOF. Met ander woorde, hulle is besig om iemand op groot skaal te bedrieg. Sommige van hierdie mense het selfs so ver gegaan, dat hulle leerstellings *teen* *Elohim* gaan—hulle is geesdriftig besig met die Drie-Eenheid, wat die deur na die Godfamilie toemaak! “Julle beroof My” beteken in werklikheid dat hulle *aanhou* om God te beroof.

Weereens, kom hulle met ‘n dom vraag terug: *Hoe beroof ons U?*

Let op vers 9: “Met die vloek is julle belaaï, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Dit is *dié* vloek van die ewige dood. Hulle is besig om dood te gaan. Maleági is hier, uiters dringend.

Volgens die Hebreeuse konteks sê God dus, *julle het My beroof en julle het die hele nasie beroof*. “*Gesenius*” meld dat *nasie* meesal as *nasies* vertaal word, òf dit kan, “alle mense wat met die ware God onbekend is,” beteken—met ander woorde, alle nasies of mense wat God nooit geken het nie. Die Hebreeuse woord is gedefinieer as “‘n algemene woord wat gebruik word om na nasies in die algemeen te verwys, veral *geestelike* Heidene. Dit word hoofsaaklik vir Heidene gebruik, maar hier word dit vir geestelike Heidene aangewend; die woord moet deur die konteks gedefinieer word. (Lees Jeremia 9:26 waar dieselfde woord op onbesnede nasies toegepas word). Dit beteken *geheel, totaliteit*—die hele wêreld!

Dus, ‘n beter vertaling daarvan sou wees, *julle het My en die hele wêreld beroof*.

Waarom sou God dit op só ‘n manier stel? Hulle het God verseker beroof, maar hoe het hulle die wêreld beroof? Wel, God het aan ons die boodskap gegee en toe het Hy al die tiendes en offergawes beskikbaar gestel sodat ons daardie boodskap na die hele wêreld kan neem! Mnr. Armstrong het dit altyd vir ons geleer. Jesus Christus het vir die wêreld gesterf en ons is hier om die wêreld te dien!

Die Huttefees is die fees van *insameling* en beeld 'n tyd uit wanneer God ons gaan gebruik om die *hele wêreld* in te samel! Die Laodiceërs het hierdie wêreld van iets *berooft* en God is woedend! Hy sê Hy wil hê dat almal van ons die grootste gehoor moontlik moet bereik. As u van God se boodskap afwyk en tiendes en offergawes vir iets anders as om die wêreld te dien, gebruik, is u besig om God te beroof!

Dit is 'n reuse boodskap en daar is *individuele* skuld hier, dus moet ons versigtig wees dat ons nie God *en die wêreld* beroof nie. U en ek is verantwoordelik vir waarheen ons tiendes en offergawes gaan—dit behoort aan God. Mnr. Armstrong het die evangelie aan die wêreld verkondig en hy het alles herstel—insluitend die begrip van die Elohim familie. En hy het gesê, *ek wil hê dat julle Geheimenis van die Eeue moet vat en die grootste gehoor moontlik daarmee bereik*. Dit is nie net van toepassing op 'n boek nie; dit is ook van toepassing op *alles* wat ons het wat aan die wêreld GEGEE moet word.

Ons is die hoop van die wêreld. Geen ander hoop bestaan nie. Die wêreld het niks om na uit te sien nie. Nietemin, Christus se bruid, wat oor haar toekomstige kinders besorgd is, doen alles in haar vermoë om daardie mense te help. Ons is Christus se HULP. Ons behoort baie meer daarvoor na te dink. Wanneer God in Genésis 2 van *hulp* praat, is Hy in werklikheid besig om van die geestelike huwelik te praat: Die eerstelinge wat met Jesus Christus trou en Hom help om DIE HELE AARDE TE DIEN! Dit is ons taak as ons sy bruid gaan wees. Wat 'n verantwoordelikheid! Hy wil hê dat ons Hom moet help om die familie te bou; want ons het God se familie lief—dit is *ons* familie! En hulle is in hierdie eindtyd deur die Laodiceërs beroof. Kan u uself voorstel hoe dit sou wees as al God se mense hier was en hulle tiendes en offergawes vir hierdie werk gegee het? Ons sou hierdie wêreld met hierdie moderne tegnologie oorweldig soos hulle nog nooit vantevore die waarheid van God ontvang het nie!

'N BOODSKAP VIR DIE WÊRELD

Boeke soos *Die Ongelooflike Menslike Potensiaal* en "*Missing Dimension in Sex*" behoort nie aan die Laodiceërs nie—dit word in hierdie wêreld benodig. God het sy waarheid aan

sy mense gegee en gesê, *Ek wil hê dat julle dit aan die nasies uitgee. In versuim om dit te doen, beroof julle hulle van hierdie wonderlike waarheid! Dan is jy 'n rower!* Ons het nodig dat mense *"The Missing Dimension in Sex"* lees, as ons dit by hulle kan uitkry. Behoort *"The Wonderful World Tomorrow"* aan die *"Worldwide Church of God?"* NEE! DIT BEHOORT AAN DIE WÊRELD. HÛLLE het daardie hoop nodig. Wat van die korrespondensiekursus wat mnr. Armstrong daargestel het? Dit behoort ook aan die wêreld. So ook *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie*, want daarsonder sal u 'n derde van u Bybel nie kan verstaan nie.

Let op Eségiel 33:6-7: "As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg—dan is hy deur sy ongeregtheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku." God het sy wagte aangestel. Wanneer Hy sy waarheid gee, moet ons dit hoor en dan uitgaan en waarsku.

"As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis" (vers 8). God sê, *as Ek julle hierdie woord gee en julle my wagte is en julle kry nie hierdie boodskap by hulle uit nie, is hulle bloed op jul hoofde. Dit beteken julle moet met jul lewens betaal en daar is 'n 50/50 kans dat julle ook geestelik sal sterf.*

Dit gaan oor die nakoming van ons verantwoordelikheid as Christus se hulp om al hierdie wonderlike woorde wat Levi aan ons nagelaat het, *by die wêreld uit te kry!* En God help ons as ons dit nié doen nie, want—ten beste—sal fisiese bloed vergiet word. God help enigeeen wat weier om sy werk te doen—wat die wêreld van hierdie waarskuwing beroof.

Wie het ons as 'n wag aangestel? Wie het u hierheen gebring? *Ek, God het jou as 'n wag aangestel.* Mnr. Armstrong het dit gewis verstaan. Ons moet dit beter as oir verstaan. Hier, in net drie verse, sê God tweekeer dat u aan hulle bloed skuldig sal wees indien u God beroof—as u nie hierdie boodskap versprei nie.

Let op vers 11: “Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle verkeerde weê! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?” Ons probeer nie mense vernietig nie; ons probeer hulle red. Wat ‘n wonderlike geleentheid is dit nie. Maar as ons nie waarsku nie, neem God dit persoonlik op.

HIERDIE WERK GAAN IN WERKLIKHEID OOR DIE DOOD VAN NASIES—AS HULLE HUL NIE BEKEER NIE! Is ons volwasse genoeg om so daaraan te dink? Kan ons ons verstand rek en besef dat ons Christus se *hulp* is en dat ons moet uitgaan en alles noukeurig sê en doen asof Hy hier is? Dit het sy dood veroorsaak. So, ja, daar kan moeilikheid wees. Ek weet nie wat voorlê nie, maar ek weet dat die boodskap moet uitgaan.

“En hulle kom na jou toe soos ‘n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle mond, maar hulle hart gaan agter hule onregverdige wins aan. En kyk, jy is vir hulle soos ‘n minnelied, soos een van skoon stem, wat goed op die snare speel: hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie” (verse 31-32). Dit is maklik om hierdie woorde te hoor en te dink hoe wonderlik hulle is en niks daaromtrent te doen nie. Soos mn. Armstrong altyd gesê het, kennis wat nie toegepas word nie, is van geen waarde nie. As ons hierdie boodskap nie by die wêreld uitkry en in ons eie lewens toepas nie, is dit van geen waarde nie.

“Maar as dit kom—kyk, dit kom!—dan sal hulle weet dat daar ‘n profeet onder hulle gewees het” (vers 33). Wanneer mense gedurende die Verdrukking weet dat daar ‘n profeet onder hulle was, dan moes daar ‘n *kragtige boodskap* van iemand af gewees het. Wanneer hierdie dinge plaasvind al hulle *weet* dat daar ‘n profeet onder hulle geprofeteer het. Hulle moes ‘n boodskap van God se Kerk—sy wag—gehoor het. Alhoewel die Kerk klein was, het dit tog ‘n brullende leeu se stem gehad wat God se boodskap aan hierdie wêreld uitbasuin het. IS ONS GEREED VIR AL DIE GEVOLGE VAN HIERDIE PROFESIE? Ons hoef oor niks bekommerd te wees nie; ons het ons Eggenoot wat ons sal beskerm. Maar moenie dink dat dit maklik gaan wees nie.

Wanneer God sê, “Met die vloek is julle belaaï, en tog beroof julle My EN die hele wêreld,” praat Hy van al mnr. Armstrong se opdragte wat na die hele wêreld moet uitgaan! Dit is waaroor God hier so onsteld is. Hy verwag dat ons meer van hierdie boodskap *aan die mensdom moet uitdra*. Dit is waarom ons u gebede nodig het. God het die grootste geskenk wat Hy kon, aan die wêreld gegee en nou verwag Hy dat sy uitverkorenes dit sal oordra. Dit is die wêreld se enigste hoop. God wil nie hê dat hulle moet sterf nie. Hy wil hê hulle moet leef—om ‘n geleentheid te kry om hulle te bekeer.

Die Laodiceërs het God en hierdie hele wêreld beroof. Dit beteken ons moet sorg dat meer van mnr. Armstrong se boeke en boekies die wêreld beroof. Dit beteken ons moet sorg dat meer van mnr. Armstrong se boeke en boekies die wêreld bereik. God vertel ons dat ons Satan nie moet toelaat om in ons pad te staan en hierdie wonderlike waarheid te stuit nie. God het per slot van sake nie al hierdie wonderlike waarheid aan ons geopenbaar sodat ons dit op ‘n rak moet plaas waar die wêreld dit nie kan sien nie. Laat ons die *grootste gehoor moontlik* bereik. Laat ons na ons Eggenoot en ons Vader luister en daaroor nadink, sodat ons hierdie boodskap aan die wêreld kan gee. Fokus op ‘n tyd wanneer God se Kerk sal help om die *hele* wêreld te onderrig. Ons sal Christus se hulp wees, wêreldwyd reis, Hom help om hierdie boodskap aan die hele wêreld te gee! Wat ‘n glansryke en opwindende tyd sal dit nie wees nie?

LEER OM TE GEE

“Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaar, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op jule ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie” (Maleági 3:10). Beproef God en kyk of Hy nie die vensters van die hemel vir jou fisies en meer belangrik, geestelik, sal oopmaak nie.

Herhaaldelik kom mense die *“Philadelphia Church of God”* vanaf die Laodicense kerke binne en sê, *ek was besig om geestelik van die honger om te kom*. U tiendes en offergawes

verseker dat hulle nie omkom nie. Ons gee die boodskap uit en ons bring hulle terug na hierdie boodskap van God. WAT 'N WONDERLIKE WYSE OM TIENDES EN OFFERGAWES TE GEBRUIK EN OM TE LEER OM SOOS ONSE VADER EN ONSE EGGENOOT TE GEE. Ons moet wegbreek van die “kry”-manier, sodat ons werklik gereed kan maak vir die taak om Christus se hulp te wees—om die hele mensdom te dien. Dit is net verbysterend wanneer u daarvoor nadink! Dit is net eenvoudig ongelooflik wanneer mens hierdie GROOT VISIE VAN GOD bepeins! Is God nie besig om vir ons die vensters van die hemele te open nie?

Is God nie wonderlik en barmhartig nie? Is dit nie opwindend om deel te wees van al die seëninge van God nie? Ons het *alles*! Ons is die mees geseënde mense op aarde.

Moenie toelaat dat Satan dit van u wegneem soos hy dit van so baie van God se mense weggeneem het nie. Ongelooflik soos dit is, het die Laodiceërs hierdie groot visie afgewys en die VLOEK in plaas daarvan gekies.

BESTRAF DIE VERWOESTER

“Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op dieland sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskaar” (vers 11). “'n Beter vertaling van die woord “sprinkaan” is *verwoester* volgens die “King James Vertaling.” Wie is hierdie verwoester? “*Gesenius*” verklaar, “om offers te verslind” of “om enigiemand se vlees te verslind; deur wrede en gewelddadige gebruik, wie bloeddorstig is!” Satan wil ons verslind en vernietig! Hy sal *al* die wonderlike waarheid wat ons het, verwoes, as ons nie naby ons Eggenoot bly en seker maak dat Hy ons beskerm nie. Hy sal alles verslind.

‘n Ander definisie is, “om deur oorlog en slagting te vernietig.” Ons is in ‘n oorlog gewikkel en moet die hele wapenrusting van God aantrek. Christus sê dat Hy die verwoester sal bestraf, maar ons moet Satan *weerstaan*, omdat hy mense so vinnig verslind! As u op die buiterand wandel sal Satan u verslind, net soos ‘n leeu ‘n swak bokkie verslind. Moenie van die waarheid wat u geleer is, afdwaal nie. Bly by die God van Elía, want ons is in ‘n oorlog gewikkel. As mense nie die oorlog sien nie, beteken dit nie dat die oorlog verby is nie!

Satan is 'n meester wat alles verslind! Hy so *Maleági Se Boodskap* verslind het, as hy kon. Hy probeer om *Geheimenis van die Eeue* te verslind, alhoewel God dit nie sal toelaat as ons getrou is en op Hom vertrou nie! Ons moet oorwin en verower, soos Jesus Christus oorwin het. Ons kan die verwoester oorwin, want ons het ons Eggenoot aan ons sy, wat toesien dat ons so maak! Al wat ons moet doen is om onself deurlopend daaraan te herinner wie ons is! Ons is die hulp van die Skepper van die heelal! HOE KON DIE VADER ONS OOI SO 'N VERHEERLIKE VERANTWOORDELIKEHEID GEE?

Die hofgeding en ander gevegte wat ons die hoof moet bied is nie met mense nie. Dit is met Satan, die duiwel. Maar ons is God se hulp en Hy sê dat Hy die verwoester sal bestraf. En Christus doen dit; Hy sien om na sy mense. Per slot van sake is ons Jesus Christus se bruid. Met al die krag waaroor ons Eggenoot beskik, bedoel Hy wat Hy sê, dat Hy die verwoester sal bestraf. Maar Hy verwag ook dat ons in geloof sal voortgaan en alles doen wat ons kan.

Moenie van hierdie *wonderlike* boodskap van God afstand doen nie. As almal, behalwe ek, hierdie Kerk sou verlaat, sal dit steeds God se boodskap bly. As ek sou weggaan, bly dit steeds God se boodskap. Jesus Christus wil weet hoe graag os sy bruid wil wees en hoe lieg ons hierdie wêreld het; en Hom wil help om al die probleme op te los. Ons sal moet veg.

Hoe oortuig is u? Wat is u bereid om op te gee? Het u geleer om enigiets en alles vir God op te gee, soos die eindtyd Elía gedoen het—selfs sy eie seun? Dit is hoe Christus dit wil hê. Y wil hê dat ons Hom bo alles moet stel.

God se mense moet leer om hul Eggenoot te vrees, om God die Vader te vrees en hierdie huweliksverband, wat met sy terugkeer voltrek sal word, te versterk. Dan sal ons uitgaan en 'n ontsaglike werk in hierdie wêreld doen. Wat 'n werk het God vir sy mense as die hulp en bruid van Jesus Christus, beplan. Wat 'n wonderlike waarheid is dit nie. Maar ons moet daaraan vasklou, terwyl die meeste van God se mense dit verwerp het.

Klou aan hierdie visie vas; moenie opgee nie! Ons Eggenoot sal binnekort hier wees.

Hoofstuk 8

Herlewing van die Elía Werk

NADAT DIE “PHILADELPHIA CHURCH OF GOD” GEHEIMENIS VAN DIE *Ecue* begin druk het, het ons sekere skrifgedeeltes begin verstaan wat voorspel het dat dit gedoen sou word. God openbaar meer waarheid aan ons, soos ons in geloof wandel. Toe het ons meer van Herbert Armstrong se skrywes gedruk en ons sien voortdurend talryke en spesifieke profesieë wat wys dat dit gedoen moet word!

Ons moet hierdie profesieë in ons geheue in ets. As ons versuim om dit te doen, sal ons nie die boodskap wat ons moet verklaar ten volle verstaan nie.

DIE OORSPRONKLIKE ELÍA

“En toe die HERE Elía in ‘n storm na die hemel sou opneem, het Elía met Elísa uit Gilgal uitgegaan. En Elía het vir Elísa gesê: Bly tog hier, want die HERE stuur my na Bet-el. Maar Elísa het gesê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle het na Bet-el afgegaan. Toe gaan die profete-seuns wat in Bet-el was, na Elísa uit en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil” (2 Konings 2:1-3). Elía se kollege studente het verstaan dat hy weggeneem sou word.

“En Elía sê vir hom: Elísa, bly tog hier, want die HERE stuur my na Jérigo” (vers 4). Maar Elísa het geweier om Elía se sy te verlaat. Vers 5 meld, “Daarop kom die profete-seuns wat in

Jérigo was, na Elísa toe aan en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil.” Hierdie studente het Elísa van sy “heer” (meester) vertel. Elísa het nie ontken dat Elía sy heer of leier was nie. Almal het dit geweet—Elísa meeste van almal.

“En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens ‘n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar. En Elísa het dit gesien en geroep: *My vader, my vader*, wa van Israel en sy ruiters! En toe hy hom nie meer sien nie, het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur” (verse 11-12). “My vader, my vader!” Elísa het ‘n wonderlike gesindheid teenoor sy hoof en meester gehad.

“WAAR IS DIE GOD VAN ELÍA?”

“Daarna tel hy die mantel van Elía op wat van hom afgeval het, en hy draai om en gaan op die wal van die Jordaan staan; en hy neem die mantel van Elía wat van hom afgeval het, en slaan op die water en sê: Waar is die HERE, die God van Elía, ja, Hy? En toe hy op die water slaan, is dit na weerskante verdeel, en Elísa het deurgegaan” (verse 13-14). Wat ‘n dramatiese voorbeeld! Hier was ‘n man wat so pas vir Elía vervang het en hy het die water van die Jordaan verdeel en op droë grond deurgeloop. Al die kollege studente het dit aanskou—*en* deur hierdie verstommende wonderwerk het hulle geweet waar die God van Elía was.

As ons geestelik ingestel is, weet ons dat God ons *duidelik* wys waar sy leier is. Maar waarom sien meer mense dit nie? Omdat God se Kerk kan afdwaal. Lees Openbaring 2 en 3 te lees. Deur sy geskiedenis heen, het God se Kerk DIE MEESTE VAN DIE TYD afgedwaal. As u dít aanvaar, dan kan God aan u wys watter verskriklike tragedie vandag in sy Kerk afspeel. Dit is iets wat God aan ons moet openbaar.

God se Heilige Gees van openbaring behoort in ons lewens te VLOEI. Ons moet leer om God te vrees soos Levi gedoen het, of die Heilige Gees sal nie vloei nie. Daar mag ‘n gedrup of ‘n sypeling wees, maar daar MOET ‘n vloei wees. Dit is waarom Levi so baie begryp en vermag het. Mense kan slegs van ontsaglike, verskriklike openbaring wegloop indien iets in hul lewens

gebeur het wat die *vloei* van die Heilige Gees STOP, soos wat met die Laodiceërs gebeur het. Ons vlak van begrip sal afhang van hoeveel ons God vrees en ons onself soos 'n klein kindjie voor Hom verootmoedig. DAN kan Hy sy waarheid aan ons *openbaar*. Dit hang van uself af. Kan u die Heilige Gees soos 'n verwoestende rivier in u lewe laat vloei? Die hef is in u hande!

Wat as een van daardie 50 studente van Elía gesê het, “Ek dink nie dat God vir Elísa gebruik nie?” Die ander 49 sou hom waarskynlik in die Jordaan gesmyt het en gesê het, “Droog jy dit dan op en loop daaruit, as jy op Elísa se vlak is!”

Ons moet verseker dat die pype waardeur die goue olie van die Heilige Gees vloei, nie verstop is nie. God het sy waarheid aan sy geestelike kindjies geopenbaar. U kan 'n kindjie wees as u wil en u kan die Gees—daardie goue olie—deur u lewel laat vloei en dit sal u lewe dramaties verander. MAAR U MOET U DEEL DOEN.

BEROOF GOD

Laat ons nog 'n blik werp op die Laodiceërs, wat besig is om God te beroof.

“Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaaï, en tog *beroof julle My, julle, die hele nasie!*” (Maleági 3:3-9). In Hebreeus lees die laaste gedeelte van vers 9, “julle het My beroof *en die hele wêreld.*”

God wil hê dat ons tiendes en offergawes gee om 'n wonderlike Elohim familieboodskap by die wêreld uit te kry. Ons is sy hulp vir daardie doel, net soos Eva geskape was om Adam se hulp te wees. Dit was om die *geestelike* verhouding van die Kerk en Christus te tipeer. Genésis 2 handel oor die Kerk wat 'n hulp vir Jesus Christus is, om HOM te HELP om die hele wêreld te *red*. En ons, as sy vrou, moet onself gereed maak (Openbaring 19:7). Die mense in die wêreld behoort potensieel aan God se *familie!* Al mnr. Armstrong se boeke en boekies is vir die wêreld! En God neem dit persoonlik op wanneer sy mense Hom en die wêreld beroof as hulle versuim om hul werk te doen. Hy sê hulle is onder *DIE* vloek!

Mnr. Armstrong het altyd gepraat van die wêreld wat bereik moet word. En toe het mense in die Laodicense era, nadat hy

gesterf het, begin om God en die hele wêreld te beroof! God neem dit nie ligtelik op nie. Hierdie mense loop gevaar om hul ewige lewens te verloor, as hulle nie reeds het nie.

Ons moet 'n wêreldbegrip kry! God het hierdie wêreld die wonderlikste geskenk deur mnr. Armstrongse lerings gegee—die mees wonderlike gawe wat God kon gee. God wil hê dat ons aan die *grootste moontlike gehoor* dink en besef dis waarom ons hier is. Ons moet hierdie wêreld onderrig EN SELF OOK LEER om soos die Vader en Jesus Christus te dink. God wys ons, deur Maleági, dat ons ons visie moet uitbrei en gereed moet wees om die gevolge te dra, sou dit nodig wees.

Waar is die God van Elía? WAAR U OOKAL DIE GOD VAN ELÍA VIND, SAL U DIE MATERIAAL VIND WAT ELÍA, DEUR GOD SE INSPIRASIE, GEPRODUSEER HET! GOD SE OORBLYFSEL SAL DIT AAN DIE WÊRELD VERKONDIG! Waar is die God van Elía? Wel, waar is al die literatuur wat Elía produseer het?

Wanneer openbaring kom, is dit die leraars se taak om dit te BEWAAK en te BEWAAR. Waarom? Sodat hulle dit by die wêreld KAN UITKRY. In 'n wêreld wat 'n kern menseslagting in die gesig staar, is dit hul ENIGSTE hoop. Ons het 'n persoonlike verantwoordelikheid om hierdie HOOP by hulle uit te kry.

ELÍA WEEREENS GESTUUR

Die boek van Maleági handel oor die Laodicese opstand—die ergste krisis ooit in God se Kerk. “'n Seun eer die vader en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is My eer? En as Ek 'n Heer us, waar is die vrees vir My? Sê die HERE van die leërskare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag? Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar...” (Maleági 1:6-7). Vers 8 wys dat hulle blinde, lam en siek offergawes offer. Vers 12 sê dat hulle die tafel van God verontreinig het. Maleági 2:2 sê dat hulle onder 'n vloek is. Dit is duidelik 'n Laodicese tyd in die Kerk.

Neem kennis van Maleági 3:1: “Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan...”—voor Jesus Christus se wederkoms. Daar is al hierdie chaos in God se Kerk; baie struikel in die wet—DAN sê God, “Ek sal my boodskapper stuur.” Waarom het God nie gesê, “*Ek het gestuur*” nie? Dit is asof mnr. Armstrong a of selfs tydens die

krisis, gestuur was. Natuurlik, ons weet dat die Bybel dinge “hier ‘n bietjie en daar ‘n bietjie” (Jesaja 28:10) aanbied—en ons verstaan dat alles nie in presiese chronologiese volgorde is nie. Maar die boek van Maleági het ‘n duidelike tydsorde. Dit bespreek die Laodicense era en die eindtyd Elía of Levi, wie God alreeds gestuur het. Dan sê Hy hier, *Ek sal hom stuur*.

Wat bedoel God? Dit is ‘n bepaalde boodskap aan die *Maleági-oorblyfsel*. Twee boodskappers word in Maleági 3:1 genoem: die eindtyd Elía en Jesus Christus. Ons weet reeds dat die Elía boodskapper gekom en gegaan het.

Die Bybel is ‘n gekodeerde boek. As ons dit sien soos God doen, besef ons dat God verlang dat hierdie uitverkore oorblyfsel die werk van Elía *weer oprig* en *HOM WEER STUUR!* Dit sê dit aan die Maleági-groep—daardie mense met *Maleági se Boodskap*. Dit sê hulle moet “weer profeteer” (Openbaring 10:11) in die konteks van die groot GEHEIMENIS (vers 7). God wil hê dat ons dieselfde profesie weer daarbuite uitkry—insluitende sommige nuwe openbaring, soos wat u nou op hierdie oomblik lees.

God stuur sy boodskapper uit om die weg VOOR DIE HELE WÊRELD voor te berei. En, deur die boek van Maleági, sê God aan die Laodicense Kerk dat hul grootste probleem die vernietiging van die boodskap is, wat Elía aan die wêreld gestuur het. *HULLE HET DIE WÊRELD VAN DAARDIE BOODSKAP BEROOF!* Maar God *sal* Elía in elk geval weer *stuur!* As die Laodiceërs nie hul werk doen nie en hulle die Elía werk besoedel of vernietig, stuur God hom weer deur sy lojale oorblyfsel.

Ons sal baie diep hieroor moet nadink, want die Laodiceërs word skerp deur God veroordeel: *HULLE IS ONDER DIE VLOEK*, omdat hulle Hom en die wêreld beroof het. Die enigste rede waarom hulle in hierdie werk ingeroep was, is om hierdie boodskap by die wêreld uit te kry, soos Elía gedoen het. Die Laodiceërs het misluk. Maar Christus is steeds besorg oor die wêreld, daarom stuur *WEER* die Elía werk—plus ‘n sterk waarskuwing.

“Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge. Kyk, *ek stuur* julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die *HERE* aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring

tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie” (Maleági 4:4-6). Let weereens op, God sal Elía te midde van die verskriklike Laodicese krisis **STUUR**. Hy sal daardie boodskap net voor die groot en vreeslike Dag van die Here stuur. En as hul nie na hierdie waarskuwing luister nie, dan is hulle—God se eie mense—onder “DIE (ban)vloek,” wat betekendat hulle hul ewige lewens kan verloor.

Alles is op die spel! Of ons maak dit in God se familie in, òf ons sterf vir ewig—om te wees asof ons nooit bestaan het nie. Ons het dit alles, alhoewel baie van God se mense dit nie wil hê nie. God vertel ons in sterk taal dat ons dit wat mnr. Armstrong ons geleer het, moet verklaar; hy was *God* se boodskapper. En ons leef in ‘n tyd waarin dieselfde profesieë wat hy geleer het, *nou* op ‘n verbasende wyse *vervul word*.

Nietemin, daar is ietwat van ‘n gaping tussen die eindtyd Elía en die Dag van die Here. Oorspronklik het dit gelyk of die Dag van die Here dadelik na Elía sou volg. Sommige sê dat mnr. Armstrong se dood bewys is dat hy nie die Elía was nie. Maar kyk geestelik daarna: Elía is nog steeds hier! Omdat die groep wat vasgehou het, besig is om Elía se boodskap *terug* te bring! Die wek sal voortgaan tot in die Groot Verdrukking en die Dag van die Here.

Met mnr. Armstrong was die klem op die *evangelie* (Matthéüs 24:14). Maar vir die Filadelfiërs, in die Laodicense era, is die klem op die *waarskuwing* wat die Dag van die Here onmiddellik voorafgaan—om *weer* aan die hele wêreld *te profeteer* (Openbaring 10:11). Alhoewel Maleági vir die Kerk is, is Maleági 3:1 en 4:5-6 vir die *hele wêreld* bedoel. Ons is geroep om die boodskap oor die hele aarde uit te kry. Daar moet ‘n sterk waarskuwing wees.

WAS “DIE GROOTSTE GEHOOR MOONTLIK” NET ‘N LEKKER SLAGSPREUK WAT MNR. ARMSTRONG GESKEP HET? OF WAS DIT ‘N OPDRAG VAN ONS EGGENOOT?

BEWYS ONS LIEFDE

Die einde van Maleági 3:1 lees, “naamlik die Engel van die *verbond*, na wie julle ‘n *begeerte* het...” Die Engel van die *verbond* is ons Eggenoot. Dit gaan oor ‘n *huweliksverbond* en

daarin hoort ons die grootste behae in te hê. Hoe bewys u aan God dat u werklik ‘n behae in Hom het? Hoe bewys u ware liefde teenoor u Eggenoot? DEUR DIESELFDE DOELWITTE AS HY TE HÊ—DEUR TE WERK OM HIERDIE BOODSKAP BY DIE WÊRELD UIT TE KRY! HIERDIE BOODSKAP RAAK ELKE LEWENDE MENS!

As ons ‘n *behae* in ons *Eggenoot* en daardie verbond het, dan sal ons behae vind in die *volle* boodskap wat Hy aan ‘n eintyd Elía gegee het; en daarna streef om dit op enige moontlike manier by hierdie wêreld uit te kry. Ons sal “weer” wil “profeteer!” Ons sal al die materiaal wat God deur mnr. Armstrong voortgebring het, wil terugbring. Dit is waarom ons in die hof veg om –*Die Geheimenis van die Eeue, Die Ongelooflike Menslike Potensiaal, “The Missing Dimension in Sex,” Watter Dag is die Christen Sabbat? en Heidense Feesdae of God se Heilige Dae—Watter?—*te verklaar. Daardie boeke behoort nie aan MENSE nie. Hulle behoort aan ons Eggenoot wat ons liefhet en ‘n behae in ons het. Ons moet op ons beurt ons liefde en ons behae in Hom, aan Hom bewys. God het *alles* aan ons gegee! Geen ander Kerk van God, was soveel gegee as wat ons ontvang het nie. En ons Eggenoot verlang dat ons die *gawes versnel!*

Maar die meeste mense wil verhinder dat daardie materiaal uitgaan. Hulle het God beroof en hulle het die wêreld beroof. God is ONSTELD hieroor en Hy wil weet hoe onsteld sy lojale, uitverkore bruid is! Deel ons in ons Eggenoot se emosies? Mense het God se waarheid wreedaardig aangeval. Wie sal sê, *genoeg!* en vir God opstaan? Wie sal? Ons is die bruid van Jesus Christus en ons moet Hom wys dat ons Hom liefhet.

God het ‘n eindtyd Elía gestuur om ALLE DINGE TOT DIE KERK te herstel voor Jesus Christus terugkeer om *alle dinge* oor die HELE AARDE *te herstel* (Handelinge 3:19-21). Dit is hoe ons Eggenoot dink. Wanneer Jesus Christus terug keer sal Hy dit alles by die wêreld uitkry. Nou vertel Hy ons dat ons *self* meer moet doen en weereens *herstel* wat hierdie mense van God en die wêreld weggeneem het! Ons doen dit, WANT ONS HET ONS EGGENOOT EN DIE WÊRELD LIEF.

Vergelyk dit met 2 Thessalonicense 2, waar ‘n seun van die *verderf*, WAT DEUR DIE DUIWEL GELEI WORD, in God se Kerk sit en die waarheid van God *stelselmatig vernietig*. Die mense onder hom is geestelik sterwend omdat hulle niks daaromtrent wil

doen nie. 2 Thessalonicense 2 handel oor “wonders van die leuen.” Hy gebruik allerhande bedrog en, as gevolg daarvan, is die meeste van God se mense besig om verlore te gaan (vers 10). Dít is die nalatenskap van die Laodicense Kerk en die mens van sonde.

Indien iemand die geheimenis van God wil vernietig en dit met die verborgenheid van wetteloosheid wil vervang, is dit tyd om op te staan en daarna te streef om *God se boodskap op enige moontlike wyse* by die WÊRELD uit te kry. Ons moet ons liefde vir God wys—om op te staan en getel te word; en as die hele wêreld weet waar ons staan, is dit die grootste eer wat ons ooit sal hê. Ons moet dit dringend doen, want daar is so min tyd.

Ons hofgeding is in werklikheid ‘n *teenaanval*. Onthou, ons is in ‘n regte OORLOG gewikkel. Daar is ‘n mens van sonde in God se Kerk wat optree asof hy God is; hy glimlag ewe regverdig terwyl hy dit, wat die Skepper aan die wêreld wil gee, VERNIETIG. Alhoewel God uiteindelik wel sy boodskap by die wêreld sal uitkry, kan die Laodicese leiers vandag groot skade aanrig en hulle het ook. God wil mense hê wat sy boodskap sal verkondig en OORLOG VERKLAAR *wanneer nodig*.

Ons Eggenoot is die verpersoonliking van die Woord. Hy is ‘n wandelende, lewende Bybel. Dit is wat Hy tydens sy aardse bediening was. En ons moet dit wat Hy ons gegee het, *bewaak* (Maleági 2:7). Wanneer mense ons Eggenoot begin laster, moet ons—soos dit ‘n goeie vrou betaam—opstaan en vir Hom veg. Ons moet agter die werk van God staan en dit ondersteun. Ons moet op ons Eggenoot se opdragte reageer—en dit *opgeruimd* uitvoer. Dit sal ware GELOOF verg.

Hierdie werk sal uitbrei tot in die Verdrukking en die Dag van die Here-tot in die grootste krisis wat God se Kerk of die wêreld ooit getref het. En God wil hulle waarsku. Daar is ‘n paar afgryslike dinge wat op die punt staan om op hierdie aarde los te bars.

Wanneer mense die groot en vreeslike Dag van die Here indie gesig staar, wat is die oplossing? Daar is net een Kerk wat ‘n oplossing bied. En Jesus Christus is skerp bewus van wat in daardie Kerk aangaan. God openbaar meer diepte omtrent Maleági 3:1 en 4:4-6, want Hy wil hê dat meer van sy boodskap, wat aan *mnr. Armstrong* gegee was, na die wêreld moet uitgaan. TYD IS WERKLIK BESIG OM UIT TE LOOP. En ons het

die sleutel om hierdie kranksinnigheid te stop.—om hierdie wêreld ‘n geleentheid te bied om dit stop te sit. Selfs al weier hulle, sal hulle steeds ‘n waarskuwing ontvang. Hulle sal weet dat daar ‘n profeet in hul midde was, wanneer al hierdie dinge gebeur. Dit is wanneer die werklike oes van hierdie werk ingesamel sal word.

DIE MALEÁGI BOODSKAPPER

Maleági beteken “*My boodskapper*”—God se boodskapper. Behalwe vir dit, verstrek die Bybel nie veel inligting omtrent hierdie profeet nie—nie eens sy vader se naam of geboorteplek nie.

Daar word in werklikheid DRIE BOODSKAPPERS in *Maleági* bespreek: DIE ENGEL VAN DIE VERBOND—JESUS CHRISTUS; DIE ELÍA BOODSKAPPER; EN DIE MALEÁGI BOODSKAPPER. Die laaste twee is menslik. So, *waar* het hulle in hierdie eindtyd verskyn en God se werk gedoen? Waar is die God van Elía vandag?

Maleági 1:1 meld: “Godspraak. Die woord van die HERE aan Israel deur die diens van *Maleági*.” Die woord *Godspraak* is van die Hebreeuse woord “*massa*” en beteken “hoofsaaklik ‘n verdoemenis, ‘n las, of ‘n vraag wat gedra word, of ‘n swaar of dreigende godspraak, of ‘n swaar vonnis.” Kyk na vers 2 en u kan onmiddelik die las sien. Die probleem is met geestelike Esau en geestelike Jakob. Dit is waarlik iets verskriklik; dit is ‘n las—‘n verdoemenis. God wil ons aandag trek sodat ons kan sien hoe dringend, hoe swaar en gewigtig dit is.

Vers 1 sê ookdat dit die woord van die HERE is, wat beteken dat dit OPENBARING VAN GOD is. Met ander woorde, iemand sal as boodskapper kom, met hierdie gewigtige *Maleági* boodskap, wat in werklikheid *God* se boodskap is. Net omdat ‘n mens dit bring, verminder dit geensins die krag en gewigtigheid daarvan nie! Dit is *God* se boodskap! Wanneer dit sê, godspraak *en* die woord van die HERE, beklemtoon dit ‘n *dubbele gesag*. Onthou, Elisa het ‘n dubbele porsie van God se Heilige Gees ontvang. Maak dit op God se werk, vandag, van toepassing, waar ons beide in mnr. Armstrong se era EN HIERDIE ERA met openbaring oorspoel is.

Die boodskap sal “deur *Maleági*,” of “deur die hand van *Maleági*”(sien Bybel kantnota) oorgedra word. *Een man* sal God se boodskap oordra. DIT SAL NIE DEUR ‘N KOMMITTEE

OORGEDRA WORD NIE. Een man was die fokus in die Filadelfia era: die eindtyd Elía. Een man is die fokus in die Laodicense era: die Maleági boodskapper—alhoewel meeste van die Laodiceërs nie eers daarvan bewus is nie. God praat van een boodskapper waaragter sy uitverkorenes staan en ondersteun, want *hulle weet* God staan agter *hom*.

Waarom behoort hierdie boodskap oor Esau so dringend te wees? Esau het sy geboortereg verloor. Hierdie mense gaan hul geestelike geboortereg verloor. Dit gaan oor geestelike ondergang. Dit gaan omtrent mense, soos Judas dit stel, wat “tweemaal gestorwe” sal wees (Judas 12). Hulle sal tweemaal sterf—wat die “tweede dood” insluit (Openbaring 20:14). Dit is nie iets om ligtelik op te neem nie.

VERKOOP HUL GEBOORTEREG

In Maleági 1:2, sê God vanuit die staanspoor, “Ek het julle liefgehad.” God het ‘n verbond van liefde met geestelike Israel gesluit. Waarom? Trek Hy iemand voor? Nee, Hy het ‘n bruid. En Hy wil hê dat daardie bruid, *geestelike* Israel, sy boodskap aan die hele wêreld moet oordra. Dit is haar taak. Dit is hoe Hy die hele wêreld sal bereik en *almal* die geleentheid bied om deel van sy Familie te word.

Die “*Companion Bible*” en die “*Anchor Bible*” verklaar beide dat hierdie verbondstaal is. Hulle verwys terug na Deuteronómium 7, waar dit Israel se uittog uit Egipte bespreek: God het hulle gekies om ‘n spesiale volk van priesters te wees om na die *hele wêreld* uit te reik. Hy het hulle met al daardie magtige wonderwerke uit Egipteland gebring, net soos ons ervaar het toe ons God se *geestelike* volk binnegekom het. God het ons uit die wêreld gebring, anders sou ons dit nooit gemaak het nie; ons eie geskiedenis sal ons verdoem as ons dit vergeet.

Dit is waaroor Deuteronómium 7 handel. ‘n Verbond is ‘n ooreenkoms tussen twee partye—in hierdie geval, God en geestelike Israel. God sê, *Ek het julle liefgehad* of *Ek het my verbond nagekom*. As ons *ons deel* van die verbond *nakom*, sal die seëninge op ons neerstort.

Let op, dit sê, “Ek het julle liefgehad, sê DIE HERE.” God is op die punt om die mees afgryslikste lot te bespreek, wat nog

ooit sy Kerk getref het, in terme van mense wat geraak word. Maar Hy lei dit in deur te verklaar, *Ek het julle lief! Bewys My nou, asseblief!* Hoe sê God dit vandag?

Lees hoe God se Laodicese kinders hierop reageer! “Waarom het U ons liefgehad?” Hulle wil alleen gelaat word. Wanneer ‘n seun die tienerstadium bereik, sal hy moontlik sê, *Pa, los my net uit!* Vaders wat hul seuns nie liefhet nie, los hulle net alleen. Maar as u werklik u seun liefhet, sal u hom nie alleen los nie.

God reageer deur Jakob en Esau te bespreek. Jakob en Esau was broers, dus gaan dit hier omtrent die familieverbond. Nadat God hulle herinner hoe baie Hy vir Esau en Jakob liefhet, sê Hy dan dat Hy Esau haat. Dit is verbondstaal; dit beteken dat die verbond verbreek is. WATTER VADER HET NIE SY EIE GESIN LIEF NIE? “[M]aar Ek het ESAU gehaat en sy gebergte ‘n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkelse van die woestyn prysgegee. As Edom sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal ons puinhope weer opbou—dan sê die HERE van die leërske dit: Laat hulle bou, Ek breek dit tog af; en die mense sal hulle noem: Grondgebied van goddeloosheid, en : Die volk waarop die HERE VERTOORND IS TOT IN EWIGHEID” (verse 3-4). Esau het sy familie se geboortereg vir ‘n KOMMETJIE SOP verkoop. Die Laodiceërs is ryk en met goed verryk. En tog, selfs al besit hulle al die rykdom en goedere in die wêreld en draai weg van God af, is hulle steeds besig om hul erfdeel te verkoop—hul pragtige toekoms as eerstelinge—vir ‘n kommetjie sop! God stel dit botweg. Ons boekie oor Obadja verduidelik die verskil tussen die Jakob en Esau Laodicense groepe.

Waar vers 3 meld dat hul erfdeel ‘n wildernis gemaak word en “aan die jakkelse [*drake—KJV*] van die woestyn prysgegee word,” gaan dit omtrent Satan—*die drake* of *DEMONE* van die wildernis—al word hy nie by die naam genoem nie. Al wat hulle ooit doen is om te vernietig. Nou het hulle ‘n houvas op *God se Kerk* en is besig om dit te verwoes. Daarom sal God alles wat hulle bou, verwoes. Hy sal dit afbreek! God is *vir ewig vertoornd* teenoor daardie mense. EN DIT IS IN DIE TEENSWOORDIGE TYD-HY HET ‘N EWIGE VERONTWAARDIGING. DIT BETEKEN DAT SOMMIGE VAN HULLE REEDS HUL EWIGE LEWENS VERLOOR HET! Jeremia 49:13 verklaar dat Edom “ewige” puinhope sal wees. Dis ‘n *aaklige* finaliteit.

Hoe *wonderlik* en *opwindend* is God se kennis nie. Maar as u teen God in opstand kom, is dit *gevaarlike* kennis, soos mnr. Armstrong so dikwels gesê het. Sommige van die Laodiceërs is reeds geskiedenis. Maleági 1:4, 14; 2:1-4; 4:5-6, praat van *DIE vloek*; Maleági 4:1 praat van “geen wortel of tak,” oftewel dit *alles verloor*. Deur Maleági, waarsku God oor ewige dood!

“En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: GROOT is die *HERE* oor die gebied van Israel” (Maleági 1:5). Dit handel oor die klein Maleági-oorblyfsel en God verklaar: die Ewige Here, ons Eggenoot, sal vanaf die grense van Israel vergroot word. Dit is ‘n eindelose visie. Ons Eggenoot sal verby die grense van Israel uitbrei. Jesaja 9:5-6 sê dat Sy regering en vrede *sonder einde* sal groei!

Indien u vandag u geboortereg vir al die rykdom in die wêreld verkoop, is dit steeds net ‘n kommetjie sop! God het gesien hoe Lucifer en die engele dit doen—hulle was gestuur om sy regering te administrateer en dan sou God hulle heerskappy oor die heelal gegee het, maar hulle het gefaai. God wil hê dat ons uit hul geskiedenis moet leer. Wat die engele moes doen, het nou die bonatuurlike potensiaal van *DIE MENS* geword. God poog om die Esau Laodiceërs te laat insien wat hul verloor het—hulle besig is om dit vir ewig te verloor! Dit is nie werklik iets groots om vir alle ewigheid dood te wees nie—u is net dood; sommiges sterf sonder enige hoegenaande pyn. *DIE PYN LÊ IN DIE BESEF VAN WAT U verloor!* God se heerlijkheid sal “vanaf die grens van Israel” gaan—daar sal *GEEN EINDE* daaraan wees nie. Besef Esau wat hy besig is om prys te gee? Hy is besig om sy geboortereg, om in die familie van God, gebore te word, te verloor.

“‘n Seun eer die vader, en ‘n kneg sy heer. As *Ek dan ;n vader is, waar is my eer?* En as ek ‘n Heer is, waar is die vrees vir My? ...” (Maleági 1:6). Onthou, dit het alles met u Vader begin. Hy het geëvalueer, geanaliseer en voorberei, moontlik vir etlike jare, voordat Hy u selfs geroep het. Dit het met Hom begin en nou gee Hy dit *ALLES* aan u.

GEBREKLIKE OFFERS

“Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdad julle sê: Die tafel van die *HERE* is veragtelik. En as julle ‘n blinde dier bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle ‘n

lam of ‘n siek dier bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goeweneur! Sal hy ‘n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die *HERE van die leërskaie*” (verse 7-8). Hulle offer verskriklike offers aan God. Hulle is steeds baie “goedsdienstig”; let op, hulle gee steeds offers. Maar hul offergawes is blind, lam en siek! Waar gebeur dit?

Vers 9: “Smeek dan nou tog die aangesig van God, dat Hy ons genadig kan wees! Sulke dinge is deur julle [*JULLE LERAARS*] gedoen—sal Hy dan om julle ontwil goedgesind wees? sê die *HERE van die leërskaie*.” God noem hulle spesifiek—*julle leraars*, dit is deur jul doen en late! Jesus Christus het nie vir hulle gesterf sodat hulle gebrekkige offers aan die groot God kan offer nie! Dit is nie waarom Hy na die aarde gekom en deur die mensdom mishandel is nie! Besef ons wat ons doen wanneer ons gebrekkige, ondergewig en swak offergawes offer? Kan ons nie genoeg krag opwek—deur gebed, Bybelstudie, vas en oordenking van Goed se Woord—om ons *beste* aan God te gee nie? *HY HET VIR ONS GESTERF!* Ons sou nie eers die geleentheid gehad het as Hy dit nie gedoen het nie. Daar is ‘n ongelooflike prys vir sonde. Moenie hierdie offergawes ligtelik opneem nie.

“Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deur wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie! *Ek het in julle geen welgevalle nie*, sê die *HERE van die leërskaie*, en in ‘n offer uit julle hand het Ek geen behae nie” (vers 10). Dit is die Eggenoot wat met die bruid praat. Dit is skandelik wanneer ‘n man sê dat hy geen behae in sy vrou het nie, weens dit tipe lewe wat sy lei. Dit skeur hom eenvoudig uitmekaar. Christus ly as gevolg van dit wat besig is om met sy vrou te gebeur! Dit is sy *bruid* wat so verskriklik onsedelik en opstandig teenoor Hom optree.

Ons moet by ons Vader bly—Hom eer en ewig getrou aan Hom wees! Vers 10 bespreek die leraars wat die deur moes sluit—wat moes opstaan to dinge begin afdwaal het! Maar hulle het niks gedoen nie. Daarom *SLUIT* God *DIE DEURE*—Hy weier selfs om ‘n offergawe van hulle te aanvaar!

OM GOD SE NAAM GROOT TE MAAK

Let op vers 11: “Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke

plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en ‘n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die HERE van die leërskaar.”

Het dit gebeur? Was daar ‘n man wat God se boodskap na die wêreld geneem het en die mense gewys het dat *God se Naam groot is*-en die waarheid in ELKE nasie aangebied het? Dit het *alreeds* gebeur! En nou is God omgekrap met hierdie leraars, want hulle vernietig dit!

God is besig om die man te prys wat die evangelie regoor die wêreld verkondig het, wat ‘n ambassadeur van vrede genoem was, wat alle dinge tot die Kerk herstel het. Hierdie man het filantropiese projekte in baie lande regoor die wêreld begin. Hy het ‘n wêreldberoemde konsertreeks by die “*Ambassador Auditorium*”, in Pasadena, Kalifornië, gevestig. Hy het “*Ambassador College*” by drie verskillende plekke opgerig—twee in Amerika en een in Brittanje.

Koning Leopold van België was só beïndruk met die Pasadena kampus, dat hy dit dikwels besoek het. Hy het so ‘n hoë dunk van mnr. Armstrong se bediening gehad, dat hy een van slegs vier horlosiekiestelle—gemaak van die oorblyfsels van ‘n kanonbal wat tydens die Eerste Wêreldoorlog gevuur was—aan hom oorhandig het. Koning Leopold se vader, Koning Albert, het die horlosiekiestelle laat maak om aan die vier mense, wat na sy mening die mees beduidende bydrae tot wêreldvrede gemaak het, te oorhandig. Hy is egter oorlede voordat hy ‘n vierde persoon kon vind, wat volgens hom, goed genoeg daarvoor kwalifiseer. Koning Leopold het dit aan sy vriend en “nie-amptelike ambassadeur vir wêreldvrede,” Herbert W. Armstrong, oorhandig.

Dit is indrukwekkend; en *God* was beïndruk! God het niks anders as die hoogste lof vir die eindtyd Elia, vir die werk wat hy vir Hom gedoen het!

Kyk in vers 12 wat gebeur het: “*Julle daarenteen ontheilig dit as julle sê: Die tafel van die HERE is verontreinig, en wat sy opbrings betref—sy spys is veragtelik.*” In die laaste jare van sy lewe, het mnr. Armstrong na meer konings as enige ander leier ter wêreld, gegaan. En hierdie mense het dit ontheilig en dit wat heilig was, vernietig. Hulle het die heilige werk van God geskend.

“En julle sê: Kyk, wat ‘n *moeite!* En julle *verag* dit...” (vers 13). Laat God se werk u vermoeid voel? Ons mag vir ‘n tyd, met beproewings en toetse, bedroef word, maar hierdie

mense is eenvoudig MOEG DAARVOOR OM GOD TE GEHOORSAAM! Hulle is uitgeput, want hulle het nie genoeg van die Gees nie—die goue olie—wat deur hul lewens vloei; en hulle is moeg daarvoor om God te gehoorsaam. Hulle het dit “verag,” wat beteken dat hulle God verag het. Hy neem dit persoonlik!

Lees verder in vers 13: “[E]n julle bring geroofde en lam en siek diere—so bring julle dan die offer! Kan Ek dit met welgevalle uit julle hand aanneem? Sê die HERE.” God weier om hul offergawes te aanvaar, omdat hulle *Maleági Se Boodskap* en *Geheimenis van die Eeue* verag. Maar hulle verag nie net ‘n klein groepie mense nie—HULLE HET ‘N PROBLEEM MET GOD! Dit is ‘n stryd wat hulle gaan verloor.

Vers 14: “Vervloek is ook die bedrieër wat, terwyl daar onder sy kleinvee ‘n manlike dier is, ‘n gelofte doen en tog iets wat vermink is, aan die HERE offer, want Ek is ‘n groot Koning, sê die HERE van die leërskaars, EN MY NAAM IS GEDUG ONDER DIE HEIDENE.” Wie het dit so gemaak? *The Book of Revelation Unveiled at Last*, “Who and What is the Prophetic Beast?”, “Where Are We Now in Prophecy?”, *Geheimenis van die Eeue*—hierdie was almal boeke wat hoog in aanvraag was! *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* alleen, was na meer as 5 miljoen mense gepos. Mnr. Armstrong het die naam van God gedug gemaak onder die Heidene. Die hele wêreld sal rekenskap gee vir die kennis wat hy beskikbaar gestel het, of hulle dit nou besef of nie. God vra aan die Laodiceërs, *besef julle nie dat Ek ‘n groot Koning is nie? Besef julle nie dat Ek die HERE van die leërskaars is nie?* Ons is die Godfamilie in embryo, ons dien ‘n groot Koning—die Here van die leërskaars! Hy sal ons vanaf die hoofkwartier, heerskappy oor die hele heelal gee! Begryp ons waarvan God praat? Dit is ‘n visie wat die Laodiceërs verloor het; hulle is blind. God is omgekrap met daardie mense, want toe hulle leraars geword het, was hulle deur God in ‘n amp *aangestel*, om die werk te dien en om u te dien. Hulle het ‘n spesiale verhouding met God gehad. Nou het hulle dit opsy geskuif en tree op asof hulle nie weet dat God ‘n groot Koning is nie. God probeer om ons geestelik, buitekant die aarde se wentelbaan te kry, sodat ons net soos ‘n vuurpyl in die heelal kan opstyg. En die tragedie is nie dat hierdie mense fisies sal ly nie, die tragedie is dat hulle dit gaan verloor—hierdie wonderlike toekoms en hierdie ontsaglike beloning!

Dit is nie iets wat God aan mense sal gee, wat nie werklik die *beste in hul besit*, wil offer nie! Sommige dink dat hulle kan bid terwyl hulle half aan die slaap is. Maar God stel nie belang in daardie *gebreklike* offer nie. Hy verlang on *beste*. Hy is 'n majesteuse Koning, die Here van die leërskaie.

God het probeer om met hierdie hardkoppige mense te redeneer. Hy het 'n boodskapper gestuur om *Maleági Se Boodskap* oor te dra, sodat hulle kan aanhou om hul manjifieke Koning te eer. As ons nie hierdie boodskap stuur nie, het hulle geen geleentheid om dit te doen nie! En dan sou *ons* die Laodiceërs beroof!

Maar baie van hulle hou aan om met God terug te praat: "Vermetel is julle woorde teen My, se die HERE. Maar julle vra: Wat het ons onder mekaar teen U gespreek?" (*Maleági* 3:13). Dit blyk dat hulle nie met woorde bereik kan word nie; daarom plaas God hulle eenvoudig in die buitenste voorhof, waar Hy hulle later, in die Verdrukking, sal probeer bereik.

"Julle het gesê: Dit is TEVERGEEFS om God te dien, en wat BAAT dit ons om sy verordening te onderhou en in *rouklere* voor die aangesig van die HERE van die leërskaie te wandel?" (Vers 14). Hulle doen nie werklik God se werk nie, want vir hulle is dit tevergeefs. En as gevolg daarvan loop hulle treurend rond. Maar God verlang dat ons ware vreugde moet hê. As ons treurend deur die lewe gaan, dan is iets verkeerd; dan gebruik ons nie daardie Gees soos ons moet nie. Ons hoort meestal op 'n *geestelike hoogtepunt* te wees. Natuurlik het ons beproewinge en mag ons by tye neerslagtigheid baklei, maar die Laodiceërs het 'n treurige LEWENSWYSE. Hulle erken dit selfs.

Hoe sou die lewe gewees het, indien u VOLKOME toegewyd en VOLKOME onderdanig aan God sou wees? Dink net wat in u lewe sou plaasvind. Ons is sondaars, ons struikel en maak foute. Maar God verlang dat ons daardie geestelike pyp skoonmaak en die *goue olie* laat *vloei*—sodat die ware Gees van God ons lewens sal regeer. Laat ons enige hindernisse wat die vloei kan stop, uit die weg ruim.

NEEM DIE VISIE IN

Bedank ons God ooit, soos ons moet, vir *alles* wat Hy ons gegee het? Hy het ons ALLES gegee. AL die openbaring. En Hy het ons nog meer daarvan gegee, omdat Hy wil hê dat ons

moet BESEF wat mnr. Armstrong gedoen het. Hy verlang dat ons, as sy mense, weet wat Hy van mnr. Armstrong dink en die werk wat hy met behulp van God se inspirasie verrig het. Hy wil ons inspireer, want as ons hierdie visie *werklik* inneem, SAL ONS DIT NOOIT PRYSGEE NIE.

Vers 12 verklaar: “En *al die nasies sal julle gelukkig prys*, omdat julle die land van welbehag sal wees, sê die HERE van die leërskaer.” Die tyd sal kom wanneer die wêreld sal weet van die geboortereg en sal sê, *sjoel Julle mense was waarlik geseënd*. Almal in die wêreld sal na die bruid van Jesus Christus kyk en sê, *julle was werklik geseënd*. Want daar sal nooit weer in alle ewigheid ‘n ander bruid wees nie. Rig u gedagtes daarop! Moet dit nie vir ‘n kommetjie sop verruil nie!

“Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is ‘n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer” (vers 16). Die uitverkorenes dink oor God se *regering*. Hierdie mense praat gereeld met mekaar en God hoor dit. Hy sien daardie vreugdevolle, vriendelike mense met mekaar praat en hoe hulle mekaar deur hul beproewings help. Hulle vrees God net soos Levi dit gedoen het.

As ons aan die deur van die Laodiceërs klop en hierdie boodskap na die wêreld neem, sal God ons op sy hoofkwartiertroon laat sit (Openbaring 3:20-21). As ons oorwin, soos Christus oorwin het, sal Hy ons hierdie beloning gee. Dit is ‘n geleentheid vir alle ewigheid van ons Eggenoot! Christus nooi sy bruid persoonlik uit om by hoofkwartier te sit, waar die Laodiceërs nie toegelaat sal word nie. Die meeste van God se mense vandag, het nie oorwin nie, maar God maak steeds hierdie belofte aan u.

Wat ‘n inspirerende toekoms! Wat ‘n beloning vir daardie getroue paar mense wat gewillig is om die werk van ons Eggenoot in hierdie eindtyd te doen!

Hoofstuk 9

Die Hoop van die Evangelie

DIT IS 'N HARTSEER TYD VIR GOD SE KERK VANDAG. WEENS DIE Laodicese opstand, is die stank van geestelike dood oral om ons. God sê dat mense in hierdie eindtyd geestelik sterf (2 Thessalonicense 2). Die meeste van God se mense weier om God se familie visie te verkondig. Hulle het die visie verloor, die hoop van die evangelie. “Waar daar geen openbaring (visie) is nie, word die volk bandeloos...” (Spreuke 29:18).

Die Apostel Paulus, wat met die Laodicese probleem in die eerste eeu moes handel, het ons 'n weg gegee, om te verseker dat ons nie van hierdie geestelike visie, wat God ons gee, afdwaal nie. “[A]s julle ten minste GEGROND en vas bly en julle nie laat afbring van die HOOP VAN DIE EVANGELIE nie, wat *julle gehoor het* en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel, waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het (Kololssense 1:23).

Die evangelie is die goeie nuus van die KOMS VAN DIE FAMILIE VAN GOD, wat die REGERING VAN GOD IN DIE WONDERLIKE WÊRELD VAN MÔRE SAL ADMINISTRATEER. Ons moet GEGROND en vas wees in die hoop van daardie toekoms-die hoop van die Godfamilie.

Paulus het verklaar dat al die Kolossense en Laodiceërs in die eerste era, hierdie evangelie *gehoor* het. Hy het gewaarsku dat hulle rekenskap daarvan sou moes gee. Ons het dit ook gehoor. Hierdie is gevaarlike inligting. Ons kan nie weghardloop en voorgee dat dit nie gebeur het nie, soos

God se eie Laodicense Kerk probeer doen nie. God hou ons vir elke woord verantwoordelik.

DIE GEHEIMENIS DEUR DIE EEUE HEEN VERBORGE

“Dit is die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort” (vers 26—Afr. Nuwe Vertaling). ‘n Geheimenis was, deur die eeue heen, van die wêreld verberg. Die wêreld verstaan dit nie; hulle verstaan nie wat Paulus aan die Christene van die eerste eeu geleer het nie—die geheimenis waaroor ons vandat praat. Daar is net een boek wat die geheimenis van God verduidelik. En wie verkondig hierdie geheimenis? Wie wil in werklikheid die geheimenis eens hê? Dit is “GEOPENBAAR AAN SY HEILIGES” (1953 Afr. Vertaling).

Waar het daardie boodskap vandaan gekom? Oor *Geheimenis van die Eeue*, het mnr. Armstrong gesê, “In werklikheid, voel ek dat ek dit nie self geskryf het nie.” Dit is God Self, wat hierdie geheimenis aan sy mense bekend gemaak het. Waarom het Hy dit aan ons bekend gemaak? Sodat ons ‘n groot voorraad van daardie boek in ons motorhuis kon hê? Of op ons boekrakke? God het die antwoord op daardie vrae.

Paulus het oor hierdie geheimenis gepraat terwyl in die tronk was. Op daardie tydstip was leraars besig om die meeste van God se mense van die waarheid af weg te draai, net soos hulle vandag gedoen het. Begryp watter tragedie dit is: *Hierdie geheimenis was vir eeue lank verborge!* Vir 6 000 jaar het die mens dit nie verstaan nie. Om dit in werklikheid aan ons openbaar te hê en dit te kan verstaan, is heeltemal *uniek!* In hierdie bese wêreld, het God ons die meeste toegeligste openbaring gegee—die diepste openbaring wat die mens kan begryp. Dit het nie van Herbert W. Armstrong af gekom nie. DIT HET VANUIT DIE KOSMOS—ANDERKANT DIE STERRE EN STERRESTELSELS—GEKOM! (En tog, wanneer God se mense dit ontvang, laat so baie van hulle toe dat Satan dit eenvoudig van hulle af wegneem. Hulle begeer dit nie genoeg om daarvoor te baklei nie.)

Mense het, deur al die eeue of geslagte heen—tot so ver terug as Adam en Eva--nie hierdie geheimenis verstaan nie. Tog, sal

hulle dit binnekort alles verstaan. GOD HET DIT AAN ONS OPENBAAR SODAT ONS DIT AAN HULLE KAN LEER—vandag en in die toekoms.

Let nou op vers 27: “aan wie God wou *bekend maak* wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus [in—Afr. Nuwe Vert.] julle, die hoop van die heerlijkheid.” GOD MAAK DIE GEHEIMENIS AAN SY HEILIGES BEKEND, SODAT HY DIT DAN AAN DIE HEIDENE BEKEND KAN MAAK! GEESTELIK, BETEKEN DIT DIE HELE WÊRELD.

Herbert W. Armstrong was opdrag gegee om die “grootste moontlike gehoor te bereik” met *Geheimenis van die Eeue!* God het ons opdrag gegee om daardie doelwit te voltooi, ná mnr. Armstrong se dood.

Dit is ‘n groot profesie oor ons werk—selfs in hierdie eindtyd. Soos die *Laodiceërs van hierdie geheimenis wegdraai, maak ons dit aan die Heidene bekend.* Diegene wat dit bekend maak, is die enigste mense wat werklik verstaan wat God hulle beveel om te doen.

Hierdie werk sal voortgaan tot in die Wêreld van Môre, waar *Geheimenis van die Eeue*, deur Herbert W. Armstrong, ‘n vername handboek in al die opvoedkundige instellings sal wees. Op enige tydstip, wanneer hierdie geheimenis in die verlede geopenbaar was, het God verlang dat sy uitverkorenes dit aan die Heidene bekend moet maak. Dit is waarom God dit openbaar. Hy openbaar dit nie sodat ons net daarna kan sit en kyk of self geniet nie. Dit is vir die *hele wêreld!* God sal die *hele wêreld* in sy familie inbring. Hy doen nie al hierdie werk tevergeefs nie! Hy het ons hierdie geheimenis gegee en Hy sê ons het dit *gehoor* en is daarvoor verantwoordelik. ONS IS VIR ‘N GROOT HOEVEELHEID KENNIS VERANTWOORDELIK! Daar is geen manier om dit te ontvlug nie! *Ons is verantwoordelik om die boodskap oor te dra*, of bloed sal op ons koppe wees. Binnekort sal DIE HELE WÊRELD ons klaskamer wees om onderrig in *Geheimenis van die Eeue* te gee. Wat ‘n verantwoordelikheid!

Die van ons wat hierdie boodskap vandag ondersteun, het ‘n spesiale visie wat die meenste van God se mense—*tot hul eie skande*—nie het nie.

Hoeveel van die Laodiceërs sal vir *Geheimenis van die Eeue* in die hof baklei? Paulus was in die tronk OMDAT HU HIERDIE BOODSKAP VERKONDIG HET! Hy was *in die tronk*, besig om God se mense te probeer inspireer en aan te moedig oor

die groot geheimenis wat die mens deur al die eeue heen, nie van bewus was nie!

Nou het die *“Philadelphia Church of God”* dit. Die Laodiceërs is so verward, so dwaas, so opstandig; hulle laat toe dat Satan dit van hulle af wegneem. As hulle net sou opstaan en daardie boodskap liefhê, sal niemand ooit in staat wees om dit van hulle af weg te neem nie. Solank as wat daar ‘n werk is om te doen, sal ons worstel om *Geheimenis van die Eeue* vrylik uit te gee. As mense hul teen ons verset, *verset hulle hul teen die groot God, hul Skepper!* Hulle sal ‘n groot prys daarvoor betaal!

Die Kolossense in die eerste eeu, het *saam met Paulus* baklei—die Laodiceërs het hom *teëgestaan*. So is dit ook vandag. Die Filadelfiërs veg *vir* die waarheid wat mnr. Armstrong ons geleer het, terwyl die Laodiceërs òf niks doen, òf hul daarteen verset.

Ons gesindheid teenoor *Geheimenis van die Eeue* openbaar heelwat omtrent ons bekering. Dit openbaar baie omtrent uself. Ons het almal die geheimenis *gehoor*. Niemand kan aan God se openbaring vashou as hulle nie *OPSTAAN EN BAKLEI* soos enige seun vir sy vader behoort te baklei nie. Moenie mislei word nie: God sal toelaat dat die vyande dit van u af wegneem as u dit nie liefhet nie! En ons sal geestelik sterf as ons nie hierdie waarheid liefhet nie.

Jesus Christus wil nie ‘n bruid hê, wat sê, *Geheimenis van die Eeue—ek kan dit vat of los—nie Nee*, Hy wil ‘n bruid hê wat sê, *die enigste ding om te doen is om dit te vat, dit oor te dra en dit aan al die Heidene te verkondig, want dit is my werk—om dit hele wêreld in te samel*.

Hoeveel gee ons *werklik* vir *Geheimenis van die Eeue* om? Hoe graag wil u dit verkondig en hierdie opgewondenheid aan die wêreld gee? Dit was deur *ALLE EEUE HEEN* vir die wêreld verborge! Ons moet dit onder die Heidene bekend maak. In beginsel, is dit op *AL* mnr. Armstrong se literatuur van toepassing. God beveel ons om dit *aan die wêreld bekend te maak*, om hulle die geleentheid te bied om God te leer ken en te weet waaroor hierdie geheimenis gaan! Dit is *“Christus in julle, die hoop van die heerlijkheid.”* As *CHRISTUS IN ONS WOON*, SAL ONS *sy waarheid LIEFHÊ EN daarvoor baklei*.

Christus in u is die hoop van die heerlijkheid! Hoeveel is Christus in u? Wel, hoeveel *HOOP* het u? Ons behoort met

hoop gevul te wees. Ons het almal meer daarvan nodig. Ons leef in 'n wêreld wat met verloop van tyd al hoe meer hopeloos word. Hierdie wêreld het hoop nodig en daar is net een hoop: "Christus in julle, die hoop van die heerlijkheid." Ons moet soos Christus dink. Hoeveel van ons denke is aan Hom onderworpe (2 Korintheërs 10:5)? Ons moet almal daarin groei.

ONS IS DIE FAMILIE VAN GOD IN EMBRIO. Wat 'n visie! Jesus Christus het vir hierdie wêreld gesterf—en God het sy eniggebore Seun gegee—om hierdie hoop aan die wêreld te bring, om die mensdom se ongelooflike potensiaal te ontwikkel.

ELKE MENS

"Hom verkondig ons, terwyl ons *elke mens* vermaan, en *elke mens* in die wysheid onderrig, om *elke mens* volmaak in Jesus Christus voor te stel" (Kolossense 1:28). Is dit u nommer een doelwit om te help om elke mens volmaak in Jesus Christus voor te stel?

Hierdie vers toon dat God se werk in 'n bepaalde volgorde plaasvind. Eerstens, sê dit, *ons verkondig*, wat beteken om *eenvoudig en openlik of luidkeels te verklaar*. Mnr. Armstrong het dit as 'n getuie aan die wêreld gedoen. Dan sê dit dat ons *vermaan* (waarsku); dit is wat ons in hierdie fase van die werk doen—om die wêreld te waarsku. Natuurlik sal hierdie dinge ook tegelyketyd plaasvind. Maar hier het ons dit in hierdie volgorde gelys.

Ná die verkondiging en die waarskuwing, dan ONDERRIG ons *elke mens*—die hele wêreld word ingesamel, man vir man, vrou vir vrou, kind vir kind.

Dit is God se familievisie van die toekoms. Eendag sal ons ELKE MENS bereik! Dit moet een vir een gedoen word. Dit is waar u in die prentjie kom. In die Wonderlike Wêreld van Môre, sal u mense raad gee, onderrig en lei. U sal hulle ook waarsku wanneer hulle die verkeerde weg kies. U sal hulle baie duidelik oor die geheimenis van God leer—die Godfamilie visie, of die evangelie.

Ons sal waarsku en onderrig totdat elke mens geleer is. En dan sal ons daardie program na die heelal uitneem. Wat 'n manifiefieke visie is dit nie! Hoe kan ons toelaat dat so 'n visie verlore gaan? Ons word KINDERS VAN GOD genoem! Wat

‘n roeping het God ons gegee! Wat ‘n profetiese plan openbaar God hier in Kolossense!

ARBEI VANUIT DIE GEVANGENIS

“[W]aarvoor ek *arbei en stry* volgens die werking wat in my werk met krag” (vers 29). Paulus het *vanuit die gevangenis* gewerk. Paulus se teenstanders het ongetwyfeld gedink dat hulle hom finaal stilgemaak het, toe hulle hom in die tronk gegooi het. Maar hoe verkeerd was hulle nie! Hy het selfs harder gewerk! Hoekom? Want hy het geweet dat dit God se mense sou roer. Hulle het geweet wie Paulus was. En hulle het so hard as moontlik vir die werk van God gearbei, terwyl Paulus in die tronk was.

DIE ONDERRIG VAN VAN DIE GEHEIMENIS VAN DIE EEUE, HET PAULUS IN DIE TRONK LAAT BELAND. Kan u uself dit voorstel? Sy geskrifte was gekanoniseer om ‘n groot deel van die Bybel uit te maak—14 boeke. ‘n Groot deel daarvan het reg vanuit die tronk gekom. Paulus het iets geweet wat die wêreld nie van bewus was nie. Alhoewel hy in die gevangenis was, het hy geweet dat sy boodskap **VERDER AS DIE AARDE** sou uitkring. Hy was fisies ‘n gevangene, maar nie geestelik nie.

Die feit dat Paulus ‘n *gevangene* was, openbaar baie omtrent hierdie wêreld. Hulle verstaan nie werklik wat hulle aan Paulus gedoen het nie. Tog, eendag sal *hulle* **VEROORDEEL** word en sien. Ewe skielik sal hierdie hoop in hul verstand begin oplewe en hulle sal geïnspireerd, ontroerd en opgewonde wees. Hulle sal ongetwyfeld baie trane stort-veral diegene wat Paulus laat opsluit het en hom later gedood het. Eweneens, is daar vandag baie Laodiceërs wat vrylik trane sal stort oor die dinge wat hulle van mn. Armstrong sê—as hulle hul bekeer en dit in God se familie maak.

“Want ek wil hê dat julle moet weet watter groot stryd ek oor julle het, en oor die wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie” (Kolossense 2:1). Waaroor het Paulus ‘n groot stryd gehad? Oor die Geheimenis van die Eeue! Dit was ‘n stryd met God se eie mense. Terwyl Paulus in die tronk gesit het, was leraars daarbuite besig om God se groot apostel te verrai—het hulle in dwaalleer betrokke geraak en gesê dat hý die pad byster geraak het.

Ons het ons eerste hofgeding oor *Geheimenis van die Eeue* gewen en die “Worldwide Church of God” het daarteen geappelleer. Toe het ons na die Hooggeregshof van die VSA geappelleer. As Paulus die stryd in die gevangenis gestry het, kan ons verseker in die hof aanhou veg. God sê dat hierdie werk gedoen moet word—hierdie wêreld moet gewaarsku word.

Die tragedie van die Kerk, in die eerste eeu, sowel as die tragedie van die Kerk vandag, is dit: Al die vuilwerk is VAN BINNE af gedoen. Net soos Paulus in die eerste eeu, is mnr. Armstrong se arbeid verag. Baie afskuwelike dinge is oor mnr. Armstrong gesê. Wie sit agter die alles?

Die getroue Kolossense het *saam met* Paulus gewerk en ons behoort vir die waarheid wat God aan mnr. Armstrong gegee het, te werk. As ons Christus in ons laat woon, weerspieël ons daardie heerlikheid. Ons kan nie teen daardie geheimenis opstandig, of selfs onpartydig wees nie. Ons kan nie sê, *ek glo nie dat ons in hofgedinge in hierdie wêreld betrokke moet wees nie*. Wat sê God? Wat het ons gehoor?

Dit is nie ‘n maklike boodskap om te ontvlug nie. Soos mnr. Armstrong herhaaldelik gesê het, DIT IS GEVAARLIKE KENNIS. IS DIE FEIT DAT 95% VAN GOD SE MENSE GEESTELIK STERF, NIE ‘N BEWYS DAARVAN NIE? Tog hoort ons daarna te *smag en hard te werk om dit te kry*. U sal vind dat u inspanning grootliks beloon te word.

GEESTELIKE RYKDOM

“Dat hulle harte vertroos mag word, deurdt hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle *rykdom* [die ware rykdom] van die volle versekerheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus” (vers 2). DIE GEHEIMENIS HET TE DOEN MET DIE VADER EN CHRISTUS EN DIE FAMILIE VAN GOD. DIT GAAN OOR U GEBOORTE IN DAARDIE FAMILIE.

Die Laodiceërs eer nie hul *Vader* nie. As hulle maar net *Geheimenis van die Eeue* saam met ons wou oordra, sal hulle hul Vader en hul Eggenoot—die hele familie van God—eer. Hulle sal *al* hierdie rykdom hê. Maar hulle is met fisiese dinge betrokke—hulle is *ryk en het verryk geword met goedere of dinge* (Openbaring 3:17). Hulle weet nie meer wat ware, geestelike rykdom is nie.

Paulus het gepraat oor hoe welgesteld hy was, hoe ryk hy was terwyl hy in die tronk was. Hy het ontsaglike visie gehad. Sou u so inspirerend kon wees as u in die tronk was? Dit is maklik om hierdie woorde te lees. Maar kan ons Paulus se pyn voorstel en voel? Hierdie ondervinding het werklik met hom gebeur! Ons moet voorbereid wees vir wat ookal God ons toelaat om te verduur. Hoe werklik is die feit, dat u die familie van God in embrio is, vir u? So werklik soos dit vir Paulus was?

“Dit sê ek dat, sodat niemand julle mag verlei met drogredes nie” (Kolossense 2:4). Daar is altyd iemand in die rondte wat weet hoe om woorde bedrieglik te gebruik. Net die uitverkorenes sal nie deur verleidelike woorde van God weggelei word nie. “Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging” (verse 6-7). Wees *gewortel en bevestig* in hierdie hoogadellike visie, so diep, dat niemand u ooit daarvan kan wegneem nie. Dit, is wat u deel van die uitverkorenes maak! U is soos ‘n reuse eikeboom met diep wortels wat geen storm kan wegwaai nie.

EK GLO DAT DIT DIE ONDERWERP IS WAARIN ONS VANDAG DIE SWAKSTE IS IN DIE “*PHILADELPHIA CHURCH OF GOD*”—DIE GODFAMILIE VISIE.

Ons is die *familie van God*. En ons behoort ‘n liefde te hê waarvan die wêreld geen kennis dra nie. Ons moet ‘n groot hartstog en begeerte hê om met hierdie visie gevul te wees, om meer daarin *gegrond* te word. Daar is storms op die horison. Storms soos die wêreld nog nooit gesien het nie. Wanneer dinge te sleg word, weet ons dat God sy uitverkorenes na ‘n plek van veiligheid sal neem vir beskerming, maar ons moet in staat wees om die beproewings voor daardie tyd te deurstaan.

ONS GESINNE EN HUWELIKE WEERSPIËL HOE GOED ONS HIERDIE VISIE VERSTAAN. As albei partye in ‘n huwelik dit verstaan, behoort hulle die beste huwelik ooit te hê! Hulle moet *albei* daarin gegrond wees—dit neem twee om in ‘n huwelik te werk en in die gesin, om seker te maak dat dit *God* se visie weerspiël.

“Pas op dat niemand julle as buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering

van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie” (vers 8). “Eerste beginsels van die wêreld” beteken hier *regerende geeste van die heelal*. Satan verlei so dikwels deur mense wat groot, filosofiese, kundige aanbiedings gebruik ten einde mense weg te draai. Dit is hoe hy die Laodiceërs verlei. Aan hulle was *geopenbaar* wat ‘n *geheimenis* vir die mensdom was—regdeur sy geskiedenis; en steeds is hulle meer geïnteresseerd in filosofie en sielkunde! Die regerende geeste van die heelal het hulle bygekom. God sal binnekort ‘n einde daaraan maak!

“En nie vashou aan die Hoof nie, uit wi die hele liggaam deur gewigte en verbindings ondersteuning ontvang en *saamgebind* word en so met goddelike groei groot word” (vers 19). Kry ‘n sterk houvas op die Hoof—Jesus Christus. Hy is die Hoof van die “*Philadelphia Church of God*.” Hy behoort die Hoof van die Laodiceërs te wees. Ons klou aan die Hoof vas, sodat ons “*saamgebind*” kan wees. Ons is almal familie—almal in een familie deur Christus saamgebind.

‘N DEUR VAN DIE WOORD

“Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir *obns die deur van die woord* mag open om te SPREEK VAN DIE VERBORGENHEID VAN CHRISTUS, waarvoor ek in boeie is” (Kolossense 4:2-3). Hoe besielend! Paulus het gesê dat hy in die tronk was, omdat hy hierdie geheimenis verkondig—en terselfdertyd het hy God gevra om ‘n deur te open sodat die geheimenis selfs nog meer verkondig kan word! Hierdie groot man van God was in die gevangenis en sy DRINGENDSTE VERSOEK aan God se mense was om vir ‘n oop deur te bid sodat hulle die geheimenis aan die hele wêreld kan verkondig.

Hoe is daardie vir moed? Hoe ‘n positiewe gesindheid is dit nie, te midde van beproewing? Paulus het iets gesien, met ‘n hartstogtelikheid wat min mense al ooit gesien het. Nogtans was hy menslik. Hy het hulle versoek om sy boeie te onthou (vers 18)—om hom in hul gebede te onthou.

Miskien was Paulus besig om ‘n groter werk *in* die gevangenis te verrig as wat hy *daarbuite* sou doen, want dit het so baie mense geroer, wat die Kerk meer krag gegee het. Daar

was ‘n REDE waarom God dit gedoen het. Soms sal God tot die uiterste gaan om sy mense te beweeg, omdat hulle sy FAMILIE is. Hulle is die elite van hierdie aarde. Die meeste van God se familie vandag, het dit vergeet!

Soos Paulus in die gevangenis, moet ons deurdruk en selfs MEER doen soos die tye moeiliker word. As ons laat slap lê in hierdie stryd, sal ons beproewinge ons begin onderkry. Dit is die visie wat ons ontvang, deur God se werk te doen, wat ons in staat stel om die beproewinge, wat oor ons pad in hierdie wêreld sal kom, te verdra.

Hier is die beloning wat ons nie sal wil vergeet nie. Kolossense 3:4 meld, “Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, *dan sal julle saam met Hom in HEERLIKHEID geopenbaar word.*” Ons sal eendag in heerlijkheid saam met God verskyn. Dit is nie ‘n klein beloninkie nie. Dink en bid daaroor.

DIE WREEDSTE EINDE

Soos ons reeds in die vorige hoofstuk gedek het, begin die boek van Maleági met die bespreking van ‘n ernstige familietwis, wat in tragedie eindig. Dit is waarskynlik die hartseerste begin van ‘n boek in die Bybel. Let nou op die einde.

“Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie” (Maleági 4:5-6). Dit verwys na ewige lewens wat in hierdie eindtyd verlore gaan. (Skryf vir ‘n gratis eksemplaar van *Maleági se Boodskap* vir verdere verduideliking). Hy praat van baie leraars wat hul ewige lewens sal verloor. Dit is die einde van die boek.

Let op: Waarom sal die Laodiceërs dit alles verloor? Wel, daardie verse praat van die hart van die vaders wat na die kinders teruggebring word en die harte van die kinders na hul vaders. DIE LAODICEËRS SAL VIR EWIG STERF, OMDAT HULLE DIE GODFAMILIE VISIE VERLOOR HET!

Dit is ‘n swaar boodskap om te aanvaar. Ons moet die Laodiceërs waarsku hoe rampspoedig hul einde, fisies en geestelik, sal wees, as hulle hul nie bekeer nie. Dit hoef nie so bitter te wees nie! God het dit *alles* vir ons uitgelê!

“Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge” (vers 4). *Onthou die wet*. Bring die verordeninge in daardie vergelyking in; daar word verordeninge in elke era gemaak. So, DIT BETEKEN DAT U DIE REGERING VAN GOD EN DIE WET VAN LIEFDE MOET HÊ, AS U DIE GEHEIMENIS GAAN ONTVANG.

Wie het ons daardie wet geleer? Wie het ons die regering geleer? Ons moet *onthou*. Ek kan nie aan ‘n enkele verordening dink, wat mnr. Armstrong gemaak het, wat die *PHILADELPHIA CHURCH OF GOD* sedert sy dood in 1986, verander het nie. Natuurlik, nuwe verordeninge is op die ou verordeninge gebou. Ons *almal* moet ons aan hierdie wonderlike wet en regering van liefde onderwerp, wat dit vir God moontlik maak om ons met geestelike manna te voed. Dit is die enigste manier om die geestelike brood te kry. Die *enigste* manier. Ons moet dit dieper as enigiets anders verstaan.

DIE FAMILIENAAM

“Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is ‘n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer” (Maleági 3:16). Watter naam is dit? Dit is *Elohim*—die familienaam. Die uitverkorenes het oor die Godfamilie naam gedink.

“En hulle sal My tot *eiendom* [meer noukeurig, *spesiale besitting of familie*] wees, sê die HERE van die leërskaar, op die dag wat Ek skeep, en Ek sal met hulle medelye hê soos ‘n man het met sy *seun* wat hom dien” (vers 17). God herinner ons aan sy familie wanneer Hy Homself vergelyk met ‘n man wat sy seun spaar. Hy sal sy *familie* beskerm teen dit wat oor die aarde gaan kom. Die Skrif profeteer, nietemin, dat dit ‘n kernkrag verdrukking sal verg om die meerderheid van God se mense wakker te maak, omdat hulle nie nou God se wet en regering van liefde, wil aanvaar nie.

Alles is op die grondslag van hierdie Godfamilie visie gebou. Hierdie visie onderskei tussen Filadelfiërs en Laodiceërs. Die Laodiceërs is seuns, ja—maar opstandige seuns. Die Filadelfiërs is daardie seuns met wie God weltevrede is. In Openbaring 3, praat Christus regstreeks met die Laodiceërs:

“En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getoue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God ... Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur die vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die SKANDE van jou naaktheid nie openbaar nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien” (Openbaring 3:1, 17-18). Christus sê dat sommige van God se mense baie blind is—’n veragterlike geestelike toestand. Hy praat van die tyd waaring ek en u nou leef.

“Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en *bekeer* jou” (vers 19). God bestraf en tugtig ons, want soms is dit presies wat ons nodig het. Maar Hy doen dit altyd in liefde. Hy poog altyd om ons tot bekering te bring.

“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom *maaltyd* hou, en hy met My” (vers 20). Hierdie handel oor die eet van geestelike voedsel. Christus wil aan dieselfde tafel as sy geestelike familie aansit vir ete!

“Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het” (vers 21). Christus noem sy Vader, want die Laodiceërs se grootste probleem is dat hul gedagtes op *goeters*, in plaas van God, gevestig is. Hulle geestelike vader, die fisiese hoof van God se Kerk, mnr. Armstrong, het vir 28 jaar in die ergste soort armoede geleef—waartydens hy gesê het dat hy en sy vrou nog nooit vantevore so *geestelik* RYK was nie. Watter swaar beproewinge moes hy verduur. Maar hy het die Godfamilie visie gehad. Hy het die Vader gesien. Hy was aangegryp en opgewonde om Hom te ken—om te weet dat hy ‘n seun van God genoem kan word!

Ons is seuns van God! Die God anderkant die sterrestelsels—wat die heelal geskep het—Hy is die GOD wat ons Sy SEUNS noem!

Ons moet hierdie visie in groter diepte verstaan, dan sal ons meer as ooit deur God geïnspireer word. “Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê” (vers 22).

KONTAK INLIGTING

Om die Philadelphia Church of God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

Besoek ons webwerf: www.pcog.org

In Noord-Amerika, kan u ons tolvry skakel:
1-800-772-8577

POSADRESSE WÊRELDWYD

Verenigde State: Philadelphia Church of God, Posbus 3700, Edmond, OK 73083

Kanada: Philadelphia Church of God, Posbis 400, Campbellville, ON L0P 1B0

Karibiese Eilande: Philadelphia Church of God, P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

Brittanje, Europa, Midde-Ooste: Philadelphia Church of God, Posbus 900, Northampton, NN5 9AL, Engeland

Afrika: Philadelphia Church of God, Posbus 2969, Durbanville, 7551, Suid-Afrika

Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande:
Philadelphia Church of God, Posbus 375, Narellan, N.S.W. 2567, Australië

Nieu-Seeland: Philadelphia Church of God, Posbus 6088, Glenview, Hamilton 3246

Fillippyne: Philadelphia Church of God, Posbus 52143, Angeles City Poskantoor, 2009, Pampanga

Latyns-Amerika: Philadelphia Church of God, Aandag: Spaanse Departement, Posbus 3700, Edmond, OK 73083, Verenigde State

